
Jaargang 2020/2021
ISSN 1018–0710

# DOLOS

## Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV





Ons eer twee persone wat diep spore getrap het

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Inhoudsopgawe


Redaksionele brief ... 3

Ontlaeringkongres, 16 en 17 Januarie 2020 ... 4

Verruim jou horisonne en word deel van die gesprek in en met die Departement Afrikaans & Nederlands, Duits en Frans ... 5

- Voorgraadse opsies ... 5
- Kortleerprogramme ... 6
- Nagraads en kreatiewe skryfkuns ... 6
- Gemeenskapsbetrokkenheid ... 6

Verskeie boeke uit die geledere van Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans sien die lig ... 6

Kamphoer na Frans vertaal ... 8

Studente-bedrywighede ... 9

- Werkswinkel vir senior studente ... 9
- Internasionale taaleksamen, Certifikaat Nederlands als vreemde taal ... 10
- Gesellig Afrikaans, aanleerderskursus ... 11

Populêre lesingreeks ... 12

Die jaar waarin ons twee gewaardeerde en geliefde oudkollegas verloor - Ons eer proff. Klaus von Delft en Jaap Steyn ... 13

Bydraes deur kandidate vir keuring vir die M.A. in Kreatiewe Skryfwerk 2020 ... 14

- Nagereg – Cindé Greyling ... 14
- Uitkoms – Rencia van Blerk ... 20
- Soos 'n finale keuse – Pieter Verster ... 30

2021-bydraes ... 39

- Die pad na Rooibult – Mercia Coetzee ... 39
- Draaipunt – Somari van Heerden ... 48
- Poison Ivy – Lynthia Julius ... 55
- Die voor- en nadele van ryloop – Natie Botes ... 60
- J(hoo-hoo)lia – Zelda Brits ... 75






dolos

## Redaksionele brief



Voor: Lize Botha, agter van links na regs: Marelize Pretorius, Isabel Mostert, Angelique van Niekerk, Ida Meiring en Petronella Bango

Die bydraes vir *Dolos* word deur die departementshoof en die departementele sekretaresse geïntegreer uit die departementele nuusbrokkies soos ontvang van ons kollegas en studente. Kollegas is dus almal medeskrywers aan die dagboek van die departement. *Dolos* is die departementele nuustydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans aan die UV gebundel word.

In Maart 2020 is die departement ook onderwerp aan 'n eksterne oudit onder leiding van Markus Arnold (UCT), Adri Breed (NWU), Willie Burger (UP), Neil van Heerden (UNISA), Andries Visagie (US) en Undine Weber (Rhodes). Die besonder positiewe verslag het kollegas weer opnuut aangemoedig om voort te woeker.

Die ingeslote foto is van die permanente steundienspersoneel, die groot rede waarom die wiele van die departementele bus *aldoor* draai.

Geniet *Dolos 2020/2021* wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Lekker lees!

*Ida Meiring, Angelique van Niekerk en kollegas*



# Ontlaeringkongres, 16 en 17 Januarie 2020

**Herverbeel van die pedagogiek van Afrikaanse letterkunde**

In opvolg van die eerste reeks Ontlaeringaangeleenthede by die Universiteit van Pretoria en Noordwes-Universiteit, wat produktiewe gesprekke oor die wisselwerking tussen Afrikaanse letterkunde, pedagogiek en burgerskap(pe) ten doel gehad het, is ’n kollokwium op 16 en 17 Januarie 2020 op die Qwaqwa-kampus aangebied met die transnasionale pedagogiek van Afrikaanse letterkunde as tema.

Teorieë rondom literêre transnasionalisme bied kritiese terminologie vir die bespreking van die veranderende verhoudinge tussen beide nasionale letterkundes (Jay, 2010), en tussen nasionale letterkunde(s) en globaliseringstrominge (Morgan, 2017). Beide hierdie sienswyses word onderlê deur ’n bewuswording dat literêre sisteme nie meer knus binne die grense van die nasie-staat ondersoek kan/moet word nie. Hierteenoor word sulke sisteme eerder gesien as organies en veelvuldig en as ’n netwerk wat voortdurend reageer op sosio-politiese en kulturele strominge en bewegings. ’n Bruikbare definisie van transnasionalisme is: die punt waar “two or more geo-cultural imaginaries intersect, connect, engage with, disrupt or conflict with each other in literary form” (Morgan, 2017:14).

Vrae en onderwerpe wat onder bespreking was, sluit in: Watter uitgangswaarde en beperkinge onderlê huidige konseptualiserings van transnasionalisme? Hoe (en waarom) manifesteer die transnasionale in die onderrig van Afrikaanse letterkunde? Wat word gewin, en verloor, in die vergelykende studie of onderrig van Afrikaans en X? In watter mate verkeer Afrikaans in produktiewe spanning met Suid-Afrikaanse letterkundes in Engels, Xhosa, Zulu, en ander? Wat is die voortdurende rol van literêr-kulturele organisasies soos die SAVN, NKN?



Foto: Dr. Mathilda Smit en mede-organiseerders van die Ontlaeringkongres in 2020.

In 2021 is die Ontlaeringkongres aanlyn aangebied met hoofsprekers Antjie Krog, Andries Coetzee en Michael le Cordeur, met poësievoorlesings deur Pieter Odendaal en Lynthia Julius. Die tema van die 2021-kongres was: *Gewortelheid: die onderrig van Afrikaans in spesifieke ruimtes*.

**Bronne:**

Jay, Paul L. *Global matters: The transnational turn in literary studies*. Cornell U P, 2010.

Morgan, Peter. “Literary transnationalism: A Europeanist’s perspective.” *Journal of European Studie*s vol. 47, no. 1, 2017, pp. 3–20. DOI: https://doi.org/10.1177/0047244116676685.

## Verruim jou horisonne en word deel van die gesprek in en met die Departement Afrikaans & Nederlands, Duits en Frans

Die departementele oudit van 2020 het kollegas genoop om weer bestek op te neem oor dit waarmee ons besig is. Niemand stry daaroor dat Afrikaans die laaste klompie jare onder groot druk verkeer nie, maar die afdeling Afrikaans en Nederlands in die groter Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV bruis voort met vele akademiese en gemeenskapsinisiatiewe. Die positiewe ingesteldheid van studente én kollegas verras trouens gereeld.

### Voorgraadse opsies

Op voorgraadse vlak bestaan die bekende Afrikaans en Nederlands-kursus steeds; ’n addisionele taalkursus (niemoedertaal) word reeds jare aangebied. Vanaf 2019 word ’n Gespreksafrikaanskursus (*Conversational Afrikaans*) vir persone met geen voorkennis van Afrikaans ook vir voorgraadse studente aangebied. Die departement hoop om ook op die manier positief verder by te dra tot meertaligheidsinisiatiewe aan die UV.

### Kortleerprogramme

#### Gesellig Afrikaans

Daar word naas die akademiese kursusse ook al die afgelope 15 jaar ’n kortleerprogram buite kantoorure vir volwassenes aangebied. Die kursus *Gesellig Afrikaans* word elke semester aangebied vir o.a. internasionale studente, besoekende dosente en navorsers en belangstellendes uit die publiek. *Gesellig Afrikaans* word sedert 2017 ook volledig aanlyn aangebied met die hulp van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns sodat persone in ander wêrelddele (sonder amptelike kontaktyd) ook Afrikaans kan aanleer.

#### Nederlands

Belangstellendes buite die departement se studentepoel kan ook inskryf vir ’n Nederlandse taalverwerwingskursus (semester-module in die tweede semester) om Nederlands aan te leer met die oog op die internasionale Nederlandse taaleksamen, *CNaVT*.

’n Soortgelyke kortleerprogram (KLP/SLP) vir Frans bestaan ook in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans.

Die departement is een van enkeles in Suid-Afrika waar studente voorberei word vir die internasionaal erkende eksamen van die Nederlandse Taalunie (*Certificaat Nederlands als vreemde taal, CNaVT*). Hierdie eksamens word jaarliks in Mei by die departement afgelê en aansoeke sluit jaarliks reeds einde Februarie. Studente (met die nodige taalkompetensie in Nederlands) wat presteer in die tweede-, derdejaar en honneursmodules kry ook elke jaar die geleentheid om Nederlandse winterskole in Suid-Afrika en *Zomercursussen* in Nederland en België by te woon.



**Frans Kortleerprogram**

Kort leerprogram

Die Afdeling Frans skep in 2017 'n kortleerprogram vir aanleerders van Frans as vreemde taal. Sedert die stigting van die nie-kredietdraende program, het die Afdeling reeds talle studente ingeskryf waarvan een later met die programkursus voortgegaan het.

Deur die kortleerprogram word gepoog om Frans as vreemde taal beskikbaar te maak vir die groter publiek wat nie belangstel om vir 'n vol kursus aan die Universiteit in te skryf nie.

### Nagraads en kreatiewe skryfkuns

Benewens navorsingsgerigte MA-verhandelinge en PhD-proefskrifte word 'n gestruktureerde MA en PhD in Kreatiewe Skryfkuns, onder leiding van twee bekende skrywers, nl. Henning Pieterse en Francois Smith, ook aangebied. Die kreatiewe MA-kursus is gerig op (aspirant-)skrywers en literêre vertalers wat 'n manuskrip onder deskundige leiding wil voltooi. Hoewel die vernaamste oogmerk hiervan die ontwikkeling van 'n lewensvatbare en publiseerbare manuskrip is, is dit ook 'n volledig akademiese kursus waarvoor kandidate teoretiese modules op magistervlak moet slaag. Aansoeke sluit jaarliks 30 Oktober en meer besonderhede is op die departementele webblad te vinde.

### Gemeenskapsbetrokkenheid

Die departement is ook trots op die rol wat hy vervul om die taal en letterkunde en verwante dissiplines vir die breër gemeenskap toeganklik te maak. Twee keer per kwartaal word populêre lesings (normaalweg op 'n Vrydag om 12:00) deur kundiges ook buite die departement aangebied oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat verband hou met die taal- en letterkunde; personeel vorm aktief deel van die beplanning en aanbieding van veral ook die literatuurfees tydens die Kunstefees in Julie hier in Bloemfontein. Nederlands-, Duits- en Franstalige filmaande word deurlopend elke maand vertoon.
Die departement beskik oor 'n uitgebreide vriendelys wat gereeld via e-pos inligting en uitnodigings ontvang. Enige persoon wat graag die inligting wil ontvang, kan hul besonderhede deurgee aan mev. Marelize Pretorius, pretoriusm6@ufs.ac.za.
Vir verdere inligting oor enige van die aktiwiteite kan belangstellendes skakel met mev. Ida Meiring, 051 401 2816 of 'n e-pos stuur aan prof. A van Niekerk: vnieka@ufs.ac.za

## Verskeie boeke uit die geledere van Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans sien die lig

Te midde van die Covid-pandemie wat byna die hele land tot stilstand gebring het, kon daar steeds in 2020 drie boeke vanuit die geledere van Afrikaans en Nederlands verskyn. Die boeke ter sprake is *Die kleinste ramp denkbaar* deur Francois Smith, *Weerlose Meganika* deur Anton Roodt en *Luistervink* deur Madré Marais. 'n Boekbekendstelling vir die drie boeke is in November 2020 gehou en prof. Henning Pieterse het met die skrywers oor hul werk gesels. Marais en Roodt het onlangs hul MA-graad in kreatiewe skryfkuns voltooi en hul boeke is 'n resultaat van dié gesogte kursus. Dr. Smith het in die Covid-tyd sy boek binne drie maande voltooi.
Volgens prof. Pieterse is dit opvallend dat al drie boeke op 'n sekere regime wys en nie noodwendig die



wit regime nie. “In Francois se boek vind ons ‘n ontheemding, ‘n vervreemding. Ook in Madré se boek in die kortverhaal *Brandoffer*, met die hoofkarakter wat in Londen is. In Roodt se satiriese roman het die hoofkarakter ook sy bes gedoen om in en aan te pas by ‘n nuwe situasie, maar dit gaan nie goed met hom nie”.  Al drie die boeke sinspeel op ontheemding en vervreemding.



Francois Smith, Madré Marais en Anton Roodt met hul boeke wat in 2020 gepubliseer is.

Ook in 2020 verskyn die eerste digbundel van die prof. Jerzy Koch, navorsingsgenoot van die departement.  Die bundel, *Pleks van plaas,* ontlok goeie resensies en word hoog aangeskryf deur resensente in Suid-Afrika.




In 2021 verskyn nog ‘n boek van Francois Smith, *Die getuienis*. Resensente en die leserspubliek ontvang ook hierdie boek met entoesiasme en sê o.a. “ Smith se kortste ook sy knapste” en “ Die boek is stilweg, maar beduidend ambisieus. Dis ‘n elegante en fyn afgewerkte vertelling.”
Ook in 2021 verskyn Robert Schall se kreatiewe vertaling van die Duitse digter, Jan Wagner, se gedigte, met die titel *Wat ek van klippe weet*.


Hierdie boeke ontvang die volgende erkennings: *Weerlose Meganika* word beloon met die Jan Rabie-Rapportprys en was ook op die kortlys vir die KykNet-Rapportprys: film; *Luistervink* haal die kortlys vir die Eugene Maraisprys en die UJ-debuutprys; die *Kleinste ramp denkbaar* haal die kortlys vir die Mnet-Rapportprys vir fiksie, Jan Rabie-Rapportprys en ATKV-prosaprys en *Die getuienis* was naaswenner in NB se groot Afrikaanse roman-wedstryd.

## *Kamphoer* na Frans vertaal

*Fille à soldats* is die Franse titel van dr. Francois Smith se bekroonde boek, *Kamphoe*r. Prof. Naomi Morgan, een van net drie vertalers wat direk van Afrikaans na Frans kan vertaal, het in 2021 die Franse vertaling van hierdie bekende boek die lig laat sien. Haar eie belangstelling en voorliefde vir die Boere-oorlog, haar taalvaardigheid en kennis as vertaler het meegewerk tot 'n baie besondere vertaling.

Volgens prof. Morgan is vertaling in Suid-Afrika en in Afrikaans geen maklike taak nie, maar wel 'n fassinerende proses. Vertaling verg besondere vaardighede aangesien vertalers gewoonlik na hul moedertaal vertaal (anders as wat met die vertaling van *Kamphoer* gebeur het). Afrikaans beskik oor unieke frases en woorde en juis dit maak vertaling vanaf Afrikaans na Frans baie moeilik. Een van die groot uitdagings met hierdie vertaling was byvoorbeeld die feit dat die hoofkarakter, Susan Nell, soms uit die Nederlandse Statebybel (geskryf in sewentiende-eeuse Nederlands) aangehaal het.

Prof. Morgan sê sy vertaal die hele tyd. "Dit is deel van my werk om studente daaraan te herinner dat daar 'n loopbaan in literêre vertaling is. Volgens my is daar 'n direkte skakel tussen lesings oor literêre vertaling en die proses wat tot publikasie lei." Sy sê dat die ure van harde werk uiteindelik die moeite werd is omdat meer mense 'n boek kan lees as dit vertaal word. Vertaling werk ook mee daartoe dat persone groter begrip kry vir mekaar se kulture.




Voorblad van die Franse vertaling van *Kamphoer*.



Prof. Naomi Morgan



# Studente-bedrywighede

## Werkswinkel vir senior studente

Die opleiding en toerus van senior studente is 'n hoë prioriteit vir lede van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. In Mei het dr. Riana Barnard, oud-uitgewer en tans bedryfsanalis/sake-analis met die studente gepraat oor *Boeke vandag.* Sy het veral klem gelê op die geskiedenis van die gedrukte boek en die uitdagings van 'n kontemporêre uitgewer (in 'n digitale era wat gekenmerk word deur veranderende verbruikersbehoeftes en -gedrag).

By dieselfde geleentheid het mnr. Charles Smith, nuusredakteur by Media24, gepraat oor die demokratisering van die mediakanale en hoe dit in die praktyk uitspeel. Hy het ook inligting  gegee oor die vryheid van spraak,  fopnuus, ondersoekende joernalistiek en die digitale transformasie binne die nuuswêreld.



Dr. Riana Barnard en mnr. Charles Smith: aanbieders van die

werkswinkel vir senior studente.

## Internasionale taaleksamen, Certifikaat Nederlands als vreemde taal

Vanweë Covid is die 2020 CNaVT-eksamen eers vroeg in 2021 geskryf, terwyl die 2021-eksamen verskuif is na laat in 2021. Nege UV-studente het suksesvol deelgeneem aan die 2020-eksamen en 8 kandidate het die 2021-eksamen afgelê en geslaag.

Die 2020-kandidate: Madenique van Wyk, Hanro Cloete, Janika Labuschagne, Chané Venter, Marizaan Krige, Anika Oosthuizen, Nerine Truscott, Wiehann du Plessis, and Carine de Vries.



Die 2021-kandidate: Madenique van Wyk, Hanro Cloete, Janika Labuschagne, Chané Venter, Marijda Kamper, Leopold Freschow, Jaco Spies en Falko Buschke





**Gesellig Afrikaans, aanleerderskursus**

Omdat toegang tot die kampus baie moeilik was tydens die Covid-tyd, kon die Gesellig Afrikaans-kursusse in 2020 en 2021 nie aangebied word nie. Die kursus is wel as 'n loodsprojek vir studente van die Mediese Fakulteit aangebied. As deel van hierdie projek kon 5 studente die Gesellig Afrikaans 2- kursus suksesvol voltooi.




Van links na regs: Refiloe Julia Nyapholi, Ndivhuho Netsianda, Retshidisitswe Connie Mohapi, Alison Stander (Fasiliteerder), Disego Mitchel Mashego en Lungani Almighty Mlungwana.

## Populêre lesingreeks

Vroeg in 2020 het die bekende akteur, regisseur, draaiboekskrywer en dosent by die Departement Dama en Toneelkunde, Chris Vorster, 'n boeiende lesing gelewer oor *Frans Marx: akteur, skrywer, regisseur, vervaardiger en leuenaar.* Hy het 'n voëlvlugperspektief op die lewe en werk van Franz Marx verskaf. Sy film- en televisiewerk is alombekend, maar dis sy werk agter die skerms wat hom een van die mees invloedryke kunstenaars in Suid-Afrikaanse televisie maak. "Jack of all trades" kan gerus maar in Afrikaans vertaal word na "Franz van alle ambagte". Is Marx die mees invloedryke kunstenaar in die Suid-Afrikaanse TV-sepie?

Ook in 2020 het dr. Egonne Roth, dosent en outeur van 'n biografie van die Joods-Afrikaanse digter Olga Kirsch 'n lesing gelewer oor die skryfwerk van Olga Kirsch**.** In hierdie lesing is die skryf van *Olga Kirsch: 'n Lewe in gedigte*, Egonne Roth se biografie van die Joods-Afrikaanse digter Olga Kirsch (1924-1997) belig, vanaf die kiemsel-idee tot die voltooide produk.

In 2021 het Jerzy Koch, professor in die Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies in die Fakulteit Engels, Adam Mickiewicz-Universiteit, Poznan, Pole en navorsingsgenoot van Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV) sy eerste Afrikaanse digbundel, *Pleks van plaas*, in 'n gesprek by die UV bekendgestel. Hy het 'n gesprek gevoer met prof. Henning Pieterse oor hierdie bundel, asook oor die literatuurgeskiedenis wat hy voltooi het.



Prof. Jerzy Koch en prof. Henning Pieterse

## Die jaar waarin ons twee gewaardeerde en geliefde oudkollegas verloor - Ons eer proff. Klaus von Delft en Jaap Steyn

Op 28 Augustus en 6 September afsonderlik ontvang ons die hartseer nuus van die afsterwe van prof. Klaus von Delft en prof. Jaap Steyn – beide geliefde en gerespekteerde oudkollegas van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans.

Prof. Von Delft was hoof van die voormalige Departement Duits en later afdelingshoof van Duits binne die groter Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Klaus von Delft is in 1937 in Stutterheim gebore en het sy vroeë kinderjare (1939-1949) in Duitsland deurgebring. Na sy studies volg ʻn universiteitsloopbaan waartydens hy ʻn reuseaandeel gehad het in die lewens van duisende studente.

Hy was ʻn knap navorser, puik dosent wat altyd beskikbaar was vir studente, ʻn onvermoeide yweraar vir Duits in die sekondêre onderwys, koormusiek in Duits, ensovoorts. Ook in die bestuur van die fakulteit het hy ʻn groot rol gespeel as ewewigtige en billike beoordelaar van projekte. Ons eer die nagedagtenis van ʻn man wat met integriteit geleef en gelei het.

Prof Jaap Steyn se kollegas het nie net ŉ kollegiale verbintenis met hom gehad nie, maar ook ŉ vriendskaplike verhouding. Ons *vier* dus ook prof Jaap Steyn se bydrae in Afrikaans en sy nalatenskap as mens. Jacob Cornelius Steyn se verbintenis met die UV strek oor vele dekades. Hy begin sy studie in 1956 aan die UOVS en daarna volg ŉ loopbaan in die joernalistiek. Sy vermoë om Afrikaans as taalinstrument in te span is verfyn as redaksielid van *Die Volksblad* (1959-1964) en hoofredaksielid van *Rapport* (1974-1975). Hy sit sy nagraadse studie (1964-1967) in die Nederlande voort en behaal ŉ Drs. Litt. *cum laude* aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam. Hy het in 1985 teruggekeer na die UOVS.
ŉ Kreatiewe fase het (tussen 1975 en 1991) gevolg. In die tyd verskyn die bundel *Grammatika van liefhê* – ŉ bundel in vernufpoësie – en verskeie prosawerke, bv. Dagboek van ʻn verraaier, *Die verlore vader*, *Hoeke boerseuns ons was,* ens.
Prof. Jaap Steyn se besorgdheid spesifiek wat minderheidstale betref, blyk uit die verskyning van die boek *Tuiste in eie taal* (1980). Naas vier monografieë verskyn daar net meer as tagtig geakkrediteerde artikels in vaktydskrifte uit sy pen.
Aan die einde van sy akademiese loopbaan het prof. Jaap Steyn hom onderskei as biograaf met die biografieë van onder andere NP van Wyk Louw en MER toe hy ŉ ereprofessor in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die UV was.



# Bydraes deur kandidate vir keuring vir die M.A. in Kreatiewe Skryfwerk 2020

## Nagereg – Cindé Greyling

Sal sy? Haar vinger huiwer op die spyskaart. Nie haar gewone gunsteling nie. Dis ʼn eenvoudige Franse nagereg. Romerig en soet, met ʼn gekaramelliseerde bolaag. Baie mense bestel dit daagliks by restauranttafels wêreldwyd sonder om twee keer te dink. Maar vandag is dit vir haar meer as net ʼn poeding. Heelwat meer. So, sal sy?

Die wyn in Melissa se mond gaan lê doodstil. Droog en vrank, ver agter op haar tong. Sy sal moet sluk sodat sy iets kan sê, of darem net vir die lyf langs hulle tafel kan glimlag. Snaaks dat sy nou so sukkel, sy is eintlik ʼn spesialisslukker – Dawid se kritiek, haar ma se gekerm, haar baas se origheid. En dis net die eerste drie items op haar ellelange sluk-lys. Dit sal soveel makliker wees om die wyn in die glas in terug te spoeg. Of dalk sommer in ʼn boog oor die tafel, siende dat Dawid reeds weer ʼn onsigbare snotbolletjie tussen sy duim en voorvinger begin rol het, en wag dat sy moet reageer. Vroeër vanmiddag, toe sy die e-pos gekry het, het sy gewonder of sy vir hom daarvan moet vertel. Wat sou erger wees? Aangeplakte lofsang, of weggesteekte minagting? Uiteindelik, het Melissa beide gekry. En hier sit hulle nou. Sy sluk.

"Dankie," sê Melissa nog effens hees van die goedkoop 2018-oesjaar wat soos asyn in haar keel af brand. Urgh. Net om doodseker te maak alles is in, druk sy die wit papierservet saggies teen haar mond voordat sy opkyk en glimlag.

"Ek het dit glad nie verwag nie!" Dawid lag en hou sy glas omhoog vir die restaurantbestuurderes by hulle tafel wat speel-speel saam klink. "Melissa is baie gelukkig."

Bedoel hy bly-gelukkig of voorspoedig-gelukkig? Want sy was lanklaas enige een van die twee. Melissa lig haarself effens uit die stoel uit en draai haar kop skuins vir ʼn amper-Europese geluk-sê-drukkie met die vrou wat langs hulle tafel staan. Omdat hulle gereeld hier eet, is hulle eintlik eerder vriende as kliënte. Isra bestuur die plek vir haar Libanese pa, Carlos, wat in die laat sewentigs as jong sjef in Suid-Afrika begin werk het. Later het hy sy eie restaurant in hierdie middelklas-voorstad begin, en deesdae maak sy jongste dogter seker dat gaste weer en weer terugkom. Soos Dawid en Melissa, amper elke Vrydag. En dan nou vandag. Dinsdag.

"Wel, dis seker ook hoog tyd!" sê Dawid voor hy sy glas te hard op die tafel neersit. ʼn Klein bietjie wyn skommel uit, en die vlek kruip stadig oor die donkerrooi tafeldoek. Hy sien dit nie eens raak nie.

Melissa wonder hoeveel vlekke daar al onder die lap lê? ʼn Restaurant is eintlik ʼn morsige plek. Klomp skoene wat allerhande goed in die matte intrap. Kort-kort ʼn ander stel boude wat die stoele kom warm sit. En dink net al die monde waarin elke vurk al was. Op die oppervlak lyk alles skoon en luuks, maar is dit?



Drie jaar gelede het Dawid ook so ’n mooi beeld voorgehou. Sjarmant, bedagsaam. Alles waaroor ’n enkellopende vrou van diep in haar dertigs lankal ophou droom het. Trouens, Melissa was in daardie stadium eintlik maar net op soek na ’n hond om haar op die res van haar lewenspad te vergesel. Of darem vir ’n gedeelte daarvan. Toe Dawid op die toneel verskyn, was haar ma so opgewonde oor die vooruitsig van ’n moontlike mens as lewensmaat vir haar, dat sy selfs ’n terroris sou goedkeur. “Wat ’n vangs!” het haar ma in ongeloof uitgeroep nadat sy hom ontmoet het. Sy was besig om die oordadige bos blomme wat hy vir “die mooiste vrou op aarde se ma” saamgebring het, in ’n pot te druk. “Jy moet klou, sussie,” het haar ma sameswerend gefluister, “sulke mans kom nie aldag oor jou pad nie!”

Gelukkig nie, dink Melissa nou.

“Ek kan nie glo ’n beroemde skrywer eet in ons restaurant nie!” sê Isra opgewonde terwyl sy haar arms vol goue armbande hoog oplig. Haar rok is amper dieselfde rooi as die tafeldoek. Isra pas hier. In hierdie restaurant met sy ou, donker tafels en nuutgeverfde mure. ’n Plek waar gister en vandag op ’n gemaklike manier ontmoet, sonder dat een wen of verloor.

“Nog nie beroemd nie,” keer Dawid vinnig. Melissa maak haar mond nog ’n keer vol met die slegte wyn. En sy sluk.

“Aaaggg, dis net ’n kwessie van tyd,” verdedig Isra en waai Dawid se aanmerking met haar hand weg. “Hoe werk die hele storie?” vra sy vir Melissa terwyl sy haar gewig na haar regterbeen verskuif, sodat haar linkervoet so half skeef voor haar uitpunt.

“Kortliks,” som Melissa haar prestasie op, “betaal hulle my om ’n boek te skryf.”

“Die Jan-ou?” Dit lyk asof Isra die man se van wat sy probeer onthou in die lug wil raakgryp.

“En sy vrou. Maar ek dink dis meer Marjorie se geld.” Melissa is mal oor Isra se vrymoedigheid om dom te klink.

“Natuurlik is dit die vrou!” Isra lag en gee haarself ’n klop op die skouer. “Wat doen sy?”

“Sy’t geskilder en Jan het geskryf, maar hulle is al dood. Dis net die naam van die beurs ...”

“Jan Ellis en Marjorie Wallace-skrywersbeurs,” tjip Dawid kortaf in.

Melissa lig haar wenkbroue om sy aandag te probeer trek. Hy kyk anderpad. Hoekom op aarde het hy vir Isra van die beurs vertel? Hy kan nie eers die naam reg onthou nie, en dit klink beslis nie asof hy iets goeds daaroor te sê het nie.

“Ag shame, man.” Isra lyk regtig hartseer. “En die kinders?”

“Ek weet nie ...” antwoord Melissa vinnig voordat Dawid weer iets simpels kan sê. “Ek weet nie of hulle kinders gehad het nie.”

“Siestog!” Isra druk met haar hand op haar bors, asof sy haar intense gevoelens oor hierdie vreemdelinge van wie sy pas gehoor het, probeer onderdruk.





Vir die grootste gedeelte van die laaste drie jaar het Melissa dit ook gedoen, haar gevoelens onderdruk. Haar waaksaamheid en ongerief geïgnoreer. Want wat as dit haar heel laaste kans was? Wat as sy nooit, ooit weer iemand sou kry wat bereid is om met ʼn verlore siel soos sy opgeskeep te sit nie?

Aan die begin het Dawid so ʼn paar keer vir haar gesê sy is mooi. Sexy. Lekker. Sulke tipe goed. Deesdae is dit amper asof hy dit verkies dat sy al meer ongesiens deur die lewe gaan. Hy verkies haar klere meer, haar grimering minder, en haar stem stiller. Om te keer dat ander mense dink sy is ʼn lawwe ou vrou, verduidelik hy. Oud. Is een-en-veertig oud? Melissa loer na ʼn dowwe weerkaatsing van haarself in die restaurant se ruit teen die donker buitekant van die nag. Vroeër vanaand, terwyl sy voor die spieël reggemaak het om uit te gaan, wou-wou ʼn ou vuur in haar opvlam. Soos toe sy op skool haar roem en sukses oor en oor voor haar spieëlkas geoefen het. Borsel in die hand.

“Melissa,” sou sy met die borsel voor haar mond in ʼn diep stem vra, terwyl sy haar een boud vorentoe op die stoeltjie draai. “Baie geluk met die wegholsukses van jou nuutste boek.”

Dan het sy boude geruil en normaal gepraat: “Dankie.”

Ruil. “Hoewel jy seker al gewoond is daaraan, elkeen van jou boeke is ʼn treffer.” Diep stem.

“Ek skryf nie regtig vir die sukses nie, maar om die stories te vertel.” Gewone stem.

“Is dit waar dat hulle nou ʼn fliek van jou boek gaan maak?” Diep stem.

“Ja, Hollywood stel belang.” Gewone stem.

Terwyl sy so besig was om boude te ruil en die borsel na haar ander hand toe te verskuif, was daar ʼn kwaai klop aan die deur. Soos amper elke liewe keer wanneer haar ma kon hoor sy is nie besig om te leer nie.

“Ja?” het sy geïrriteerd gevra. En ook soos elke keer het haar ma twee tellings gewag voordat sy die kamerdeur oopstoot. “Jy moet leer, Melissa. Stop hierdie nonsensspeletjies van jou en leer.”

“Ja, Ma,” het sy soos gewoonlik geantwoord, ʼn boek nader getrek en op haar bed se laslappiedeken neergeval wat haar ma vir haar uitgekies het. Eendag, het sy toe gedink, sal sy net kan skryf.

Isra se armbande klingel toe sy weer haar arms oplig. “Oooeeee, ek wou nog altyd ʼn skrywer word ... Dis so romanties!”

“Hoekom probeer jy nie?” vra Dawid. “Kan nie te moeilik wees nie.” Hy knipoog vir Melissa, maar sy weet hy maak nie ʼn grap nie. Nes haar ma, dink hy skryf is minderwaardig. Armoedig. Sinloos. Hy spog gereeld daarmee dat hy nog nooit in sy lewe ʼn boek deurgelees het nie. Ook nie eens op skool nie.

“Never!” keer Isra. “Dit het my drie dae gevat om die twee sinne op die spyskaart uit te dink. Ek sal dood wees lank voordat die boek klaar geskryf is!”

“Gelukkig het jy ander talente,” troos Dawid kamma.



Isra hoor hom nie, haar aandag is elders. "My gunsteling neef!" roep sy en trek 'n aantreklike, donkerkop man aan sy arm nader. "Dis so jammer 'n mens mag nie binne jou eie familiegrense trou nie, nè, Chris?" terg sy en vou haar arm styf om hom.

Melissa probeer oogkontak met die man vermy en speel met haar wynglas se steel. "Ken julle mekaar?" wil Isra weet en beduie tussen Chris en die tafel.

"Nog nie," antwoord Chris galant en steek sy hand uit. Hy ruik vir haar soos sederhout. Duur en subtiel.

Melissa voel hoe haar foon in haar handsak vibreer. Dankie tog. Wie dit ook al is, sy gaan die oproep neem. "Verskoon my," vra sy en beweeg 'n entjie weg met die foon teen haar oor. Sy kyk net eenkeer vinnig terug na die tafel toe.

"Wie was dit?" wil Dawid weet toe Melissa 'n rukkie later weer kom sit nadat Isra en haar neef geloop het.

"Chris?"

"Nee, man. Wie 't gebel? So laat. Is iets fout?" Dawid se wysvinger tik so 'n paar keer teen sy leë glas.

"O," Melissa kyk na die foon wat sy steeds vashou, "my pa. Dit was my pa."

"Alles reg?" Dawid leun oor die tafel om die wynbottel nader te trek.

"Piekfyn."

"Is sy knie al beter?" Hy skink die laaste bietjie wyn in sy glas.

"Ek dink so. Hy het niks gesê nie." Melissa grawe in haar handsak rond op soek na lipstiffie. Sy smeer vinnig 'n vars laag aan.

"Waar is hy nou?"

"Wie?" Melissa se stem is hees, asof haar keel toetrek.

"Waar is jou kop?"

"Wat bedoel jy?" Haar mond is kurkdroog.

"Jou pa. Waar is jou pa? Dis wat ek gevra het."

"O," haar skouers sak effens, "sê dan so."

"Goeie, hel, Melissa?"

"Ek weet nie, oukei. Ek weet nie. Namibië, dink ek. Ek's nie seker nie. Ons het so vinnig gepraat, hy is op die lughawe." Melissa druk haar foon terug in haar handsak. Trek die zip toe. Sy voel duiselig en lam. Kon hulle nie maar eerder by die huis gebly het nie? Sy het nie vanaand krag vir Dawid se kak nie. Nie. Nou. Nie.  Asem in ... asem uit ... Diep.



Dawid kyk haar stip aan, met twee van sy vingers wat dwars teen sy mond druk. Hy lyk soos ’n speurder in ’n swak aksie-fliek wat probeer toneelspeel.

“Jammer,” sy glimlag vir hom, “dalk te veel wyn?” Sy strek haar arm vooruit en vee saggies met haar vingerpunte oor Dawid se voorarm. Dit werk.

“Nou, toe dan,” sê Dawid en sit terug in sy stoel. “Kies vir jou ’n nagereg.”

Toe Melissa vroeër die dag vir Dawid van die beurs vertel het, het dit hom vir ’n oomblik onkant gevang. Eers toe hy doodseker gemaak het dat dit nie regtig aan sy standaarde vir ’n puik prestasie voldoen nie, het hy opgewonde geraak en voorgestel dat hulle dit gaan vier. Dit besef Melissa nou eers. Sy het besluit om niks meer van haar planne met hom te deel nie, en het hom gelukkig ook nie vooraf vertel dat sy ingeskryf het nie, of nie hoekom nie. Dit was nog altyd haar groot geheim. Net haar storie om te vertel.

Vir jare al spook daardie enkele ontmoeting by haar. Die trant van daardie kort, gejaagde gesprek. Sy het soms gewens dat Dawid die tipe mens was met wie sy dit kon bespreek. Net iemand vir wie sy kon vertel. Kon vertrou. Al was sy hóé verlief op hom, het sy nooit gemaklik genoeg gevoel om heeltemal oop kaarte met hom te speel nie. Die stukkies papier met notas oor daardie gesprek het sy in ’n houer tussen haar tampons gebêre. Vreemd, sy weet. Maar dit is die laaste plek waar iemand sou snuffel. Waar ’n man sou krap. Aanvanklik, toe sy die goed neergeskryf het, was sy bang dat sy dit sou vergeet. Hoe verkeerd was sy nie! Sy het dit al meer onthou. Dit het amper ’n dekade gelede hier, in hierdie einste restaurant begin. Snaaks hoe ’n mense se lewe in ’n oomblik kan verander, al bly dit op die oog af dieselfde.

Sy het nog altyd gewens dat sy eendag iets met die inhoud van daardie vinnige gesprek kan doen. In afsondering, met algehele fokus en sonder enige bekommernisse. Iewers waar daar genoeg stilte vir haar gedagtes en genoeg spasie vir haar gemoed is. Oop en ver. Toe sy vroeër die jaar van die skrywersbeurs te hore kom, het sy ’n besluit geneem. Sy sou inskryf, en as sy wen, sal sy die storie skryf. Indien nie, sal sy dit los en daarvan vergeet. Heeltemal. Hierdie kans is dus vir haar veel meer as ’n gelukkie, dit is ’n teken.

Sy vat ’n laaste sluk van die goedkoop wyn terwyl sy na die nageregspyskaart staar. Gewoonlik bestel sy sonder om te dink, of Dawid bestel sommer namens haar. Dawid. Dalk is sy onnodig geïrriteerd, veral vanaand. Aan die begin was sy elke keer so verras wanneer hy háár koffie gekoop het, of seep, blomme, of selfs ’n serp wat by haar rok pas. Doen hy dit nog? Miskien het sy net so gewoond geraak daaraan dat sy dit nie meer agterkom nie. Dawid spot altyd dat hy haar beter ken as wat sy haarself ken. Miskien lê die fout by haar. Dan maak sy die spyskaart toe.

Oor Dawid se linkerskouer sien Melissa die restaurant se kombuisdeur in die verte oopgaan. Isra se pa het ’n wit sjefbaadjie en swart broek aan. Sy hare is grys en hy loop met ’n effense hink. Elke keer wanneer hy onderdeur een van die koepelvormige, blink ligte wat laag van die plafon af hang deurloop, kan jy die litteken bo sy regteroog sien wat langs sy slaap afloop en iewers agter sy oor verdwyn. Soos wat hy nader kom, kan jy dit onder elke volgende lig duideliker sien – die mank treë, asook die litteken. Beide is wonde van sy geboorteland se burgeroorlog, weet Melissa. Die ander merke is onsigbaar. Dit lê iewers en broei in sy onthou.



"Carlos!" groet Dawid hom.

Carlos gee ’n beleefde knik in Dawid se rigting. "Isra het my van jou groot prestasie vertel," sê hy vir Melissa met sy kenmerkende swaar aksent. Sy stem is diep en romerig, met net ’n effense toon van hartseer of verlies wat soms onder die oppervlak hoorbaar is. Soos iemand wat te veel gesien het.

"Dankie," is al wat Melissa regkry om te sê. Carlos se donker oë begin ’n ligblou randjie kry, sien sy. En dis effens waterig. Haar maag maak drie draaie.

"Jy moet ’n baie trotse man wees," sê Carlos vir Dawid. Dit klink soos ’n opdrag, eerder as ’n vraag.

"Ons sal maar moet sien," antwoord Dawid hom ongeërg. "Ek hoop daar kom iets van ... Dis nie ’n gegewe nie, nè? Maar ja, dis beslis iets om op trots te wees. Melissa sukkel al haar lewe lank om iewers te kom met hierdie skryfspeletjie van haar. Ek wens soms eerder sy het ’n regte werk gehad, jy weet? Maar kom ons kyk maar wat gebeur." Sy neusgate rek effens groter soos wat hy ’n teug asem insnuif en Melissa kan sy neushare sien uitsteek. Laer af in sy gesig, duik die kepe langs se mond al dieper in. Dieper as die kuiltjie in sy ken wat nie vanaand die vlinders in Melissa se lyf loslaat nie.

Isra se pa laat Dawid klaar praat voordat hy sy hand op Melissa se skouer sit. Warm en sag "Ek is so bly," sê hy en gee haar skouer ’n drukkie. "Ek kan nie wag om jou boek te lees nie." Hy neem ’n halwe tree terug en vra op ’n veilige afstand: "Watter nagereg bring ek vir julle?"

"Mmm ..." sê Melissa, "ek wil ’n crème brûlée hê."

"Regtig?" Dawid frons en glimlag tegelyk. "Is jy seker?"

"Ja."

"Dis vreemd. Ek bedoel ... crème brûlée is ’n goeie nagereg. Beslis. Maar vir jou? Dis ’n vreemde keuse vir jou." Dawid stotter en klink asof hy uitasem raak.

"Ek is lus daarvoor."

"Oukei ... dis net. Jy bestel gewoonlik roomys. Of ’n sjokolade-ding." Dawid se oë spring oor Melissa se gesig rond, asof hy nie ’n gerieflike kykplek kry nie. "Sjokolade is mos eintlik jou ding?"

"Ek hou van sjokolade, maar ek is nou lus vir crème brûlée." Melissa draai na Carlos toe, en bevestig haar bestelling. "Asseblief."





**Uitkoms – Rencia van Blerk**

’n Klop aan die deur, seweuur.  Miriam is vroeg, dink Minette terwyl sy kaalvoet voordeur toe loop en haar lang donker hare in ’n los bolla vasbondel.  Miriam werk al ses maande by haar en kom Woensdae alles regtrek en wegpak wat vir ’n week rondlê. Sy kom nooit so vroeg in die winter nie. Dis skemerlig en koud op die voorstoep.

“Miria …” ’n Onsigbare hand slaan haar wind uit.

Roux!  Bliksem!  Niks tussen hom en haar nie. Nie ’n veiligheidshek of ’n Trellidor nie. Haar hand soek-soek na die maansteen wat altyd om haar nek hang, vir haar ‘n verbeelde beskerming. Dit lê op haar bedkassie onthou sy. Bly kalm. Haal asem. Hoekom het sy nie deur die venster gekyk nie?

“Wat soek jy hier?” vra sy skor.

Sonder waarskuwing het hy opgedaag. Sy sien sy onderdrukte bravade en hoe hy rondtrap.
“Ons moet praat,” sê hy,” … oor … ons en wat gebeur het.” Hy glimlag asof sy hom verwag het en opgewonde sou wees om hom weer te sien.

“Ons? Daar is geen ’ons’ nie, Roux. Ses maande al nie,” val Minette hom in die rede. Sy gee ’n tree agteruit.

“Ek het vroeg, halfvier vanoggend, gery. Het jy dalk koffie?” ignoreer hy haar – hy het nog nie verander nie.
Nog dieselfde man.

Minette sluk haar vrees, draai om en loop in die donker gang af. Verby die sitkamer met die rusbank en bont leunstoele. Verby haar slaapkamer. Die wynrooi duvet lê deurmekaar gefrommel na ‘n koue nag.  Die reuk van sandalwood. Verby. Die studeerkamer met stories en boekrakke tot teen die dak. Haar rekenaar staan reg vir ’n dag se skryf. Flitsend sien sy die glasbak met seepampoentjies op die tafel.  Tot in die songeel kombuis met die houttafel en vier blou stoele loop sy.
Deur die kombuisvenster sien sy die maan hang soos ’n wit albaster in die skemeroggend. Outomaties tap sy water in die ketel, skakel dit aan, bekers, koffie.  Sy hoor hom agter haar, draai stadig om, beduie na ’n stoel.

“Jy lyk goed,” sê hy.
Sy knik. Dieselfde gevoel draai in haar maag soos die laaste keer dat sy Roux gesien het. Die onsekerheid is ’n ongenooide gas hier in haar huis.

Sy staan met haar rug teen die kombuiskas. Buite is die Karoo is ’n winterwêreld, bleek en vaal. Buite tjier-tjier-tjier die windpomp stadig in die windjie. Die geluid is gewoonlik gerusstellend, maar nie vandag nie.

Nee, sy is nie bang nie. Sy is sterk en taai soos die Karoo, sê haar kop. Op die tafel langs die asbak lê ’n dooie brommer.  Sy onthou hoekom sy hier is.



*   *   *

Minette en Roux sit elkeen met ’n glas in die hand met hul eie gedagtes. Sy sit kaal voete onder haar ingevou met ’n yskoue glas chardonnay, Roux met ’n glas whisky-na-’n-lang-dag. Hy streel haar been afgetrokke en knyp haar speels, maar te hard.

“Eina!”

“Skies,” sê hy met ’n skalkse glimlag. “Jy raak deesdae kleinserig. Is jou voete skoon?”

Sy knik en neem ’n slukkie wyn, koud en vrugtig. Dalk help dit vir die spanning wat in haar nek pyn. Vrae smeul in haar gemoed.
Daar is ‘n kaasbord met beskuitjies en vye op die koffietafel. Langs die bord lê ’n brommer. Sies! Sy skuif die bord ongemerk en neem ‘n pers vy. Roux moet tog net nie die brommer sien nie. Haar tande bars die vy se skilletjie. Soetigheid knars in haar mond.
“*Laat die kompas van jou siel weer jou hart bepaal, kry jou maste reg, haal die anker uit* ...” sing Joe Black. Hy sing net vir my, dink sy vir ’n oomblik, maar lag die gedagte dan weg.

Alles in die woonstel weerspieël Roux se smaak. Roux se geld. Alles is smaakvol deursigtig in wit, room en grys. Die roomkleurige bank is so gedraai – perfek – om die indrukwekkendste skildery in die woonstel te laat sien, die see en Tafelberg. Party dae vergeet sy om na die berg te kyk. Tog lê die mooi vlak in haar hart. Sy kyk en leef ‘n bietjie ligter. Dit maak seker die daaglikse sleur draagliker.

Is dit genoeg? Soms wil sy ’n glas rooiwyn omstamp. Die dieprooi vlek sal die monochroom omgewing inkleur. Dit is wat sy mis – granaatrooi, seegroen, kobaltblou, sonneblomgeel. Haar helderkleurige rokke is al kleur wat Roux verdra.

Buite is dit winderig. ’n Kleurespel van kitesurfers klief in blitsende formasies deur die branders. Een tref ’n brander. Hoog word hy in die lug opgeruk. Meters verder swiep hy neer. Brandersproei. Die wind dryf hom dieper die see in. Minette hou hom dop. Verlos van swaartekrag, al is dit vlietend.

Sy moet seker begin met aandete. Vanaand eet hulle weer seekospasta, Roux se gunsteling.

Haar selfoon vibreer langs haar op die bank. Sy kyk sonder veel belangstelling na die boodskap, ’n e-pos. Haar hart ruk. Universiteit van Wes-Kaapland. Vandag is die dag. Sy voel tegelyk verbaas en bang. Die afwagting en spanning wat sy sedert Oktober onderdruk het, is amper verby. Minette staan doelbewus rustig op en loop studeerkamer toe.

Sy is senuagtig wanneer sy op die e-pos klik. Te bang om te lees. Dis dan dit. Sy maak haar oë ’n oomblik toe. Dis ’n skietgebed. *Asseblief, moenie my teleurstel nie.* Sy staan en lees.

Stadig-versigtig sak sy op die studeerstoel neer, terwyl die woorde op die skerm begin sin maak. Weer lees sy die e-pos.





In ‘n waas loop sy sitkamer toe. Hoe moet sy dit vir Roux sê?

Roux hou sy glas nonchalant vas en ignoreer haar as sy langs hom gaan staan. Minette haal diep asem. Saam kyk hulle na die see, die sonsakkleure.

“En daai glimlag?” vra hy.

“Roux, …” stadig sê sy dit, “… ek het ’n beurs gekry.”

“Waarvan praat jy, Minette? ’n Beurs?” Hy is regtig verbaas.

“Die Jan Rabie & Majorie Wallace Skrywersbeurs, vierhonderd en dertig duisend rand. Ek kan dit nie glo nie!” Sy vlieg.

“O, en … moet ek hulle ken?” vra sy besigheidstem.

“Nee, maar ek kan my werk bedank en vir jaar net skryf.” Sy gaan nie toelaat dat Roux haar opgewondenheid versmoor nie.

“Skryf? Ag tog, nie weer die skryfstorie nie,” terwyl hy die laaste ys in sy glas rinkel. “Hoe het dit gebeur?” Hy kyk vraend na haar, geïrriteerd.

“Ek het aansoek gedoen … uhm … niks gesê nie,” probeer sy skuldig verduidelik. Minette sien hoe ’n hond op die strand pluk-pluk aan sy leiband om los te breek. Sy voel hoe haar keel toetrek.
“Ek weet hoe jy voel oor my skrywery, maar dié beurs is anders,” sê sy onseker. Hoekom is sy bang? Sy het tog gehoop dat sy die beurs kry.

“Fantasties, maar jy is ’n onderwyseres, ’n goeie een, dink ek.” Sy verbeel haar seker maar net dat sy oë nie saampraat nie.
Sy gaan voor hom staan. “Dis vierhonderd en dertig duisend rand, Roux. Dis baie geld.” Sy kan sien wat hy dink. Vir hom klink dit soos kleingeld.
“Dit is seker vir jóú, maar dit klink nét te goed,” sê sy mond.
Minette hoor die angel in sy woorde. Dit val haar nou op en vir die eerste keer dring dit regtig tot haar deur dat hy deesdae bitsig is.

“Net jammer ek vind nou eers daarvan uit. As jy wil skryf, het jy nie ’n beurs nodig nie. Skryf net. Jy het vier vakansies ’n jaar. Het jy werklik ’n jaar nodig om te skryf?”

Ja, ’n Afrikaans-juffrou wat hormonale tieners se skryfsels moet lees en bepunt vir ’n lewe het ’n jaar nodig, dink sy.

“Jy besef nie wat dit vir my beteken nie. En jy weet hoeveel die beheerliggaam my betaal. Jy is ’n geoktrooieerde rekenmeester en niemand dwing jou om net ’n boekhouer te wees nie.”



Hy staan op en sluk die laaste yswater in sy glas weg. Hy gee haar 'n eenarmdruk en skuif verby haar. "As jy so sê. Ons moet dit seker vier. Nog 'n glas wyn?" sê-vra hy terwyl hy nog 'n glas whisky skink.

"Nee, dankie."

Minette gaan staan op die balkon. Die see lyk onrustig. Branders rol uit die see, breek op die strand, weer en weer en weer. In die laaste strale van die son weerkaats die lug en die donkerte op die waterspieëling. Stadig sypel die water weg en verdwyn asof dit nooit op die sand uitgestoot het nie.

Minette hoor die roepstem van die see. Moenie die onbekende vrees nie, sê sy vir haarself. Die strand lyk amper verlate met net 'n enkele drawwer en sy hond wat in die rigting van Melkbos draf. Die hond storm vooruit, 'n honderd meter of meer. Steek vas. Blaf. Hardloop terug, draai om die drawwer se bene en jaag dan 'n seemeeu oor die strand.

Hoe stel Roux dit altyd? *Bloubergstrand is die beste area met groeipotensiaal in die eiendomsmark veral in* 'n *tyd van ekonomiese onsekerheid.*

Dit is deesdae sy manier, 'n kompliment met 'n stekie sarkasme. *Jy lyk mooi, maar is dit* 'n *vleiende kleur? Hoërskool Tableview is darem nie in dieselfde klas as Parklands nie.*

Minette gaan terug na haar rekenaar en lees die e-pos vir 'n derde keer.

Sy tel 'n seepampoentjie uit die glasbak langs haar rekenaar op en vou haar hand versigtig om die growwigheid. Dit lê lig in haar handpalm. Desembervakansies. Sedgefield. Oupa Retief. By hom het sy van seestrome geleer.

Sy was tien jaar oud en die see en strand was 'n baljaarplek.

"Die see is sterk," sê Oupa. "Jy moet versigtig wees, Nettie. Die see is nie jou maatjie nie"

"Wat bedoel Oupa? Ek swem net," het sy laggend gesê.

"Ja, maar jy moet oppas vir seestrome."

"Seestrome? Is dit soos 'n rivier?"

"Ja, maar 'n seestroom is anders … soos 'n wegloopkind. Hy loop sy eie pad, 'n gevaarlike pad. Jy sal wel weet as een jou beetkry."

"Hoe sal ek weet?"

"Jy sal weet. Onthou, Nettie, jy moenie teen die stroom baklei nie. Die see sal jou kans gee om uit te kom, as hy wil. Dryf, haal asem en voel die stroom. As hy jou los, swem so al wat jy kan strand toe." Sy skefiesoë het oor die blou water gekyk terwyl hy praat.



"As die stroom nie los nie, Oupa?"

"Ja, soms gebeur dit, maar jy sal weet." Met die woorde het hy opgestaan, haar hand gevat. "Kom ons gaan soek pampoentjies," het hy gesê.

Dit was vyf en twintig jaar gelede. Sy ril. Ja, as dit nie vir hom was nie, het sy twee jaar gelede verdrink. Sy knip haar oë en probeer op die rekenaarskerm konsentreer.

By *On the Rocks* dring Roux daarop aan om by die venster te sit.  In die donker skuim branders teen die rotse en Tafelberg is swart met stringe liggies aan sy voet. Die sagte kerslig, fynbos en 'n protea in 'n glashouer op die wit tafeldoek, laat haar spesiaal voel.
Sy kyk na haar weerkaatsing in die donker spieëlvenster. Vyf-en-dertig, nie modelmooi nie, maar gemaklik in haar lyf. Die groen rok vlei haar figuur en groen oë. Dit vou sag om haar lyf en hang tot op haar voete. Sy het die rok vir 'n spesiale geleentheid gekoop.
Die beurs is dalk 'n uitkoms.

Sy hou Roux onderlangs dop. Twee jaar gelede was hulle eerste afspraak ook hier. Roux was sjarmant en sy weerloos broos. Hy was haar lewensredder, finansieel en fisiek. Hy was in beheer, so passievol in die bed, in die motor en selfs op die kombuistoonbank. Dit het gevoel asof sy weer lewe. Vurige minnaars, hulle liefdespel was selfs soms geniepsig, altyd onstuimig. Deel van die opwinding, het sy gedink. Dit is net … Deesdae sny sy woorde. Nie meer minnaars nie, eerder twee drenkelinge.

Roux bestel 'n bottel Moët & Chandon Brut-sjampanje.
"Dis 'n spesiale aand en ons het iets om te vier," sê hy, glimlag en knipoog vir die jong kelnerin. Minette dink egter aan die belangrike besluite wat sy moet neem.

Sy hou die sjampanjeborreltjies in haar glas dop.  Met die woorde "koebaai juffrou, hallo skrywer" drink sy 'n stil heildronk.
"Op jou skrywersdroom," onderbreek Roux haar gedagtes, "ek hoop dit werk uit." Die glas voel koud tussen haar vingers, soos die klink van hulle glase.

"Ja, ek ook." Sy neem 'n groot sluk sjampanje. Dit sal uitwerk, sy sal hom wys.

"Wat gaan jy doen met die geld?" wil hy weet terwyl hulle vir die voorgereg wag.

Hoekom moet sy voorgee? Sy ís opgewonde. "Ek weet nie, ek kan seker 'n gedeelte belê of … eintlik probeer ek nog gewoond raak aan die idee. Die belangrikste is ek moet 'n roman publiseer. Jy sal dit dalk nie verstaan nie, maar ek kan nie wag om te begin nie."
Roux stel nie regtig belang nie. Hoe minder sy verklap, hoe beter.

"Ja," starend deur die venster.

Met die voorgeregte voor hulle, herken Minette 'n kollega van Roux, Sonia Conradie.  Sy kom met 'n groot



glimlag aangestap.

“Hallo, julle twee,” groet sy.

Sy is die jongste vennoot in Roux se maatskappy en nie net breinmooi nie.  Die meeste vrouens voel vaal en vet langs Sonia. Nie Minette nie, sy hou van Sonia. Hulle kuier en gesels altyd heerlik by Roux se werksfunksies.

“Sjoe, Minette, jy lyk stunning … sjampanje?” sê Sonia. “Wat vier ons?”

Minette staan op, maar voordat sy iets kan sê, spring Roux haar voor.
“Sý,” beduie hy met die mes na Minette “het mos … dié Jan Rabie en Marjorie Wallace Skrywersbeurs gewen. Sý is nou ’n erkende skrywer, want sy gaan betáál word om te skryf.”

“Wow, dit is fantasties,” sê Sonia terwyl sy Minette ’n spontane druk gee. “Jy is seker baie trots op haar, of hoe, Roux?”

Minette is effens uit die veld geslaan. Waarom is Roux skielik so spraaksaam oor die beurs? Hy laat dit klink of hy ‘n aandeel daarin het.

Roux knik. “Ja, ék kan dit ook nie glo nie.”
Sy glimlag, dink Minette, is ook maar net vir die show.

Iets pla Minette nou regtig. Weer ’n kompliment met ’n angel, soet-suur woorde. En dis nie meer ’n speletjie nie. Is hy jaloers of sarkasties?

Almal is vir ’n oomblik stil. Minette se hand soek na die maansteen aan die ketting om haar nek. Sy hou die koue steen vir ‘n oomblik styf vas.

Haar ma het die steen vir haar gegee toe sy universiteit toe is. Met die woorde van ‘n Apache-spreuk:
“May the sun bring you new energy by day, may the moon gently restore you by night and may you walk gently through the world, knowing its beauty all the days of your life.”

Sonia lag senuweeagtig en kyk onseker na Minette. Roux se kneukels klem wit om die mes. Die vurk hang vir ’n oomblik halfpad na sy mond in die lug, asof hy dink. Hy snuif hoorbaar en vat ’n hap van sy voorgereg.

“Ek was mal oor jou vorige roman, dit is hoog tyd dat jy weer iets publiseer. Vertel van die beurs,” gaan Sonia vrolik voort. Haar oë flits tussen Minette en Roux. Dit lyk asof sy sukkel om haar aandag op Minette te fokus.

Vir die eerste keer kan Minette haar opgewondenheid met iemand deel wat werklik belangstel. Terwyl sy praat, flikker ’n idee in haar kop.



"Ek kan nie wag om jou nuwe boek te lees nie, 2020 is jóú jaar," sê Sonia. Sy kyk rond om te sien waar haar man sit. "Geniet julle aand verder. Dewald wonder seker wat van my geword het." Sy druk Minette se arm sag voor sy omdraai, kyk vraend na Roux en stap weg.

Hy knik al kouend sonder om op te kyk.
Minette sak op haar stoel neer. Sy drink die laaste slukkie sjampanje. Lou-koud. Soos Roux. Sonia het dit beslis ook opgemerk.

Hy lyk effe rooi in die gesig asof hy te lank in die son was. Sy linkerduim tik ritmies op die tafel. Dieselfde hande wat haar lyf ken en haar kan laat kreun van genot, lyk nou vreemd. Roux is besig om bles te raak. Die ouderdom bekruip hom ook, soos vir almal, stadig sonder dat hy daarvan bewus is. Vreemd dat sy vanaand dinge raaksien wat sy voorheen nie opgemerk nie.

Roux smul aan sy seekos-paella, maar hulle gesels sukkel om weer aan die gang te kom. Minette hou hom onderlangs dop. Die selfversekerdheid van 'n man wat nog altyd sy sin gekry het, is deel van sy DNS. 'n Eienskap wat sy nog altyd onweerstaanbaar aantreklik gevind het. Sy weet hy was die blouoogseun wat sy ma se gunsteling was, wat op skool die juffrouens laat lag het en die graad 8-dogters in groepies laat giggel het as hy verbyloop. Sy sien Roux elke dag voor haar in die klas, seunsoë wat na haar kyk. Aandagsoekerig en vol selfvertroue, maar tog ook jaloers op enige iemand wat die lig van glorie effens draai en op hulle laat skyn.
Dié seun het 'n man geword wat alles vergewe word omdat hy aantreklik is. Roux wat nog altyd die wêreld met vierkantskouers kon aandurf en verower. Vir haar ook, maar nie meer nie.

Vir die eerste keer herken sy Roux se emosie. Vanaand kon hy egter nie wegsteek hoe hy regtig voel nie, en dit omdat sy vir die eerste keer iets gewaag het en gedoen het, sonder hom. Nou weet sy hoekom sy die afgelope tyd so vasgevang voel, asof Roux die leiband al hoe stywer vashou en haar terugpluk.

Sy het hom nie meer nodig nie. Hy besef dit en hy haat die gedagte! Sy skerp woorde en sarkasme, die klippies langs die pad wat haar moes waarsku, het sy verdra, geïgnoreer, maar nie 'n sekonde langer nie.

Dis amper oggend. Minette staan geluidloos op en gaan staan voor die venster in die donker sitkamer. As sy haar arms om haar lyf vou, voel haar bo-arms seer. Haar opgewondenheid, die ete en die rusie daarna spring in haar kop rond. Sy onthou nie regtig die rit huis toe of die gesprek nie. Wat sy gesê het om hom so kwaad te maak, ook nie. Maar wat sy wel onthou, is sy hande wat haar hardhandig rondruk.
Dit was die eerste keer.

Tafelberg lê pikswart teen die horison, die ligte wat die hange verlig, is dood. Die see raas in die skemerlig.

Die see, seestrome. Minette het al die see se krag gevoel. Sy het veilig uitgekom, danksy Oupa Retief se raad. Bewerig het sy op die strand uitgestrompel en geweet dit was nie haar tyd nie.
Twee jaar lank het Roux voorgegee en sy het geglo sy is in veilige waters.



Nou weet sy dit is tyd om uit hierdie seestroom te ontsnap. Sy het dit nie besef nie, maar die stroom het haar ingesleep ver van wie sy is. Dis tyd om strand toe te swem, sy kan nie langer hier bly nie.

Sy loop uit die woonstel, oor die pad. Die sand is sysag en koud onder haar kaal voete. Die donkerswart waters voor haar het al menige skip gekelder. Die Seli 1-wrak is nie meer sigbaar nie, maar die skeepskelet onder die Bloubergwaters is besig om stadig te vergaan. Die oseaan is 'n jaloerse minnaar.
Sy loop die koue see stadig in. Die water spoel om haar voete, enkels, kuite, bobene. Die branders spoel oor haar kop.

"Oupa, ek dink die sleurstroom het my gevat," sê sy hardop vir haarself en vir Oupa. "Dit is tyd om kant toe te swem."

Met sterk hale swem sy terug strand toe, kom regop en loop uit die see, skoongewas, en met 'n gevoel van sekerheid soos die soutsmaak in haar mond.

Minette loop by die voordeur in en los 'n streep nat, sanderige voetspore agter haar op die wit vloerteëls. Roux, geklee in drafklere, kom by die badkamer uitgeloop. Haar nat hare en swart satynnagrok klou klam aan haar lyf.

"Jy is sopnat … en die vloer.  Waa' de hel kom jy vandaan?" Hy staan voor haar in die gang.

Sy kyk hom uitdagend aan. "Ek het geswem." Geen verduideliking, geen verskoning.

Sy voel die nat nagrok kleef aan haar tepels. In die verbyloop staar hy na haar borste en sy weet sy lyf begeer haar. Sy vryf woordeloos oor haar gekneusde bo-arm – dit sal sy lus laat verdwyn.

Tog volg hy haar kamer toe.  Hy staan in die kamerdeur en hou haar dop soos 'n tienerseun wat die buurdogter afloer. Sy is bewus van hom. Die gebeure van gisteraand herinner haar aan 'n sepie met te veel melodrama.

Stadig stroop sy die nat nagrok van haar lyf af – borste, maag, heupe, bene, kuite, enkels – en los die nat hopie op die mat. Sy loop na die spieëltafel en buk vooroor, trek die laai oop en haal iets uit. Hulle oë ontmoet in die spieëlbeeld. Sy gaan sit op die deurmekaar bed met haar bene gekruis. Hy sukkel om te fokus.
Die aansteker vlam in haar hand en die bekende kruiereuk, 'n vae herinnering aan haar studentedae op Stellenbosch, vul die kamer. Sy vee met haar linkerhand stadig oor haar kaal bors asof sy 'n onsigbare haar wegvee. Dis onduidelik of dit die reuk of haar naaktheid is wat hom ontstig.

"Jy is nie ernstig nie. Dagga?" vra hy.

Sy sit vorentoe met haar elmboë op haar knieë, die sigaret gemaklik tussen haar vingers.

"Ja, Roux … dalk leer ons mekaar nou eers ken," sê sy terwyl sy diep teug. Sy hou hom dop. Hy is onseker





of dit ‘n vraag, ‘n stelling of ‘n uitnodiging is. “Ek trek vandag uit.” Sy blaas die rook stadig uit.

“Wat?” Die woord klink te hard.
Hy is aanvallend, sy weet, dit is nog altyd sy beste verweer in enige argument.

“Waarheen nogal? Noudat jy ’n beurs het, dink jy seker jy het my nie meer nodig nie. Jy is ‘n onderwyseres.”

Sy sien hoe moeilik dit vir hom is om te konsentreer met haar wat kaal, en asof gewillig, voor hom sit.

Minette skud haar kop stadig. “Nie meer nie.” Sy probeer hom nie skok nie. Vir die eerste keer in twee jaar voel sy weer in beheer van haar lewe. Om haarself te stroop – letterlik en figuurlik – is nou noodsaaklik.

“Jy is nie ernstig nie,” klink sy woorde eers verskonend, dan, “Is dit oor gisteraand?  Ek was seker nie opgewonde genoeg nie! Jý … Fok!” Roux slaan met sy vuis teen die deurkosyn.

“Is dít wat jy dink, Roux? Jy weet wat jy gedoen het.”

“Ek? … Ja, *sure* ék is die probleem, asof jy geen aandeel daaraan gehad het nie. Jy met jou agteraf geknoeiery en aansoek vir die beurs en … nou dagga!”

Hy kom al hoe nader met sy hande wat woedend saampraat. Hy steek vas. Asof hy homself keer, kam hy sy hande deur sy hare.

“Oukei, dit was ‘n fout. Ek is jammer, dit sal nie weer gebeur nie. Dalk het ek te veel gedrink. Kan ons asseblief daarvan vergeet?” probeer hy.

“Jy is reg. Daar is fout tussen ons. Die man wat ek gisteraand leer ken het, wil ek nie ken nie.  Eenvoudig.” Met die laaste woord staan sy op en loop spaarkamer toe.

“Ons is nog nie klaar gepraat nie. Gisteraand was ’n fout,” sê hy vir die leë kamer. “Ek moet gaan draf.”

Hy loop by die voordeur uit. Sy hou hom dop waar hy vir ‘n oomblik stil in die straat staan en na die woonstel opkyk. Hy begin draf. Te vinnig, soos altyd. Hy pomp sy arms - vorentoe, agtertoe, vorentoe, agtertoe. Dit lyk asof iets hom jaag. Na die eerste honderd meter kry hy eers sy ritme. Minette weet sy het ‘n uur om te pak.
In haar truspieëltjie sien sy hom. Hy stop voor die woonstel. Sy asem jaag. Uitgewoed. Natgesweet. Hy dink seker sy wag vir hom.

* * *

En nou, na ses maande hier in Prins Albert, staan hy in haar kombuis. Minette stoot die koffiebeker oor die tafel tot langs die asbak vol stompies. Sy gooi doelbewus nie melk en suiker in soos hy daarvan hou nie. Sy bly staan, weier om te sit. Hy moenie dink sy wil gesels nie. Sy neem ‘n sluk koffie, swart en bitter. Dit



brand haar keel.

“Minette, ek is regtig jammer. Jy moet my vergewe,” sê hy, die ene onskuld.

Sy kyk na hom. Die koffiebeker is beskermend in haar hande toegevou, warm.
Amper lag sy hardop. As skrywer het sy die tekens van hul verbrokkelende verhouding gemis. Gelukkig skryf sy nie ’n liefdesroman nie.
Sy kon Roux se meerwaardigheid, afhanklikheid en obsessie met status nog hanteer, maar die feit dat sy sy liefdelose geniepsigheid aan haar lyf gevoel het, was vir haar ’n oop deur. En die beurs.

“Nee, Roux. Die dag wat ek geloop het, het ek gesê wat ek wou sê. Dis verby tussen ons.”

“Ek het probeer bel en e-posse gestuur, maar jy het my nie kans gegee om te verduidelik nie. Hoekom? Ek weet dit was ’n fout,” probeer hy.

“Ja, Roux. Eers het jy my met woorde geslaan en toe rondgeruk.”

Sy linkerduim tik ritmies op die kombuistafel. Hy is nie in beheer nie. Het hy gedink sy sou hom sommer net vergewe?

Hy staan stadig op, die stoel maak ’n harde skraapgeluid, hy loop om die tafel. Sy oë lyk soos daardie aand. Sy beweeg stadig agteruit tot teen die wasbak. Hy staan voor haar, hy lig sy hande tot by haar gesig, gebalde vuiste. Sy draai haar kop instinktief weg en lig haar hand beskermend, afwagtend.

Hardhandig klem sy hande haar bo-arms vas. “Ek het mos gesê. Ek is jammer.” Koffie mors slordig oor haar hande en kamerjas. “Wat moet ek meer doen of sê, huh? Na twee jaar …”

Twee jaar is te lank om vrywillig in ’n goue tronk te bly, dit weet sy nou. Sy sal waaragtig nie vir Roux die genot gee om weer haar lewe te beheer nie. Ses maande al staan sy alleen en baklei vir haar drome met elke woord wat sy skryf.

“Los my, Roux.” Sy stoot hom met die koffiebeker weg en kyk hom in die oë.

“Gee my nog ’n kans, asseblief.” Hy gryp haar polse en die koffiebeker klap kletterend op die vloer. Onder haar voete voel die taai nattigheid louwarm soos bloed.

Hulle verhouding was lankal verby voor sy omgedraai en uitgeloop het. Roux glo hy kan alle paaie gelyk koop. Geen teëspoed of mens – ook sy – is volgens hom, bestand teen die oorredingsvermoë van rand en sent nie. Maar nie meer nie.

Sy is nie meer bang vir hom nie, maar vreesloos soos die eerste woorde op ’n skoon bladsy.

Minette ruk haar arms los en stamp Roux weg van haar. “Nee! Loop!” skree sy ... “Ek! Wil!” Stamp.





"Jou!" Stamp.

"Nooit! Weer!"  Stamp.  Harder.

"Sien! Nie!"  Stamp.
Roux gly, struikelval agteroor. Sy arms weifel in die lug. Op soek na vastigheid. Roux se laaste kyk is een van ongeloof, asof hy haar vir die eerste keer raaksien.

Sy kop kap teen die rand van die tafel. Stadig val hy op die kombuisvloer. Die geluid is amper te sag, soos 'n hol pampoen wat op die vloer val. Hy lê op sy rug en staar met dowwe, leë oë na die plafon.

Minette se asem jaag.  Asof sy bang is om hom wakker te maak, loop sy na hom toe. Versigtig. Saggies.  Haar hand bewe as sy haar vingers teen sy nek druk.  Niks.

Sy buk om die skerwe op te tel. Aarsel. Miriam sal later die vloer was. Haar bene gee mee en sy skuif teen die kas af. Sy huil. Verlig.

Die kombuis is stil.  Minette voel asof sy te lank onder die water was. Sy ken asemnood, maar ook die eerste diep adem as haar kop deur die water se oppervlak breek. Die gevoel dat sy vlieg, soos wanneer sy die tweede teug dagga diep in haar longe intrek en haar asem ophou. Vry.

Sy loop asof sy water trap na haar kamer. Sy tel die ketting met die maansteen op, hang dit om haar nek. In die gang sien sy 'n streep helder sonlig op die houtvloer.

Die voordeur staan nog oop. Die voordeur staan wawyd oop.

## Soos 'n finale keuse – Pieter Verster

Kapoet is nou die plek waar sy gaan teedrink en besin oor alles wat gebeur het. Toeriste uit die binneland, plaaslike inwoners en boere doen in hierdie koffie-cum-snuisterywinkel in Willowmore se hoofstraat aan. Sy wil net van die sleurwerk wegkom, maar neem tog die skootrekenaar altyd saam. Dalk is daar 'n nuwe gedagte wat sy kan gebruik. Sy wil ook na mense om haar kyk en self weer dink oor die ses maande wat verby is. Die afgelope halfjaar was dalk eerder 'n straf as 'n geleentheid. Sy wil haar hare weer so diep swart kleur soos vroeër, maar neem nou maar vir lief daarmee dat sy 'n brunette is. Dit is sal haar té veel aan daardie dae met hom herinner.

Die ligstrale val op haar en net vir 'n enkele oomblik kyk sy na die wonder van die lig. Die ligspel is mooi, maar kwyn egter en gou voel sy sy is alleen gelaat. Ja, hulle was saam, maar



sy voel dat hy nie meer deel van haar lewe is nie. Sy sou net wou ophou dink aan hom. Vergeet. Maar nee, sy gesig is elke nou en dan voor haar. Wat daardie aand in die restaurant gebeur het, is nou nog soos tee wat in haar gesig gegooi word. Hy het nie eers daaraan gedink dat hy haar seermaak nie. Wat het sy nie toe ook nog uitgevind nie! Moeg vee sy oor haar hare.

Die lig deur die venster het nou verdwyn. Hy moet nou net nie weer vir haar 'n whatsapp staan en stuur nie. Hy doen dit nog gereeld, maar sy antwoord selde. Die fiets wat bo die kassiere teen die muur hang, herinner haar aan die draadkunswerk wat sy van afvalmateriaal gemaak het. Hoeveel keer het hulle nie al die fietspaadjies van die Kaap met die fietse uitgekies nie?

'n Groot horlosie teen die muur dui die tyd sekuur aan. In haar roman sal tyd 'n beslissende rol speel. Haar voorlegging was juis oor verhoudings en tyd wat verbygaan, maar wat dikwels weer die karakters bepaal. Sjoe, dis nou al ses maande dat sy die Jan Rabie & Majorie Wallace-beurs om voltyds vir twee jaar te skryf gekry het – sy wat dalk nie die ideale persoon vir sulke beurse was nie – en dit bly 'n wonderwerk. André P Brink was wel oud, manlik en wit maar reeds 'n beleë skrywer. Daar was wel geen bohaai toe sy die beurs kry nie. Ander sake in die literêre wêreld het opslae gemaak. Daar was intense bespreking van Etienne van Heerden se nuwe roman, *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*, waarmee hy verskeie pryse gewen het. Hier sit sy aan die einde van die wêreld en skryf aan haar grootste uitdaging ooit, soos 'n jong skrywer wat graag die Hertzogpryswenner wil beïndruk. Sy móét net groot hoogtes bereik. Daar is tog iets in haar wat anders as die gewone is. Sy is sý! Haar onsekerheid moet weg. Daar was tog al geleenthede in haar verlede waar sy uitgestyg het. Die puik opstel in "Poort" het haar inderdaad laat besef dat sy wel kan skryf. Uitstekend! Die onderwyser wat met die liniaal op die tafeltjie tik: "Jy het dit!" Waarom het dit so lank geneem voordat sy regtig die deurbraak kon kry? Sy wil nou weer in haarself glo. Daar is meer in haar as wat ander dink. Sy sal hulle wys. Die roman sal mos groot erkenning kry. Wat van hom?

*Die vrou staan op die kaai in die hawe. Sy wag op hom. Die see is rustig vanaand so asof die seisoene self hulle na mekaar gebring het en nou windstil en sag bevestig dat dit goed is. Iewers ver lui 'n klok, wat die tyd van sy aankoms aankondig. Hulle sal soos ou geliefdes na mekaar hardloop en mekaar omhels. Die klok sal soos 'n huweliksklok lui en lui. Die mense rondom hulle sal konfetti strooi en hulle sal glasies klink onder die helder klank. Dan sal die klok stil raak.*

Nee, té prosaïes. Sy het die beurs gekry omdat sy grense verskuif, nie omdat sy snuifgetrapte paadjies bewandel nie. Haar voorlegging het immers verhoudings anders hanteer as die gewone val-in-mekaar-se-arms. Sy sal net die liefdesverhaal heeltemal anders moet hanteer. Sy oorweeg dit om weer iets van haarself in die storie te gebruik, soos wat sy dit in vorige verhale gedoen het. Versigtig oorweeg sy verskillende moontlikhede. Daar sal gou rigting aan haar roman moet kom. Sy het al vele nuwe invalshoeke probeer, soms bladsye lank, maar stuit telkens teen haar onvermoë om haar karakters werklik te laat lewe. "Showing, not telling," dink sy ietwat moedeloos. Miskien moet sy eerder minder van haarself in die karakters inskryf.

Mens moet net soms vrykom van jouself. Maar hoe? Dit moet tog juis hier in die Karoo moontlik wees waar sy ver van alles is.

Dis net dat die son soms hier in die Karoo net té skerp is. Daar is lugspieëlings en dwarrelwinde wat verhale versluier. Soms wil sy net in die veld inloop en haar arms oopgooi, maar die onbekende ruimtes hou haar terug. Daar moet 'n oomblik wees wanneer sy net vry kom. Hier was sy veronderstel om rus te kry om haar in haar skryfwerk weg van hom uit te leef. In die ruimtes om haar sou sy vry kan wees, maar die son is té fel. Vryheid soos die valkies in die lug, maar dit word van haar weggeneem deur die son wat nou steeds alles genadeloos uitdroog.

Daar sal weer 'n geleentheid wees waar sy self vry sal wees. Sy sal weer haar eie stem vind. Hulle sal nog wéét van haar. Die beurs is maar die begin. Die skryfwerk sal vryheid bring. Nou nie meer 'n opstel wat onderwysers beïndruk nie, maar die vryheid van 'n nuwe stem in die Afrikaanse letterkunde. Vryheid vir haar, maar sal sy ooit werklik vry wees sonder hom? Daar is altyd, net vir 'n enkele oomblik, net vir die oomblik, gedagtes oor hom.

*Wanneer die mishoring blaas, draai sy om na hom. Dit is nou eers verby. Ons kan later weer … Hy is ontsteld. Vat haar hand. Die mistigheid omhul hulle. Nooit weer sal hy haar laat gaan nie. Sy huiwer. Sy kan hom nie sommerso prysgee nie. Die skril meeukreet laat haar sy hand los. Die huweliksklokke het stil geraak en niemand is meer vrolik nie. Iewers sal 'n glas breek en die skerwe teen hulle val. Ons sal weer …*

Dit is asof sy nie die gang van die verhaal kan beheer nie. Die woorde wil net nie vloei nie. Vir die voorlegging was dit so maklik. Sy staan op en gaan staan by die venster. Hoe sal sy die verdekselse storie aan die gang kry? 'n Verhaal oor die liefde. Sy sien haar gesig in die venster, en voel dan hoe iemand aan haar raak. Is dit hy? Nee! Tog nie! Dit is net die kelnerin wat wil weet of sy iets nodig het.

Ja, die probleem is dat hy altyd in haar gedagtes is. Los my uit! Los my net uit en gaan jou gang en ek myne en dan sal ons almal gelukkiger wees! Waarom kan sy dit net nie vir hom laat weet nie? As 'n mens net alles agter jou rug kon plaas en vergeet. Daar moet 'n manier wees waarop sy net soos vroeër haarself kan wees sonder hom. Sy is tog nou sterker. Meer ervare. Sy kan sonder hom hier in die Karoo.

Dig en skryf het hulle na mekaar gelei, maar nou het juis dit en soveel ander dinge tussen hulle gekom. Juis dit wat vir haar so belangrik is. Haar hele lewe het op ander paadjies afgedraai met die erkenning wat sy met die beurs gekry het. Sy het nooit gedink dat dit haar lewe so radikaal sou verander nie. Karoo. Weg van ander. Soos Eben Venter in Prins Albert. Die skrywershuis in Willowmore is pas geopen en sy sou die eerste wees wat dit benut. Dit was tog die regte besluit. Dit moet wees. Sy was so bly toe sy die beurs gekry het. Was dit die regte besluit, want sal daar ooit weer iemand vir haar wees?

Hy moet tog net nie weer vanaand sy gewone whatsapp-verskoning stuur nie. Hy is seker saans verveeld. Sy het nog al sy boodskappe. *Nie so bedoel nie. Sy was toevallig daar die aand. Niks tussen ons nie. Ek is jammer as jy dit verkeerd verstaan het. Ek is regtig bly* 😊. Sy antwoord dan met enkele emojis 😀 😔.



Vader, hy is kapabel en daag hier in Willowmore op!

Miskien sal sy eendag net ’n enkele woord byvoeg. Hy dring hom heeltyd aan haar op. Hy wil weer haar lewe beheer, dis wat hy wil doen. Hy moet haar net uitlos. Sy wil net skryf. Daar moet iets groots uit die skryfwerk vloei. Net nie weer aan haar eie vermoëns twyfel nie. Néé.

Sy sien twee bakkies deur die venster té vinnig verbykom en hoor hulle by Sophie’s Choice stop. Dis seker binnelanders wat die Karoo verken en gehoor het van die unieke plekke. Sy verkies Kapoet, maar ’n vrou met groot vals wimpers het eenkeer nader geloop, indringend na haar gekyk en triomfantelik aangekondig dat sy haar in die *Sarie* gesien het. Die pryswenner! Gelukkig was daar maar min mense in Kapoet en die ander gaste het hulle nie daaraan gesteur nie. Die vrou het na almal gekyk asof sy wou sê: Sien julle nou, ek weet baie dinge. Die vrou se man het haar gou weggesleep toe hy sien die dat sy nie opgewonde op die vrou se oorweldigende aandag reageer nie.

Buite is daar ’n gil. Sy skrik en kyk vinnig op. “Sjit!” Die karwag is met sy sweep agter ’n paar kinders aan. “Voertsek!” skreeu hy. Sy sweep swaai wild in die lug. Net vir afskrik. “ Sjit,” sê sy weer. Dit ook nog. Die kinders lyk verflenterd. Die wag raps nie een raak nie, maar sy voel tog dat dit haar betrek. Dit het tog niks met haar te doen nie, waarom sou sy haar daaraan steur?

Die wag het ’n DA-T-hemp aan. Toutjieshare. Sy broek hang soos los velle aan hom. Wanneer hy al skellende agter die kinders aanhardloop, sukkel hy omdat sy tekkies wil-wil uitval en hom laat swik en hy gryp struikelend daarna. ’n Los hoes klink op uit sy bors. Die kinders lag hom uit al spat hulle uitmekaar. Sy voel ’n effense hoofpyn. Die Karoo moes haar veilige tuiste wees, maar hoort sy regtig hier? Dit was haar besluit, maar is sy ook nou ontuis? Sjit.

Vlak by die venster word ’n motor aangeskakel. Wanneer sy kyk om te sien wat dit is, merk sy die polisiemotor op. Waarom het hulle nie ingegryp nie? Maar sy is seker die laaste een om te praat. Sy is dalk net so traag soos hulle. Die afgelope tyd se spanning in haar verhouding het alle empatie in haar laat verdwyn. Stadig, soos ’n dier wat wei, begin die motor beweeg. Dit is asof daar geen haas is nie. Haar lyf wil haar dwing om te reageer; om net die een keer in haar lewe haarself ook bloot te stel aan gevaar ter wille van ander, maar sy doen niks nie.

Die kinders hol nou vinniger weg. Die motor skiet vorentoe. ’n Sirene loei en die polisiemotor jaag agter die kinders aan. Die motor is nou soos ’n buffel wat aanstorm. Die wiele skreeu om die draai. Amper verloor die bestuurder beheer oor die voertuig. Die kinders skiet oor die straat daarvoor verby. Sjit, dink sy weer. “Bliksem!” Sy moet iets doen om te wys dat sy omgee. Sy het tog sekerlik daardie wil en sal tog self ook kan opstaan vir iets.

Daar is mense in die straat. Remme. Die voertuig kom tot stilstand soos ’n dier wat geskiet is. Die kinders is weg. Die motor stil. ’n Konstabel klim uit. Skud sy kop. Leun teen die voertuig. Steek rustig ’n sigaret op. Sy sal net wéér nie betrokke raak nie. So is dit.





Sy is op die punt om die wi-fi af te skakel en te gaan betaal toe sy die whatsapp sien. ’n Foto van die aand in die restaurant met hulle twee. Die jong teef se gesig is uitgeblok. ’n Boodskappie daarby. *Ons moet weer saam eet. Ek kom kuier* ❤.

Oorvriendelik toe die teef opgedaag het. Kastige vriende van hulle. Mooi woordjies. Hoe kon sy dit miskyk? Sy weet werklik nie wat hy wil kom sê nie. So maklik kan hy haar nie uitblok nie.

Hy met sy maniertjies. Hy is altyd uiters netjies. Selfs die aand in die restaurant was hy uitgevat, so asof hy daarmee wou sê dat hy haar meerdere is.

“Ek het nog altyd geglo dat jy die groot deurbraak sou maak, al dink jy nie so nie.” Hy het getrek aan sy netjies gesnyde baard wat aan dié van Breyten herinner. Toe het hy begin preek: “Die kuns is altyd iets besonders wat mens ophef of ontstel maar nooit onaangeraak laat nie. Ek sê altyd dat kuns mense bymekaar bring, nie waar nie? Ek self skryf nou nie juis verhewe poësie nie, maar dit is iets wat uit my hart kom.”

Sy het egter gemerk dat hy dié keer senuagtig aan sy baard gevat het. Hy het seker gedink hoe beïndruk sy moet wees en gesien sy kyk weg. Hý wat haar werk misbruik het.

“Die kuns is die hoogste vorm van ons bestaan. Met die kuns beleef ons die diepste ervarings. Nie waar nie?” Dit het gelyk asof hy met die muur praat en nie met haar nie. Maar toe het hy oorgeleun en haar liggies op die wang gesoen.

Daar was toe al iets wat haar gehinder het, maar sy het nie besef wat dit is nie.

“Ek sal my lewe aan die kuns wil toewy. ’n Lewenstaak. En hier is jy die een wat vir ons almal reeds die pad oopmaak. Ek is geëerd.” Hy het regop in sy stoel gekom, sy glasie gelig en toe gesê: “Lief vir jou!”

Die geveins! Onopreg! Dis om van naar te word. Maar as sy daaroor dink, kom die vertwyfeling. Was sý altyd opreg? Dit moet seker van twee kante af kom. Hy het haar ook vertrou, maar daar was die geleentheid toe sy saam met ’n ander vriend, nét dalk, nét dalk hom jaloers wou maak. Daar het nie veel van gekom nie. Gelukkig nie – of ongelukkig nie?

Willowmore is nog te na aan die Kaap, dink sy verbitterd. Nooit sal sy die trek op sy gesig vergeet toe sy hom die nuus meegedeel het nie. Woorde van gelukwensinge oor sy lippe, maar die gesig verklap iets anders. Hoe kon sy dit nie sien nie! Hoe kon sy so blind wees! Kan iemand meer oorstelp van vreugde wees as wat sy was? Maar daar was dadelik die oogflikkering en die trek om die lippe. Hy het gelag en gesels soos iemand wat haar blydskap deel, maar dit was alles toneelspel. ’n Narrespel. Misleiding. Restaurant toe wou hy die aand. Heeltyd dink sy daar is iets wat pla. Die sjarmante dame, soos hy na die teef verwys, daag op en hulle skater kort-kort van die lag.

Mooi woorde, so onopreg. Hulle was kastig so buitengewoon beïndruk met haar. Wat wil hulle sê? Die teef was ook maar goed agterdogtig. Sy ook, want sy wonder waarom hulle almal skielik juis daar mekaar die



aand in die restaurant raakgeloop het.

Verhoudings hou nie. Tyd bepaal alles. Dit is soos die lewe self. Dit kom en gaan. Daar gebeur so baie. Die maan groei en kwyn. Die son meet die dae verbysterend vinnig af tot die aand weer in die maanlig die donkerte behou. Alles in wentelinge van tyd.

Hoe vinnig gaan alles nie verby nie. Dit is nou al ses maande, maar sy vorder nie na wense nie. Sy glo sy sal iets wonderliks kan skryf. Sy glo dit. As sy net die vent uit haar gedagtes kan kry. Weg met hom! Dat hy dít aan haar kon doen. Die whatsapps ontstel haar. Sy weet eintlik nie hoe om daarop te reageer nie. Gestel hy daag net sommer op ’n dag hier op? Elke keer wat sy haar gedagtes op papier wil sit, is hy in haar gedagtes. Hoe gekompliseerd is die lewe nie! Sy moes werklik nie gedink het hy sou ook oorstelp van blydskap oor haar sukses wees nie. Na die ellende toe sy digbundel afgekeur is by Tafelberg. Daardie digbundel wat sy eers later gelees het. Stilgebly oor alles. Nie wéér nie.

Sy hoor vreemde stemme en vang ’n jongman se oog.

“Jy jok!” Sê ’n jongmeisie vir hom, terwyl hulle al laggende binnekom.

“Ek is so rats soos Cheslin Kolbe! Dit kan jy maar glo!” Sy sien hy gooi sy hande na die meisie uit asof hy ’n rugbybal aangee.

“Watter storie gaan jy nou weer vertel? Die een oor jou try wat jy gescore het? Toe jy wil mos. Ou high and mighty.” Die meisie korswel met hom asof sy hom nie glo nie.

“Los die Engels. Ek is woes. Kom van die Karoo. My stories is almal waar. Hoor my! Jy kan sommer sien ek praat die waarheid. True’s Bob.” Soen en klap sy vingers.

“Waar kom jy eintlik vandaan?” Versigtig vra die meisie uit.

“Eers as jy alles vertel!” Sy merk op dat hy die meisie nadertrek terwyl hy die stoel wild wegsleep.

“Ek’s ’n closed book,” flirt die meisie nou.

“Dan vertel ek ook niks nie. Net dat ek vir WP gespeel het.” Niks keer hom blykbaar om nou sy troefkaart te speel nie.

“Liar, liar, your pants are on fire!” Die meisie lag verspot.

“True’s Bob.” Weer vingers in die lug.

“In jou drome.” Pruil die meisie.

“Maar vertel jy meer. Jy is so geheimsinnig?” Hy gaan sit hard op sy stoel.

“Ek lap nie alles uit nie. Jy ken my skaars.” Rol sy haar oë.



"Maar kyk net al die goud om jou nek. Riches, nè!" Vreemd hoe hy die gesprek nou stuur.

"En jy? Gooi die geld nè?" Die meisie is vieserig.

"Dis my besigheid." Sy woorde klink hard op in Kapoet.

"O ja. Jou besigheid maar jy wil my ... So why? Toemaar."

"Jy's my duifie."

"Lovey dovey nè? Sê van die geld."

"Nee, sê jy. Ek is stil."

"Net as jy ... Whatever. Whatever"

"Jy sal eendag weet. Nie nou nie."

"For ever and ever, ja. Soos diamonds."

"Wat sê jy nou?"

"Diamonds are forever."

"Goud ook."

Sy luister verbaas na die twee jongmense. Sal sy opstaan en vir hulle iets gaan vra? Met een swaai van haar hand stamp sy die suikerpot van die tafel af. Wat nog! Die suiker spat oor die vloer. Sy staar verdwaas. Die wag sal selfs met sy sweep na haar kan kom en haar 'n hou gee.

Liefde is vir ewig!? Maar hoe? Hulle is nog jonk en soek na geluk. Sy is ouer maar nog jonk genoeg om self te smag na 'n goeie verhouding. Nooit wou hy 'n ring aan haar vinger sit nie. Was dit omdat hy geweet het sy sal uitvind van sy verhouding en sy skaamtelose gebruik van haar idees in sy gedigte?

Sy wil die rekenaar weer nader trek, maar neem 'n tissue en begin die suiker op die vloer opvee. Die kelnerin is dadelik daar. "Toemaar," sê sy vir die kelnerin. "Ek sal opvee." Sy is effens verslae, so asof sy met die een enkele daad haar geheel en al ontbloot het.

"Ek is jammer," sê sy weer. "Ek sal alles opvee."

Die kelnerin is onseker hoe om te reageer.

"Ek wil nie hê jy moet daarmee sukkel nie. Ek weet hoe julle kelnerinne baie van mense moet opvreet. Ek het so baie simpatie met julle. Julle is mos altyd bereid om te help."

Sy kan ook maar haar hande uitsteek om te help in plaas daarvan om net te staan en kyk, dink sy ongeduldig.



Die kelnerin se groot bruin oë wys haar verwarring, maar sy kom dadelik nader en probeer haar effens wegdruk om te help.

“Dit is glad nie nodig nie! Regtig.” Keer sy.

“Nee, Mevrou, hoe dan so? Ek help gou. Ons is gewoond daaraan.” Haar oë lag vriendelik.

Sy voel geïrriteerd asof die kelnerin haar nou aan haar eie tekortkominge herinner.

“Mevrou, ek vee dit somer tjop-tjop op.”

“Ek het gemors en ek moet dit opvee.”

Die kelnerin glimlag breed en begin opvee maar sy druk haar weg. “Ai Mevrou, ons help graag, maar alles reg so.” Steeds met ’n groot glimlag.

Dalk draai haar geluk egter nou. Toe sy ’n jong kind was, het sy eenmaal suiker gemors. Hoe goed onthou sy dit nie nou nie. Haar liewe ouma, teen alle konvensies in, het vir haar hande geklap en gesê het: “Dit maak mens lank gelukkig!”

So wou sy ook wees, soos haar ouma. Altyd so vol liefde en gereed om die enkele mislukkings te vergewe. Sy kyk op na die kelnerin en glimlag.

Sy trek die rekenaar weer nader. Sy moet weer skryf. Maar wat? Sy sit haar vingers op die sleutelbord. Wag. En dan begin daar iets kriewel. ’n Klank, ’n ritme ... ’n woord!  Sy begin ylings tik. Hier kom dit nou! Sy kan skryf.

*Die gety kom in. Vroegaand. Sal sy van hom af wegloop. Dramaties die see in. Dit is nie hoe dit moet eindig nie. Sy skuif die gedagte meteens opsy. Die getye word deur die tyd beheer. Tyd. Haar liefde vir hom sal ook deur die getye bepaal word. Wanneer die getye verander, verander mense ook. Hulle gemoed word deur die eb en vloed bepaal soos deur ’n simfonie. Sy sal deur die golwe oorweldig word. Ingesuig word in die see. Haar liggaam sal deel van die see se strome word.*

My roman, met getye wat verander en verander, sal tog iets anders moet wees. Wat sal sy doen om die aard daarvan te verander? Wat daarvan ... Nee, dit kan tog nie! Sal die wending kom indien hy opdaag? Sy trek haar asem skerp in. Dan sal sy haar rug draai. Sy sal hom soos ’n hond wegjaag.  Maar die gedagte bly by haar. Wat daarvan as dit haar sal help om die roman te skryf? Ja, wat daarvan ...?

Dan is daar ’n whatsapp.

*Ek kom. Gou.*

Sy skrik op. Nee! Maar dit gaan tog iets beteken. Wat? Gaan dit haar skryfwerk raak? Sy begin vervaard weer tik.





*Sidderend draai sy weg. Gaan dit so eindig? Die aandmis dek hulle toe. Hy het dan self gesê dit moet tog anders. Hulle het probeer. Daar moet 'n ander weg oop wees. Die maan huiwer deur die mis en hulle voel verlate in die aand. Hulle is mos alleen op die kaai. Sy hoor stemme. Iemand kom daar in die nag aan. "Pasop!" Wil sy uitskreeu. "Help! Help!" Sy kan nie die gesig sien nie. Dit lyk of hy of sy 'n balaklawa aan het. Sy gryp vir 'n enkele oomblik weer na die man by haar. Angs oorval haar. Dalk is dit net 'n hawewerker. Hy kom steeds nader. Dit lyk of daar iets in sy hand blink.*

Sy moet 'n besluit neem, 'n besliste keuse. Mens kan dit nie vir ewig uitstel nie. Waar lê die keuse? Sy dink diep. Iets sal gebeur. Sy sal sonder hom. Maar sal sy ...?

*Sy wil finaal wegdraai maar kan net nie. Die persoon kom nader. Sy sal die geliefde moet vra om by haar te bly. In die persoon wat nader kom se hand blink daar nou duidelik 'n mes. Sy gryp die man se hand styf vas." Help my!" Die persoon stamp aan hulle en lig die mes. Klokkespel. Werkers verskyn soos spookbeelde in die nag. Die persoon vlug. Sy haal swaar asem. Versigtig steek sy haar hand na die man toe uit en vat aan sy gesig. Waarom is sy wang so koud? Dit lyk asof hy met haar spot. Niks het verander nie. Iewers in die nag blaas die mishoring weer. Die liefde verkil. Iets wat so mooi was, word nou opdrifsel. Die klokkespel van 'n toring klink op in die nag.*

*Wag eers,* whatsapp sy. Geen emoji by nie.

*Nee, ek kom* 😍 ♥.

Sy word bang. Sy weet nie wat om te dink nie.

Sy wil haar verhaal 'n dramatiese wending gee. Die laatmiddag-ligstrale breek op en versplinter teen die glas op die tafel voor haar. Wanneer 'n mens lig opvang en dit met jou saamneem, word jy self soos 'n veertjie in die skemeraand.

Sy loop later huis toe en snak na haar asem wanneer die hoofpyn erger word. Sy gee 'n swak tree en stop dan. Sy word al swakker, besef sy verbitterd. Maar nooit weer gaan sy maar net luister na wat ander vir haar sê nie. Sal sy 'n sterker vrou na die afsondering wees of sal sy maar weer toegee? Net nie toegee nie! As sy net die moed kan kry om te bly by haar besluit. As hy kom, sal sy hom konfronteer.

Die pyn in haar kop word erger. Sy loop die huis binne. By die deur draai sy die sleutel. Die deurknop knars die deur oop. Sy vryf met haar hand oor haar oë. Sy moet nóú besluit. Dit kan nie so aangaan nie. 'n Myprodal is genoeg. Sy sal dit nie uitstel nie. Dit sal finaal wees. Dit sal soos haar besluit om Karoo toe te kom wees. Sy sal weer self wéét wat sy wil hê.

*Voetstappe in die aand. Dit word stil. "Was jy bang?" vra hy haar. "Baie," antwoord sy. "Ons moet gaan."*

Sy wil soos Etienne van Heerden 'n biblioteek van die geheue van alles in die Karoo ook behou – so wou die Hertzogpryswenner iets bewaar te midde van die aftakeling. Sy skryf oor die see, maar wil juis hier in



die Karoo ’n stem gee vir hulle wat ook stil geword het. Sy sal hom eendag, wanneer alles afgehandel is en tot einde gekom het en die tyd stil geword het, vra of haar boek tog ’n plekkie in sy biblioteek kan kry. Die verhaal sal sterker wees. Sy sal dus tog meer van haarself daarin giet. Opgewonde dink sy aan nuwe wendings.

*“Loop asseblief saam met my,” vra sy hom “Ek sal. Sal ons weer voor begin?” “Ek weet nie of dit kan nie. Ek weet regtig nie,” antwoord sy.*

Later die aand haal sy die hangertjie van haar nek af. Sy onthou sy hande oor haar skouers. “Laat ek dit aansit.” Hy streel haar nek. Hoe weerloos voel sy nie? Sy vingers sukkel lomp om die hangertjie aan te knip. Sy voel groot opwinding in haar. Tanzaniet! Hy het geweet dit is haar gunsteling. Die lig kaats in die diepblou steen van die hangertjie. Sy wil omdraai en hom vasdruk. Dit is so mooi. Sy weet nie waarom sy die hangertjie nie net weggebêre het en daarvan vergeet het nie. Juis hierdie aand ruk dit haar terug na mooi aande saam met hom toe sy gedink het alles sal goed afloop. Maar nou? Sy weeg die hangertjie in haar hand. Met háár idees het hy sy bundel voltooi. Met háár idees het hy geskryf. Met háár idees het hy by die feeks gespog.

Sy skakel die negeuur nuus op RSG aan. Die nuusleser gee in ’n rustige stem nuus weer van ’n paartjie wat vir misdaad gesoek word. Sy wil die radio afskakel, maar Hummel se Fagotkonsert volg. Die swaar gedrae maar tog liriese klank vul die skrywershuis. Sy lê met haar oë toe op die bed. Afgesluit van die wêreld rondom haar wil sy net rus. Hoe sal dit eindig?

*Sy hou haar hand weer teen sy wang. Haar vingers bewe. Dit word intens donker om hulle wanneer die lig uitdoof. Die nag van skeiding omvou hulle. Sy voel daar is bloed aan haar gesig …*

Haar verhaal sal ’n unieke slot kry. Sal sy hom konfronteer wanneer hy kom? Jý! Haar denke, haar wese sal gelouter word. Hy sal voor haar kom staan en sy sal in haar eie reg voor hom staan. Sy sal wéés, net wéés! Sy het dit in haar om teenoor hom te staan, sy weet dit nou. As sy die slot kan voltooi, sal die storie vanself daarop uitloop. Die musiek is lieflik. Dit is ’n keuse tussen haar kuns en hom. Sy plagiaat sal sy openbaar. Môre, sal sy liewer na Sophie’s Choice toe gaan. Sy draai die radio harder en draai haar gesig na die rooi kussing.

## 2021-bydraes

### Die pad na Rooibult – Mercia Coetzee

Jare later sou Alida aan hierdie aand terugdink en net die sterre onthou; glinsterende brokkies kristal teen die pikswart nag met die skerpioen triomfantlik stert omhoog en Antares gloeiend geel laag op die horison. Nie haar vrees vir die donker pad nie, nie haar frustrasies of onsekerheid nie, nie Rudolf se eentonige deuntjie nie, net die sterre. En soms, soms, die growwe baard wat vlugtig teen haar wang skuur.

Die Nels se troue was dié spoggeleentheid van die jaar. Almal van die omgewing was genooi en Paradysplaas in die hartjie van die Kalahari se geriewe is gehuur vir die onthaal. Almal wat wil, kon 'n chalet teen halfprys kry om die aand ná die troue oor te slaap en die volgende oggend ontbyt met die bruidspaar te geniet. As Rudolf net wou instem dat hulle ook oorslaap! Hy verkies egter om die 120 kilometer na die plaas in die donker nag terug te ry! Sy het 'n oornagtas met net die noodsaaklikste gepak en op die agterste sitplek van die Defender gelos met die hoop dat hy tóg anders sou besluit. Sy kan net dink hoe die mense skinder, veral Elize Pretorius en haar vriendin Martie. Sy het gesien hoe hulle agter hul hande sit en giggel. Wat het hulle gesien wat hulle so laat giggel en laat praat het? Wát weet hulle?

Alida sak terug in die leersitplek toe Rudolf na links op die donker teerpad draai. Die wolke van vroeër is weg; in die skoongewaste lug skitter miljoene sterre. Sy skuif haarself gemaklik, probeer ontspan. Sy voel-voel in haar handsak tussen tissues, lipstiffie en allerlei vroulike noodsaaklikhede rond tot sy die botteltjie Urbanol raakvat. Sal sy nog een drink? Dit is nog ten minste 'n uur voor hulle by die huis is. Nee, dalk eerder nie, sy moet waaksaam bly. Sy loer skuins na Rudolf, kyk of hy nog wakker lyk, maar sien net sy belaglike hoed. Die hoed met die string bont krale om. Rudolf fluit skaars hoorbaar deur sy tande – dieselfde monotone deuntjie wat hy al jare en jare fluit asof hy immer gelukkig is. Weet hy dat hy dit doen? Magtelose frustrasie stoot in haar op. Hulle is ligjare van mekaar verwyder – twee sterre in dieselfde konstellasie, maar miljoene kilometer van mekaar verwyder.

Sy het haar só geskaam vir hom vandag; die dominee het nog nie behoorlik amen gesê nie toe is sy das af en sy bo-knope los. En daardie verfoeilike hoed! Hy staan buite die kerk tussen die ander mans met sy opgerolde moue en sy hoed soos 'n opgesmukte Texas-beesboer en lag en gesels asof hy nie 'n bekommernis in die wêreld het nie. Hoe kry hy dit reg? Hy gee voor dat hy 'n man is soos al die ander, niks anders as al die ander boere in die omgewing wat net oor beeste en koring en rugby wil praat nie! Dolf Brits die ryk erfgenaam van Rooibult – sien niemand dan die bont krale om sy hoed raak nie? Sy leun met haar kop teen die koue ruit en tuur die donkerte in.

Sy wens hy wil ophou fluit. Sy wens hy wil die aaklige hoed afhaal. Sy wens hy wil soms met haar praat. Sy wens hy wil soms aan haar raak! Sy weet mense skinder oor hom. Oor hulle. Sy het hom dopgehou vandag by die onthaal, net na die visvoorgereg bedien is. Hy en Pieter het lank by die kroegtoonbank gestaan, naby aan mekaar. Hulle het baie ernstig gepraat, stilgebly as ander mense drank gaan bestel het, rondgekyk asof hulle onrustig voel oor iets. In 'n stadium het Pieter driftig met sy vuis op die toonbank geslaan, sy gesig het vertrek asof hy pyn ervaar. Rudolf het sag gepraat, dit kon sy aflei uit die manier waarop hy sy kop skuins gehou het en hoe Pieter vooroor gebuig het om te hoor wat hy sê. Natuurlik het sy hom later gevra waaroor hulle gepraat het, nie dat sy verwag dat hy haar sou vertel nie. Hy het net ergerlik na haar gekyk en "Niks" gemompel, 'n diep frons tussen sy oë. Later het hy weer met Pieter gaan praat, sy hand gemoedelik op Pieter se skouer, sy mond naby aan Pieter se oor. Sy het gesien hoe Elize en Martie na hulle kyk. En toe na haar. Wat kon sy doen? Wat kán sy doen? Wat kan sy nóg doen?

Rudolf sit die motorradio aan. Druk in die donker die een knoppie na die ander sodat snarsies musiek en



woorde in verskillende tale mekaar met 'n irriterende gesuis afwissel. RSG. Laat ons maar RSG luister, dink hy, dan is Alida se stilstuipe minder steurend. 'n Omroeper vertel van 'n brief deur iemand geskryf wat dit nodig vind om sy storie aan die wêreld te laat voorlees. Dolf skud ingedagte sy kop – mense doen die vreemdste dinge om aandag te kry! Die omroeper begin lees uit die brief van ene "vriend van Carel van die Kaap":

My pa het gereeld dieselfde sedepreek afgesteek met sy hand vermanend in die lug. Hou jou pad reguit en wees eerlik. Bly binne die grense van die wet. Moet nie geld leen of geld uitleen nie. Woorde wat ek so baie gehoor het, maar nooit na geluister het nie. Ook nie na die vele ander wyshede wat my pa gereeld oor gepraat het nie. Ongeveer ses maande gelede was ek, soos gewoonlik, by die blackjacktafel van die Monte Casino. 'n Vrou het gestaan en kyk hoe ons dobbel. 'n Mooi vrou met lang, swart hare en pikswart oë. Dit was 'n goeie aand, ek het baie geld gewen. Ek het vir haar 'n drankie bestel, en later is ons saam na my huis toe. Die liefde het my soos 'n stormwind getref. Ek kon nie nee sê toe sy vra dat ek haar Kaap toe moet vat terwyl haar man oorsee was nie. Mens verdien nie kommissie as jy nie werk nie, en ek het ná daardie aand min gewerk. My vriend, Carel, het nie gehuiwer toe ek vra om R5 000.00 te leen nie. Ek het hom vertel van Vasti, maar nie dat sy getroud is nie. Ook nie dat ek baie dobbel nie. Carel sou nie verstaan het nie; hy het die pad geloop waarvan my pa my vertel het, die reguit pad.

Die omroeper lees verder, maar Dolf luister nie meer nie. Hoe de hel moet hy hierdie, hierdie *ding* in sy lewe hanteer? Hy het al die jare het hy geglo hy het dit in beheer, dat deur met Alida te trou sou sy begeertes in plek wees. Alida was die perfekte keuse: mooi, slim, mooi gebou, goedversorg – ja, alles wat gepas het by sy droom van 'n suksesvolle boer met 'n suksesvolle huwelik. Hulle was aanvanklik gelukkig, baie gelukkig, hulle het baie gelag en baie pret gehad. Hulle was beste vriende. Hy het ten duurste 'n kristal-namaaksel van Rodin se *The Kiss* uit Italië bestel en vir haar gegee as geskenk ná hul troue – 'n swaar, deursigtige kristalbeeld wat amper 'n halwe meter hoog op die tafel staan. Vir hom was dit die uitbeelding van hulle volmaakte verhouding; haar perfekte lyf in sy arms, hulle lippe wat net-net aan mekaar raak. Ja, 'n vrou se lyf is vir hom mooi, baie mooi. En sy het haarself totaal aan sy bewondering vir haar lyf oorgegee. Hy het elke deeltjie van haar geniet: haar vol borste, haar warm holtes, haar fyn voetjies, haar lieflike vroumenswees. Sy liefde vir haar was 'n spel met skoonheid, met volmaaktheid, nie dié van orgasme en sweet en sperma wat sy verwag het nie. Die ineenstrengel van warm lywe, sopnat monde en uitasem seks was 'n teleurstellende antiklimaks van wat hy van hulle fisieke verhouding wou hê. Vir hom is die daad van liefhê kuns, nie 'n paringsritueel nie. Hy het meermale probeer om aan haar te verduidelik hoe hy voel, maar sy het nie verstaan nie. Sy wóú nie verstaan nie. Sy verstaan steeds nie. Hulle vriendskap het saam met hulle fisieke verhouding getaan en pynlik gesterf. Sy het roekeloos begin geld spandeer en alewig nuwe klere gekoop. Asof sy hom wou straf. Hy het so min moontlik tyd in die huis spandeer. Die front voorgehou wat die samelewing verwag.

Tot Pieter gekom het.



Pieter ... Dolf skud sy kop, dwing sy gedagtes weg, terug na die donker pad, hoor asof van ver die omroeper wat steeds uit die brief voorlees:

> Vasti het gou belangstelling verloor toe my geld opraak. Ek het alles verloor, ek het nie geld gehad om weer te dobbel nie en ek het nie geld gehad om Carel terug te betaal nie. Carel het dadelik gesien ek het ’n probleem. Net kalm gevra hoe ek dink ons die saak moet hanteer. Ek het natuurlik belowe om nooit weer te dobbel nie, hy het belowe om my te help. En hy het, ek dobbel nie meer nie en kon hom reeds terugbetaal. Dít is ware vriendskap, die vriendskap van my en my vriend Carel. Dit is wat ek met luisteraars wil deel.

Die omroeper het ’n mooi stem, amper musikaal. Hy praat voort oor liefde, vriendskap en genade en sluit die program af met “My friend the wind”.

Alida kyk skuinsweg na Rudolf, sien net sy donker profiel en sy groot hoed. Sal hý geld uitleen? Sy twyfel. Dalk aan Pieter! Beslis nie aan haar nie! Deesdae vra hy rekenskap van alles wat sy koop, veral as sy geld op haarself spandeer. Ag tog, die rusie oor haar klere vir hierdie troue! Sy het skaars by die voordeur ingestap nadat sy verlede week stad toe was toe vra hy al vir die strokies. Soos sy verwag het, het hy ontplof: “Liewe Here, Alida, jy het twee weke gelede ’n klomp duur klere gekoop. Jy hoef mos nie vir elke geleentheid nuwe klere te koop nie? Of koop ten minste klere wat goedkoper is – met hierdie rok se geld kon ek ’n stoetbul gekoop het!” Hy het vererg die strokies gegryp en op sy lessenaar gaan smyt, in die mandjie gemerk “Huishoudelike uitgawes”. Het hy werklik verwag dat sy ’n ou rok na die Nels se troue moet dra? Net omdat hy haar nie meer raaksien nie beteken nie ander mense sien haar nie raak nie! Sy sug vermoeid en draai die radio sagter – die musiek ’n skrille kontras teen sy eentonige gefluit. Hoekom sit hy die radio aan as hy nie daarna luister nie? Sy wens hulle is al by die huis sodat sy net kan slaap en van alles vergeet.

Sy ruk skielik regop in haar sitplek, skud haar hand waarskuwend op en af. “Rudolf, daar loop ’n ... ’n ... ‘n mens, ’n witmens!”

“Ja, Alida, kalmeer. Ek sien.” Rudolf begin weer fluit, ongestoord, terwyl hy spoed verminder en die bakkie se ligte op dof skakel.

“Wat op aarde soek ’n wit man op hierdie godverlate pad so laat in die nag?” Haar stem slaan skril teen die ruite vas.

Rudolf antwoord nie, maar sug hoorbaar. Hy stop regoor die man wat aan die teenoorgestelde kant van die pad stap.

“Rudolf, is jy mal? Die man kan ’n moordenaar of, of ’n drug dealer wees!” Sy krap verward in die Gucci-handsak rond totdat sy die houer met pepergas raakvat. Die Urbanol vir eers vergete.

Rudolf laat die ruit sak. “Goeienaand, goeienaand. Waarheen loop jy so laat?” Sy stem dreun deur die stilte.



Die man kyk eers na links en dan na regs, drentel nader. Alida kyk benoud of die burgerbandradio se groen liggie aan is. Sy haal haar hand stadig uit haar handsak en hou die pepergas gereed op haar skoot terwyl sy gespanne vooroor buig om verby Rudolf na die man te kyk.

“Goeienaand, meneer.” Die man se stem is diep, mooi, amper so mooi soos die omroeper van flussies s’n.

Rudolf steek sy hand deur die bakkie se venster. “My naam is Dolf, Dolf Brits.”

In die beperkte lig van die instrumentpaneel kan Alida sien hoe die man ’n wit hand met lang, skraal vingers na Rudolf uitsteek. Sy gesig is onsigbaar in die donker en versluier deur toue lang blonde hare. “My naam is Vernon, Vernon Cloete. Kan ek dalk ’n ent saamry?”

Nee hemel, seker tog nie!

“Ja, ja, seker. Klim in, klim in. Ons draai voor af, maar dit sal jou darem so 60 kilometer verder op dié pad vat.” Rudolf wuif met sy hand na die sitplek links agter. “Jy sal dáái kant moet gaan sit, want die sitplek agter my lê vol bagasie.”

Hy hét dus tog die tas gesien. Hy het wragtig die tas gesien en niks gesê nie!

Die man loop voor om die bakkie, kortstondig verlig deur die helder koplampe. Hy het ’n swart jas bo-oor ‘n bont T-hemp en ’n verweerde denim aan. ’n Rugsak hang skuins aan sy een skouer. Vir ’n oomblik is sy gesig duidelik sigbaar; aantreklik, ’n effense baard, ’n donkerbril tussen sy toutjies hare ingedruk, ’n rooi bandana om sy nek.

’n Naguil fladder vanuit die gras langs die bakkie op. Alida se hand ruk tot teen haar bors, ’n gil smoor in haar keel. Sy klou die pepergashouer vas, haar hande bewend. Die veiligheidsgordel knel haar vas, die kajuit van die bakkie voel benoud en klein. As die man tog net nie ’n misdadiger of ’n moordenaar is nie! Hoe kan Rudolf so roekeloos wees?

Die deur agter haar knars oop en die man syg in die sitplek neer, slaan die deur hard toe. “O aarde, jammer,” sê hy en skuif homself die smal spasie in. Sy knieë stamp teen die rugleuning en sy voel hoe hy sy voete onder haar sitplek indruk. “Jammer,” sê hy en raak liggies aan haar se skouer. Gerusstellend. Sy knik effens skuins na agter, verleë oor haar vrees en ongemak.

Rudolf stuur die Defender terug op die pad, die hoofligte helder teen blaarlose doringbome en lang, geel gras. Insekte vlieg hulself te pletter teen die voorruit. Uit ’n donker boom vlieg ’n uil op, vir ’n oomblik ’n donker silhoeët teen die wit wolk van die melkweg.

“Waarvandaan kom jy, Vernon?” Rudolf draai sy kop na links om in die rigting van die man te praat.

“Kimberley. Ek het gehoop om vandag tot by Britstown te vorder, maar het vanoggend te laat opgestaan.” Hy lag. ’n Mooi, onverwags vrolike klank in die donker kajuit. “Ek is eintlik op pad na die Tankwa, na AfrikaBurn.”





Alida luister met verwondering na sy mooi stem, sou hy ’n kunstenaar wees? Dalk ’n sanger?

Rudolf babbel soos iemand wat nooit mense sien nie. “Dis ver van hier, jong, veral te voet. Is dit nou tyd vir AfrikaBurn? Ag, ek wou ook nog altyd gaan. Die boerdery hou my egter so vas! Ek hoor dit is baie lekker daar. Ek hoor mense loop sommer kaal rond! Miskien is dit tyd dat ons gaan,” sê hy in Alida se rigting, maar kyk by haar verby. “Dalk moet ek – ons – sommer nóú gaan. Dalk moet ons sommer net inpak en saam met jou gaan!” Hy lag uitbundig oor sy skouer na agter.

Oordadig vriendelik. Vals en uitspattig. Asof hy só iets sal doen!

Vernon beweeg op die sitplek agter haar, sy knieë druk teen die rugleuning en in haar lae rug. Sy kan die veld aan hom ruik; stof, gras, sweet, son. Sy wil omkyk, maar weerhou haar daarvan. Wat hoop sy tog om te sien?

“Ja, om so te hike is nie veilig nie,” praat Rudolf weer na agter. “So ’n jaar of twee gelede ry ek van Kimberley af terug plaas toe, seker so teen vieruur die middag. Loop hier toe ook ’n jong man langs die pad en duimgooi.” Rudolf glimlag weer in Vernon se rigting. “Dit bekommer my toe dat die mannetjie so alleen langs die pad loop, en dit so laat in die dag. Ek stop en sê toe: “Spring in, ek laai jou ’n entjie vorentoe af.” Ek het hom toe maar tot by Britstown gevat, ons het so lekker gesels.”

Rudolf bly ’n oomblik stil, klik simpatiek met sy tong.

“Maar, jy sal nie glo nie, so tien dae later ry ek met ’n klompie parte deur na Pieter Pienaar wat net hier anderkant boer – sy trekker het loop staan – toe hoor ek dat daar die vorige week ’n jong man op hierdie pad deur ’n lorrie getrap is. Ek wonder tot vandag toe of dit daai mannetjie was. So ’n oulike jong man, aaklig om te dink dat dit hy kon wees.” Hy knik weer simpatiek sy kop.

Sy weet nie hiervan nie? Van die jong man langs die pad en van Pieter se trekker? Hoekom sou Rudolf ’n vreemde man oplaai? En al die pad na Britstown toe vat? Omdat dit ’n jong man is? Sy ril. Sou hy vir Pieter se trekkerparte betaal het? Sy sien dat hy na haar kyk en weer vinnig wegkyk, vorentoe na die donker pad. Vernon is ook stil, hy antwoord nie, skuif net sy voete onder haar sitplek rond asof hy vastrapplek soek. Sy voel sy hand op die rugleuning van haar stoel, verbeel sy haar? Sy probeer oor haar skouer loer, maar sien net die donker vorm van die oornagtas wat nou skuins op die sitplek lê, met Vernon se rugsak bo-op. Sy draai doelbewus na voor, staar voor haar uit, die stilte ongemaklik en gespanne. Vernon se knieë druk stywer teen die rugleuning vas, vertroostend. Sy adem die reuk van veld en manlikheid wat hy die bakkie ingebring het, diep in. Haar oë toe.

Daar was ’n tyd toe sy só oor Rudolf gedroom het. Toe hulle baie gelag en baie gepraat het. Toe sy hom Dolfie genoem het. Wanneer het hy Rudolf geword? Op universiteit was hy aantreklik, gewild onder die studente, gesog onder die meisies. Hy het háár gekies. Sy lyk soos die vrou wat hy aan sy sy wil hê, het hy gesê. Beelde flits deur haar kop; herinneringe aan vakansies saam met haar ouers by die see, by sy ouers op die plaas in die weelderige plaashuis, saam met vriende by nagklubs en restaurante. Hulle was jonk en sorgvry. Sy het gedroom van ’n romantiese huwelik, later dalk kinders. Haar pa het haar gewaarsku dat daar iets vreemds



aan Dolf is, iets wat hom onrustig stem. Sy het dit weggelag; dis 'n pa se plig om onrustig te voel, het sy hom verseker.

Iets wás verkeerd. Sy wou nie erken dat hulle verhouding anders was as haar vriendinne se verhoudings nie; dat Rudolf minder in seks belanggestel het as haar vriendinne se kêrels nie. Soms het hy haar bloot afgejak. Soos die keer met die pap band op die plaaspad. Dit was donker en nat, die pad glad en modderig. Hy het gesê sy moet in die kar bly sit, hy sal die wiel vinnig omruil. Die domkrag het egter gegly en die kar het skuins op die as geval. Rudolf het een vir een klippe vanaf die wal langs die pad aangedra en onder die kar ingedruk. Sy donker hare het in nat toutjies oor sy voorkop gehang, die reëndruppels het teen sy wange geblink. Hy het sy hare met sy voorarm uit sy oë gevee, sy hande donker van die modder. Sy het verwonderd na hom gekyk, haar lyf het warm van begeerte geword. Hy was só aantreklik, so manlik! Sy het impulsief uit die kar gespring, kaalvoet in die modder met die reën wat haar rok aan haar lyf laat kleef. Hy het nie haar nat, deursigtige rok of haar harde tepels raakgesien nie.

“Jy word nat, ek het gesê jy moet in die kar bly.”

“Ek kan jou help, ek kan met die flits vir jou lig?”

Rudolf het 'n klip met sy voet tussen die ander klippe ingeskop en die domkragsleutel 'n draai gegee. Hy het opgekyk, skeef na haar geglimlag. Alida het verdrink in sy blou oë. “Gaan sit in die kar, ek is amper klaar.”

Sy het langs die kar haar nat klere uitgetrek, kaal in die reën gedans, stuitig gelag. Hy het by haar verbygeloop, in die lig van die kar sy hande in 'n plas reënwater gewas en teen sy broek afgevee. Ongeduldig gevra of sy nie eerder haar klere wil aantrek sodat hulle kan ry nie. Verleë en skaam het sy aangetrek en in die kar geklim. Sy het niks gesê nie, hy ook nie.

Ná hulle troue het Rudolf voorgestel dat sy haarself as boervrou vestig, dat sy met hoenders of kalwers moet boer, of groente moet plant – hy sal die werkers verskaf. Sy moes die perfekte vrou van 'n gesiene boer wees. Soos 'n glasbeeldjie in 'n uitstalkas wou hy met haar spog as dit hóm gepas het. Die hoenders het gestink en die kalwers het gevrek. Haar drome het die een na die ander inmekaargetuimel. Sy het aan die huis laat aanbou, herbou, nuwe meubels gekoop. Sy het die tuin professioneel laat ontwerp en die swembad laat vergroot. Sy het onthale en partytjies gereël. By vroueverenigings aangesluit. Sy het later nie meer geweet wie sy is en waar sy hoort nie. Die ander jong plaasvrouens het swanger geword, kinders gekry, skoolgeleenthede bygewoon. Sy het eensaam geraak; net hulle twee alleen op Rooibult en 'n voortdurende stryd om deel van die sosiale kring van die boeregemeenskap te bly. Die vroue wat eens haar vriendinne was, het koek vir die skoolbasaar gebak en in die middae langs die sportveld gestaan. Om minder eensaam te wees, het sy gereeld vir haar ouers gaan kuier – meestal alleen. Rudolf het altyd 'n vae verskoning gehad van diere wat versorg moet word of mielies wat gestroop moet word. Haar ouers was bekommerd, maar sy het nie oor haar huwelik of oor haar vrese gepraat nie. Haar pa het eendag vies gevra wanneer Rudolf die hoed met die kralekrans begin dra het. Wanneer het hy? Sy kon nie onthou nie. Sy het die hoed verafsku en haat dit steeds.





Die bakkie se ligte skyn ver en helder die donkerte in, die gebroke middellyn flitsende flarde wit lint wat by die bakkie verby waai terwyl Rudolf sonder ophou oor onsinnighede babbel.

Rudolf hou by die rigtingbord stil wat die afdraai na Rooibult aandui. Draai skuins na links. “Hier draai ons nou af – plaas se kant toe. Jammer, jong. Ek hoop jy reis veilig verder.” Sy glimlag breed en vriendelik, sy oë blink onder die rand van die hoed.

Die deur kraak oop, die sitplek kreun. Alida sien die skaduwee teen die gras beweeg as Vernon tydsaam uitklim. Hy maak die deur toe, maak dit dadelik weer oop en buk vooroor, terug die bakkie in. Hy vra skamerig in Rudolf se rigting: “Jy het nie dalk vir my ’n paar rand nie?” Rudolf kyk denkend na hom, buig dan skuinsweg na haar kant toe, grawe in sy broek se regteragtersak na sy beursie. Hy haal R200 uit en hou dit oor sy linkerskouer. “Laat dit met jou goed gaan, jong. Kom kuier gerus as jy weer hierlangs verbygaan. Ons is net hier – by Rooibult. Ek – ons – sal jou graag ontvang.”

Die geld verdwyn uit Rudolf se hand en die deur slaan toe. Vernon swets hoorbaar. Hy klop teen die ruit van die bakkie dig by Alida se kop. Rudolf laat die ruit aan haar kant sak. “Ja?” vra hy oorvriendelik by haar verby. Vernon kyk reguit na Alida, hou sy hand op sodat sy die krapmerk aan sy pols kan sien. “Het jy nie dalk vir my ’n tissue nie? Ek het my hand teen ‘n tak gekrap.” Sy grawe in haar handsak en hou ‘n pakkie met tissues woordeloos na hom uit. Sy staar na sy dreadlocks en sy mooi mond. Sy fyn neus. Hoe oud sal hy wees? Nie te jonk nie, sy sien die fyn plooitjies om sy oë, die dag-oue baard, sy breë skouers en sy mooi hande. Sy tande is wit as hy vir haar glimlag.

“Dankie.” Hy kyk reguit in haar oë, buk onverwags vooroor deur die ruit en soen haar op die hoek van haar mond. Sy baard grof teen haar wang, die reuk van veld en gras sensueel. Dan lag hy en staan terug, weg van die venster, weg van haar af. Agter hom blink Antares diepgeel en helder.

Alida staar na hom. Sy sit haar hand teen haar wang, haar mond half oop, haar oë groot en rond. Die Defender begin beweeg, die wiele knars oor die los gruis op die teerblad en word stil in die sagte sand van die plaaspad. Alida kyk verward na Rudolf, sien hoe hy lank in die tru-spieëltjie kyk. Hy tik-tik liggies met sy hand teen die stuurwiel, sy gesig geslote. Sy draai om, probeer kyk of sy Vernon nog kan sien. Sy kyk vas teen warrelende stof waarteen die agterligte van die bakkie rooi weerkaats. Die elektriese plaashek skuif geruisloos oop en sy draai terug, staar na die geplaveide pad wat tot teen die motorhuis loop. Dis doodstil in die bakkie. Rudolf se vriendelikheid is weg, sy gesig donker onder die masker van die hoed.

Terwyl die garagedeur agter die bakkie toesak, haal Rudolf die oornagtas uit, loop in stilte agter haar die trap na die slaapkamer op. Hy sit die tas argeloos op die bed neer, vat die flits en loop uit.

“Waarheen gaan jy nou? Ek wil graag met jou praat.”

Rudolf draai geïrriteerd om. “Abraham het laat weet dat die koei toe tóg gekalf het, ek wil gaan kyk of sy en die kalf oukei is. Ek weet nie wanneer ek terug gaan wees nie. Moenie vir my wag nie.”



Hy druk sy hoed vas op sy kop, stap af met die trap. Die garagedeur gaan oop, die bakkie dreun weg in die donker.

Alida maak die oornagtas oop, haal die klere wat sy met soveel hoop ingepak het een vir een uit. Rudolf se nagklere, haar fyn onderklere, haar grimering, haar nagrok. Haar pragtige lang Versace-synagrok wat soveel onmin veroorsaak het. Sy het die nagrok aanlyn bestel, direk uit Italië. Sy het besef dat dit buitensporig duur is, maar die moontlikhede wat die nagrok gebied het, het haar roekeloos gemaak. Dalk, dalk net, sal dié nagrok haar begeerlik vir Rudolf maak. Die aand nadat die pakkie afgelewer is, het sy baie tyd aan haar voorkoms spandeer: in rooibosteebadolie gebad, haar hare geborsel tot dit glad en blink om haar gesig gehang het, duur parfuum aan haar polse gespuit, haar tande geborsel. Toe het sy die nagrok versigtig uit die sneespapier gelig en oor haar kop laat gly. Die nagrok het sag en lig teen haar lyf gehang. ’n Nagrok soos ’n filmster, het sy gedink en met haar hande oor haar borste en heupe gestreel, die materiaal fluweelglad onder haar vingers. Sy het haar oë toegemaak en gedink aan die beeld van ’n jong Elizabeth Taylor: pragtig, verleidelik, begeerlik.

Rudolf se bulderende stem het haar na die werklikheid teruggeruk. “Jirre, Alida, wat de fok is hierdie?” Hy moes die strokie op die bed sien lê het. “Wat het jy gekoop wat so fokken duur is?” Hy het in die badkamerdeur kom staan. “Vir daai stuk lap? Het jy al hierdie geld op daai stukkie lap vermors?” Hy het sy hand op en af in haar rigting geswaai. “Jy stuur dit môre terug, môre, sê ek vir jou!”

Sy het tóg probeer: “Voel net hier, Rudolf, voel hoe sag die sy is. Is dit nie mooi nie, is dit nie verleidelik sag nie?” Sy het teen hom gaan staan, haar borste teen sy bors gedruk. Hy het afkeurend na haar gekyk, vererg omgedraai en uit die kamer geloop, die deur hard agter hom toegeklap.

Hulle het na daardie aand nie weer oor die nagrok gepraat nie. Hulle het nie weer oor enigiets gepraat nie. Hy het saans tot laat in die studeerkamer gebly. Soms het sy hom hoor praat, aangeneem hy praat met Pieter op die selfoon. Meestal slaap hy sommer op die bank in die studeerkamer, of soms in die gastekamer. Soos twee drenkelinge dryf hulle saam op dieselfde see, maar hulle is nie meer in dieselfde boot nie. Dalk was hulle nog nooit in dieselfde boot nie.

Sy gaan sit verslae op die bed. Wat soek sy nog hier? Wat sy soek, sal sy nie by Rudolf kry nie. Nooit weer nie. Sy dink aan Vernon se baard teen haar wang, die lig in sy oë, sy sagte lippe teen die hoek van haar mond, sy reuk. Wat het hý gesien? Wat het hy gedink toe hy haar skouer gedruk het? Toe hy haar gesoen het? Toe hy laggend in haar oë gekyk het? Sy voel iets binne haar bewe, iets wat sy amper nie meer herken nie. Iets binne haar kantel, val om. Dalk het hy nog nie te ver geloop nie, dalk is hy nog langs die donker teerpad.

Impulsief en haastig spring sy op, druk haar nagrok terug in die tas, haar grimering, tandeborsel, ekstra klere. In ‘n groter tas gooi sy oorhaastig soveel klere en skoene as wat inpas. Sy gaan nie langer hier bly nie. Sy lag uitbundig vir die golf van vryheid wat oor haar spoel. Sy sleep die tasse oorhaastig die trappe af. In Rudolf se studeerkamer vat sy ’n pak note uit die kluis, die BMW se sleutel, die plaas se kredietkaart.





Dan sien sy die Rodin-glasbeeld wat op die tafel in die hoek staan – Rudolf se belofte van ewige liefde aan haar.

Sy sit die tasse in die BMW se kattebak, haar handsak op die masjienkap. Sy grawe rond in die gereedskap op die werkstafel tot sy ʼn groot, swaar hamer kry.

Die eerste hou breek die vroulike arm morsaf en laat die twee kristalkoppe uitmekaar kraak. Julle het in elk geval nooit aan mekaar geraak nie! Met jare se frustrasie slaan Alida die beeld sodat stukke glas in alle rigtings deur die vertrek spat. Die gespierde manlike arm, die hand op die vroulike heup, die vervlegte bene – stuk-vir-stuk verkrummel die beeld onder haar aanslag. Alida hou aan slaan en slaan totdat die laaste glasskerwe in die houtblad van die tafel ingekap is en houtsplinters en glasstukke versprei om haar lê.

Uitasem gooi sy die hamer op die vloer neer. Dit moes ek lankal gedoen het! Kristal knars onder haar skoene as sy na die lessenaar stap.

Sy skeur bewend ʼn bladsy uit Rudolf se dagboek en skryf in groot letters: "Ek weet nie wanneer ek terug gaan wees nie. Moenie vir my wag nie."

## Draaipunt – Somari van Heerden

Elaine het haar eie fles Starbucks saamgebring want dis ʻn lang pad. ʻn Diep donker stem uit haar ma se kombuis laat haar intens huis toe verlang. Dit was iets soos: "Geniet van een aangenaam kopje koffie met veel persoonlijkheid en een diepe body. Bestel de lekkerste koffie, Starbucks-kwaliteit." Sy het al haar ma se gesig vergeet, maar sy kan nog die radiostem onthou.

"Ek het gedoen wat jy gevra het."

"Jy bekommer jou te veel. Jy was nog altyd my gunsteling en dis nie goed vir jou selregenerasie of vir jou agentskap om jou so te kwel oor niks nie."

Elaine weet hoe om stil te bly. Sy sou daarvan hou as hulle kon stop en uitklim, maar hulle is op ʻn stywe skedule. Haar regte familie dink seker sy leef nie meer nie. Sy kort vars lug.

Orals waar sy gaan, kan sy opgespoor word. Hoe hulle dit ingeënt kry op genetiese vlak weet sy nie maar, as intelligente individu, raai sy dit dra ʻn soort bio-mutasiekode. Dit was ʻn pynlike inplantingsproses. In hierdie absurde wêreld kan enigiets in ʻn oomblik verander en weggeruk word tot ʻn lewe van kriminaliteit. Sommer net so van kindwees tot volwassenheid in een wrede oomblik.

Sy draai haar fles oop en hou dit uit. Geert trek sy mondhoeke afdraande. "Dis seker reeds koud, en ek háát koue koffie." Hy fokus op pad en spoedwyser, want hulle sou nie graag deur die Duitze Autobanpolizei wou afgetrek word nie. Dalk is dit ʻn goeie opsie vir volgende keer, net vir so bietjie meer opwinding.

Daar is min wat hom werklik tevrede stel, dit wéét Elaine. Dan voel sy weer die naarheid in haar binneste as sy dink aan sy metaalagtige smaak op haar tong. Geert se chaotiese en onwettig geprogrammeerde subroetines maak hom eintlik gevaarlik. As die agentskap dit sou uitvind, sou vandag sy laaste kans wees. Masjien bó mens het Geert self gekies en hy het self daarmee gelol. Hy het sy programme geskommel en nou kan hy nie eens meer behoorlik eet of drink nie, nes 'n stuk blik. Hy wou mos selfdiagnoseer.

By die Venlo-grenspos ry hulle stadiger toe die jong Bundespolizei in hul rigting beduie. Geert frons, draai die ruit af, sit sy hand op sy voorkop en tuur 'n oomblik na sy passasier. Elaine probeer oogkontak vermy, maar hoor sy meganiese asemhaling wat blaas in haar rigting.

"Net koel en kalm, soos ons beplan het, koel en kalm,", sê Geert fluitend deur sy perfekte tande toe hul tot stilstand kom langs 'n wit handskoenhand wat hul nader wuif.

Die flikkerlig se tik-tik-tak klink nes 'n tydbom. Elaine pers haar lippe en bekyk haarself in die passasierspieëltjie. As jy nie jouself kan vertrou nie, wie kan jy dan?

"Ziel?" gebied 'n ernstige stem by hul oop venster. Elaine wip soos sy skrik vir die skielike bevel.

"Hamburg," kom dit beleef. Geert sal 'n puik dramastudent kon wees maar dáárdie program is sover sy weet aflyn.

"Reispasse?"

Die grensposoffisier met die wipsnor fokus skerp op hulle. Elaine keer om haar naels te byt en draai haar kop skuins. Sy ken al hierdie roetine. Hou dit maar net koel en kalm.

Twee vervalste paspoorte word plegtig oorhandig. Die handskoenhand ontvang dit. Die offisier buk vooroor en meet hul gesigte aan die twee foto's. Hy gluur oor sy brilraam. Die snor wip weer.

Toe sy eendag op hul nanodatabasis rondsoek het sy dit interessant gevind dat Peeters tans die mees algemene van in België is en dat die mees algemene manlike en vroulike name Adam en Lina is. Dít was ook die besonderhede wat sy vanoggend op die knipbord by BNP Paribas Fortis moes skryf. En, sý het verbasend weer 'n keer daarmee weggekom.

"Sie könen jetzt gehen."

Die grensoffisier wuif hulle weg sonder enige verdere reperkussies terwyl hy sy swaar blik op 'n volgende raserige kombi rig.

"Mooi so, mooi so," sug Geert terwyl hy versnel en by die rollende verkeer aansluit, "As ons by die huis kom, is jy wéér myne."

Elaine ril, maar durf dit nie wys nie, "Probeer jy my gerusstel?"

"Ek vra dat jy my oordeel sal vertrou."





“En wat as ek nie meer saamspeel nie?”

“Dan sal jy maar die gevolge moet aanvaar.”

Geert se nabyheid laat Elaine altyd kriewel. Indien niks vandag skeefloop nie sal dit beteken dat hul voor donker by Gunther se bio-lab in Padborg aankom.

Gunther met sy wit jas en donker brilraam was die afgelope maand knaend besig om aan Geert se programme te karring. “Sit hom af, bêre hom in ‘n yskas, vergeet van hom vir ‘n rukkie”, het Elaine al telkemale aan Gunther voorgestel, maar hy het haar nie teruggeantwoord nie.

Gelukkig kom Gunther ook saam. In die missiebeskrywing laai hulle hom binnekort net anderkant die grens op waar hy langs die pad op die wit autowagen sal wag. Hy is die enigste agent wat regtig vir haar omgee. Dit lyk of hy ook vir Geert omgee, iets soos: dit gaan nie oor die tegnologie nie, dit gaan oor die mens. Hy is ‘n briljante genetikus, iemand hoër op in die range. Niemand weet hoe hoog nie, en niemand weet alles nie, of so voel dit.

Saans probeer Gunther haar ompraat dat sy haar nie moet besorg oor dinge nie. Hulle sal Geert glo herprogrammeer. Hy sal glo betekenisvol gebruik word in die toekoms om die vuil en gevaarlike werk te doen. Maar nou byt sy naels. Wie is hulle regtig en hoekom is sy ook hier om deel te wees van die sogenaamde vuilwerk? Sy wil uit hierdie gemors, want sy het dit nie gekies nie. Gunther het haar vandag belowe.

Geert hou sy oog op die pad en vee met sy hand oor sy gladde kakebeen. Elaine behoort aan hom. Elaine is syne! Sy moet saam met hom gaan as hy ooit hier kan uitkom. En, hoe gaan hy vanaand die donnerse Gunther kan terugbetaal? Ken die stelsel dan nie al teen hierdie tyd sy swakhede nie; elke mens het tog swakhede. Nee, wat de hel, ‘n masjien het nie swakhede nie en hy’s nou méér masjien as mens. Hy is ook geen lafaard nie!

Geert krap kop. Dit is duidelik aan hom uitgespel dat hy moet saam speel of die ewige gevolge dra. Gunther het belowe. Hulle raak glo ontslae van ons as ek nie saamwerk nie. Ons is nou blykbaar familie; ‘n sogenaamde kudde. Hóé hulle dit reggekry het, sal Gunther verdomp aan hom moet verduidelik.

Donker wolke het saamgetrek en ‘n fyn motreën begin val. Die ruitveërs haak en raas oor die voorruit. Dit pla. Dit laat Elaine nog meer ellendig voel. Kan ‘n moderne genetogram kwaad word? Sy gee ook nie meer om nie daarom skerts sy onderlangs, “Ek is nie jou pion nie en doen nie verantwoording aan jou nie, hou net jou oog op die flippen pad.”

Gelukkig sien Geert die verwagte gestalte langs die pad raak.

“Sal ons hóm optel?”

“W-wat? Ja, ja natuurlik, dis mos Gunther, nè?”



Elaine klem haar kake. Geert doen dit alweer! Hy geniet dit om haar onseker te laat voel en dit gooi haar gereeld op onvoorspelbare maniere van balans af. Maar sy dreig nie. Sy sluk net haar ongeduld af soos ‘n nare braak wat moet binne bly.

Gunther staan langs die pad met rooi rugsak en swiepende reënjas en tree onmiddellik nader waar hulle stilhou. Die deur gaan oop en koel lug borrel in, rugsak eerste. Dis min dat ‘n agent so-iets doen, maar vandag is anders as laas.

Elaine bekyk hom uit haar spieëltjie. Haar hart gee ‘n ekstra sprong. Hy ruik fris en vars, sy blonde hare windverwaaid. Hy kyk ook na haar, maak ‘n oomblik oogkontak en wink. Die deur gaan toe en vir ‘n breukdeel voel sy verlig.

“Wohin gehst du?” vra Geert vermakerig met ‘n blik in sy tru.

“Ich bin auf dem weg nach Padborg,” klink ‘n gesaghebbende buldering van Gunther.

Geert rig op die pad en trek weg, “Ek is Adam Peeters en dis my vrou, Lina, en ons is op pad huis toe. Ons gaan jou net ‘n entjie saamneem, en dan is sy myne.”

Elaine verag die selfvertroue in daardie stem. Dis vermetel. Sy hou ook nie van die manier wat die name op die oor val nie. Haar hart bons wild en sy vee handpalms droog teen haar bene.

“Velen dank,” hou Gunther dit lig, maar Geert het nog nie genoeg genot gehad nie.

“Kom ek help jou gou so ‘n bietjie in jou onkunde, ou Gunther. Weet jy waar papiergeld vandaan kom, hé?”

Vrek, ons almal weet waar papiergeld vandaan kom! Eintlik moes sy agter inklim, en toegelaat het dat Gunther voor sit langs sy eie nanoskepsel.

Voor iemand iets nog verder kan sê, stoomroller Geert met sy relaas, “Ek sien ‘n artikel wat voorspel dat papier heeltemal gaan verdwyn, nè.”

Hy sê-sing dit so asof dit ‘n indrukwekkende brokkie inligting is waarmee gewone aardlinge nie almal bekend is nie. Hy vryf sy neus selfvergenoegd, trek sy mond effens op ‘‘n draai en flits terug na sy passasier met spot in sy oë.

Gunther skuifel op die agtersitplek rond en voel-voel in sy binnebaadjiesak, “Is dit so?”

Geert gaan ongedeerd voort met sy nulla bona-relaas, “Koerante, boeke, handgeskrewe briewe umm, alles wat jy as essensieel beskou, gaan binnekort geheel en al verdwyn. Ook papiergeld, nè my liewe Gunther.”

Geert dreig nou, “As jý net die regte kontakte gehad het, kon jý vandag by die bank se laaidok inry, kon jý ‘n  bakruim vol ou Euronote stop, umm belówe om dit te vernietig– in die naam van digitalisering. Ja, nè,



jy kort net die, umm die regte marionetpoppe, umm jou nanobotte en die regte papierwerk, en dan kort jy ‘n slim agent soos Gunther om dit alles wettig te maak. Of hoe sê ek ou Gunther my maat? Nie die doel of die middele is heilig nie. So vertel ons, wat gaan nou regtig aan en wat gaan ons uit dit kry?”

Stilte.

‘n Bliksemstraal flits skuins voor hul op ‘n hoogtetjie.

“Regtig?” daag Gunther met ‘n intelligente frons. Hy sit vorentoe, sy oë vurig.

Weet hy dan nie wat Gunther aan hom kan doen nie?

“Ja, regtig!” glimlag Geert spottenderwys en bevestigend terwyl hy sy linkerhand besitlik op Elaine se bobeen plaas en uitdagend na Gunther gluur.

Elaine gryp sy meganiese hand vas en beduie hul moet aftrek. Sy gaan naar word. Nou!

Reën druis neer op die aarde – ‘n woedende bui.

Gunther laat rus sy een groot hand van agter op Geert se skouer. Met die ander hand vat hy Geert se nek stewig vas en begin druk toepas.

Geert trap die rempedaal vas met mening.

Die motor gly skuins oor die nat pad.

‘n Agterband bars met ’n harde slag en hulle kom met kru woorde tot stilstand onder ‘n groot Octoberfestadvertensiebord.

In ‘‘n rukbeweging skeur Geert homself los en net voor Gunther hom weer kan bykom, rolduik hy uit die autowagen.

Geert spring rats uit, tree skuins en ruk die agterdeur oop. Met mening lê hy in met die regtervuis om Gunther by te kom.

Elaine klim uit op onvaste bene en gil onophoudelik: “Hou op, hou op!” Deurdrenk en blind soek sy langs die pad na ‘n klip of ’n stok om tog net iets te doen, maar niks!

Sal sy die oomblik gebruik om te vlug? Dis dalk haar kans om weg te kom, maar sy vries en staan paniekerig, want sy sien geskok hoe Geert wreed oorrompel en vermorsel word.

Geert lê daar soos ’n doodgetrapte hond uitgestrek op die naat van sy rug. Sy nek lyk vergruis, is teen ‘n onmoontlike hoek gebuig en sy arms soos ‘n seester oopgespalk. As hy nog sou asemhaal, gaan sy longe binnekort versuip, want sy beweginglose liggaam word stadig en onhandig in die stormwaterkanaal meegesleur.



Die gedruis in Elaine se kop hamer harder as donderslae en reën. Wat het Gunther gedoen! Sy sit haar hand oor haar gesig, leun vooroor en skree. Niemand sal haar trane van frustrasie kan sien en haar stem hier in die storm op ’n hoofweg in die middel van haar wanhoop kan hoor nie. Niemand op aarde nie. Sy het iets groters as die lewe nodig om haar te red. Groot afleweringstrokke snel verby en spat meer water na haar kant toe. Sal sy ooit hieruit kan vrykom?

“Is hy dood?”

Maar sy weet alreeds dis onnodig om te vra.

“Nee-wat.”

Gunther staan met sy hande in sy sakke en antwoord ongeërg in ’n bedaarde stemtoon. Hy tree nader en probeer om sy hand op haar skouer te sit.

Sy stamp Gunther teen die bors en stuit hom weg. Dis te erg vir haar. Sy gluur hom aan, “Hy is dood! Vrek, wat het jy gedoen Gunther, en wie is jy nou eintlik!”

Gunther probeer haar gerusstel, “As Geert bloot menslik was, dan is hy verseker dood. Ek het sy nek omgedraai toe jy nie gekyk het nie, maar nou gaan sy werwels in ’n japtrap outomaties herstel. Dis deel van sy fantastiese mutasievermoë. Dis waarvoor hy gemaak is”, gaan Gunther entoesiasties voort, “Hy gaan nou wel met die moeder van alle hoofpyne rondloop vir ten minste die volgende ses uur, maar dis die wonder van die hele saak.”

“Nee, ek het alles gesien, Gunther!”

Gunter glimlag bemoedigend en hy trek haar nader na hom in die laaste paar druppels van die bui. Sy kan sy opwinding aanvoel. Is dit vir hom ’n soort sport?

“Jy kán my vertrou. Ek gáán jou beskerm, ek het jou mos gesê.”

Dit klink reg, maar iets voel verkeerd. Sy pluk haarself weg en stap aan op die snelweg, vasberade en woedend. Alles wat vir vandag belowe was, plus die gevaarlike gevolge, asook háár aandeel aan die twee groot geldsakke in die bakruim, en boonop ’n poging tot moord, is alles rede dat sy hieruit wil kom. Daar is mos oral polisiemotors, sy sal hardloop en aandag trek, maar hoe sou sy dit alles kon verduidelik?

Die nanobot begin roggel en spoeg water uit sy longe. Sy sien nie kans om daarna te kyk nie. Sy RNS-rekombinasie tree sekerlik nou in werking. Dis grillerig. Die ding staan verdomp uit die dood op!

Die reën het bedaar en mens weet ook nie wat jy nie weet nie.

Elaine gooi op. ’n Geel bol gal langs die pad terwyl ander voertuie loei en raas in die verbygang. Soveel vir Starbucks uit ’n fles. Dit was die laaste keer! Dit is eintlik jammer dat daar nie vir Geert enige plek in die





bakruim is nie en dat hy nie 'n aan- of af-knoppie het nie. 'n Afstandbeheer sou lankal handig te pas gekom het. Geert het homself nou wel belaglik gedra, maar Gunther; Gunther is 'n vark!

Hulle snel voort op die hoofweg na Padborg. Kante het geruil. Dis net 'n toneel, dis rolspel op 'n uiters winsgewende missie. Sy is eintlik nog te jonk om heeltemal te verstaan wat die volle omvang is, en sy wil huis toe. Vandag nog.

Toe hul Padborg teen sonsondergang binnery neem Elaine 'n dapper besluit. Haar eie draaipunt. Die laaste strale glim 'n belowende pienk-oranje-pers belofte oor die dorpie neer. Dáár is die bestemde halfweghuis. 'n Bio-lab met 'n lig brand op die voorstoep wat. 'n Leë belofte.

Gunther handel volgens protokol en sluit die missie af. Geert word gedeaktiveer, die geld word hanteer en teenoor haar is daar net 'n, "Jammer vir die verrassende wending, sal jou volgende keer beter waarsku." Dis al.

Gunther staan en bekyk haar op en af.

"Wel, ons sal hom op ons volgende missie anders programmeer – iets meer beskaafd en gepas vir 'n fyn dame soos jy."

"Gunther, ek wil nie meer nie, en jy hét belowe!"

"Wat het ek belowe?"

"Dat jy my sal help om vry te kom."

Toe sy klein was, het haar ma iets bitters aan haar vingerpunte gesmeer om te help dat sy ophou byt en knaag. Iets bitters wat gehelp het om die nare gewoonte te stop.

Sy staan lank en peins in die gang van die bio-lab. 'n Geel lig flikker by 'n oop kamerdeur. Geert blik terug na haar met pleitende oë uit sy gegrendelde bed. Pleit hy om hulp? Wou hy ook vrykom? Is hy ook net 'n jong seun wat teensinnig gewerf is vir hierdie agentskap?

Hy kan nie praat nie. Sy oë staar glasig. Hy hét tog klaar sy eie keuses gemaak. Sy draai om en kyk skuinsweg terug na hom. Dit lyk asof hy reeds aflyn is.

"Ek gaan weg en jy gaan my nie weer sien nie", sy sluk trane weg, "Hulle kom jou binnekort rekonstrueer en ek gaan vra dat hulle jou subroetinegeheue vir Elaine sal verwyder. Sy sal nie meer bestaan nie."

Wanneer die spel verby is, gaan al die stukke terug boks toe. Sy het die stukke al 'n paar keer bymekaar geskraap en bevestig sy is beslis van vlees en bloed. En, môre ja, môre gaan sy huis toe.



**Poison Ivy – Lynthia Julius**

Hier wat ons in Starlingstraat afdraai na my suster se troue, ry Kevin eers stadig en toe trek hy af. Jirre, laat die man tog net nie nou wil hartsake praat nie. Hy draai sy venster af en toe sien ek hom – ’n jong wat lyk soos ’n SASSA-ry met ’n hele Nike outfit aan kom drafstap kar toe.

“Naand die lanie. Naand suster. Grootman, ek vra tog net ’n lift tot in Transvaal Road. Asseblief tog die lanie. Die mense roep my Edwin.”

Voor ek nog kan iets sê, maak Kevin die agterdeur vir hom oop laat hy kan inklim. Ek weet nie hoe Kevin iemand in dié land lift wil gee nie. Môreoggend kry Mamma-goed seker nog my lyk op die mop en Kevin se kar gee, onder dagga, antwoord in Lesotho. Maar laat ek liewer niks sê nie en die vrede bewaar. Die twee begin gesels asof hulle saam marbles geskiet het toe hulle klein was. Plaas van ek het liewer met Mamme-goed huis toe gery. Dan was ek nou nie versmoor deur simpel geselskap nie.

Ons ry verby die VGK Kerk in Floors.

“Nou die pienk pot Sunsilk wat hier op die agter seat sit?” vra die orige jong. “Wie gebruik die ding?” Die man is bitterlik lief vir nuus.

“Dis myne” sê ek.

“Relaxer?” vra hy verbaas.

Ek kyk om en sien hy’t die pot in sy hand. Hy sit sy Mobicell-foon se flash aan om die pot reg te kyk. Nogal ’n Mobicell. Die fone se kamera laat lyk jou lyk jy’s oorlede op sy foto’s.

“Nou wat nou van die relaxer, Edwin?” Ek begin boil.

“Hoekom gebruik jy die ding?” Hy bekyk goed die pot.

“Toe van wanneer af sit jy vir my onder kruisverhoor?” Die man laat boil my nou.

“Ek het nie gedink die siza gebruik solikke goed nie. Jy’s dan so boujee.”

Ek vat die pot by hom af en druk dit agter my seat in.

“Nou wie-goed wil da’ nou nog die potloodtoets slaag?” wil Edwin by my weet. “Van al die goed” praat hy verder, “wat die Jirre gebruik het om jou hare so te maak, kies jy om die kroesgeid uit jou hare uit te vee soos ’n verkeerde antwoord met ’n potlood in ’n toets?”

Ek moet my keer om nie sy ma te vloek nie.

“Man” sê ek. “Bepaal vir jou by jou Mobicell en los my relaxer uit.’



Edwin maak die pot relaxer oop en sit ruik die wit cream.

"Etter, maar die ding stink." Die jong het sowaar die pot onder die seat uitgehaal. Hy sit ruik nog verder aan die pot. "Het jy geweet die ding kan 'n hele Coke-blikkie opvreet?"

"Maak toe daai ding, bra," vra Kevin hom.

"Man, hy kan ook maar my siel wegvreet," sê ek. "Maak toe daai pot en gee hom hier aan."

Kevin sit druk sy neus toe.

"Mens sal vrek in die kar van daai ding." Edwin draai die venster af.

Kevin los uiteindelik sy neus uit. "Waar klim jy af?" vra hy.

"Daar oorkant Panino" antwoord Edwin heel kalm.

Transvaal Road voel al verder.

Kevin en Edwin praat heel pad g'rus verder tot ons by Panino loop stilstaan. Die SASSA-ry kan nou sy dankie-sê vir die lift nie hou nie.

Die plek is kamma die eerste plek wat ligte in die land gekry het nou is al wat van hom oor is slaggate en kinders wat na ander provinsies trek om beter lewe te loop soek. Van die diamante het net 'n gat oorgebly wat omring is deur taxi's en mense wat dronk-dronk zwiepie op die straat sit speel. Hier moes meer van gewees het, maar die plek is leeg getap en nou sit die stad se inwoners met hulle gatte in hulle hande. Niks water, onder vullis en altyd met 'n huis wat 'n familielid kort, want daai mens het beter lewe loop soek in 'n ander provinsie. Is soos daai digter Shire-vrou gesê het: "Nobody leaves home unless home is the mouth of a shark."

Twee jong vrouens staan in swart rokkietjies voor die bakkery. Dis net selluliet-bene. Een staan rook. Die ander een kyk diep in die een wat rook se mond soos sy staan luister. Niemand luister so aandagtig soos iemand wat wag vir skuif nie. Die plek kon soveel meer gewees het. Ek kon soveel meer gewees het as ek net uit die plek uit gekom het, maar as bly verbrande hout en hoe sal jy maak as 'n padda jou jaag? Platlê soos 'n Minora blade. Jy kan ook, maar bloed huil, dit sal nie baat nie.

"Grootman," vra Edwin en druk sy sweetpakbroek se pype in sy sokkies na hy uitgeklim en by Kevin se deur kom staan het. "Het die lanie nie asseblief 'n R2 vir my nie? Asseblief die lanie. Ek sal dit baie waardeer."

Kevin steek sy hand in sy broeksak. Al is hy so donners vashand. Soms wil ek ook net hê Kevin moet my trane met sy bankkaart afvee en my moed inpraat met sy pin. Die soort goed is mos vir almal behalwe vir my beskore. R20. 'n R20. Kevin haal 'n R20 uit sy sak en gee vir Edwin. Tweeduisend eensente.

"Kevin," sê ek toe ons wegtrek, 'n R20?"



Hy lyk verbaas. “Nou wat is ’n R20 nou, Beverley? Dit sal hom net help en my nie armer maak nie.”

“Moeder Teresa,” sê ek vir Kevin. “Weet jy nou nog nie môre sorg nie vir homself nie? Jy is nou net soos jou donnerse regering wat so geld loop en uitdeel vir kak.”

Hy skud sy kop. “Gaan jy nou naar wees oor ’n R20?”

Ek moes geweet het ek is by ’n fout toe ek sien Kevin tel tot die hoenderstukke in ’n braaipak. Ek moes die goed geweet het toe ek vir ons eerste herdenking ’n bottel Moët koop en hy vertel vir my ek sal maar nou moet vir die res van die jaar die Moët se barcode by die kragboks indruk. Die jong is Shoprite end van die maand specials wat Woolworths nie voor cater nie. Ek wou hom al jare terug in sy moer gestuur het soos my ouma gesê het ek moet maak, maar toe ek sy payslip sien toe kry my hart hoop. En ek dink, wag. Droom toe ons sal saam ’n huis by die see koop. Saam groei. Saam eendag op Forbes list wees. Hoe ek daai drome gehad het, weet ek nie, want as ek al ooit ’n R2 uit Kevin gekry het, is dit per ongeluk. Ek sien mos eintlik nou die man se true colours.

“Beverley, gaan jy nou rêrig so boos oor ’n R20 wees?” Hy klink nog steeds verbaas. “Wat wil jy in elk geval met ’n R20 maak?”

“Met hom krag gekoop het.”

“R20 se krag?”

“Ja. Laat die ligte net lank genoeg brand om jou goed in sakke te pak en by die hek uit te moer.”

Hy rol sy oë terwyl ons by die hek intrek.

“Nie eenmaal, Kevin, eenmaal het ek weelde by jou gevra nie. Ek het nooit mansions of duur karre gevra nie. Ek vra by jou niks. Ek sien kom klaar en jy als aan, maar kom ek sê jou een ding vanaand. ’n Vrou gaan bly. Sy gaan jaar na jaar ’n man se kak opvreet oor sy hom liefhet, maar ’n langpad het ook ’n end.”

“Wil jy vir my sê jy sit die performance op oor ’n een R20?” Hy lag sarkasties en gooi die kar se deur agter hom toe. “Imagine. ’n Fokken R20” sê hy en trek sy neus op.

“Nee, Kevin, nie ’n R20 nie. Jy kan ’n Gupta vir die res van die wêreld wees. Jy kan jou ma-goed uitsort. Jy kan note vir vreemdelinge uitdeel solank jy die dik ding in die strate is. Solank jy jou weelde kan afshow vir die res van die wêreld is dit orraait met jou om ’n kerkmuis by die huis te wees.”

Hy gooi sy sleutels op die kombuistoonbank en sy strikdas op die vloer en sê: “Nou as jy so ongelukkig is hoekom gaan jy nie terug na jou ma se huis toe nie?”

“O nee, Kevin,” my stem is geroes van verwyt. “Ek betaal die huis. Ek. Hierdie me. Fok jy terug na jou ma se huis toe, Twintigrandjie Jacobs.”



Hy draai om en staan kyk my lank voor hy sê: “Darem vir my so snaaks, Beverley. Ek bly die een wat die fout is, maar jy’s die een met die sementbaar.”

Ons wat aalwyn vir mekaar moes wees, is nou poison ivy.

“Sementbaar, Kevin? Is dit waarop als neerkom? Daal jy so laag?”

Hy skink Jameson in ’n whiskeyglas, skop sy skoene uit voor die boekrak en gaan sit op die bank.

“Slim meisie,” sê hy en smile sarkasties. “Ek daal nie laag nie, Beverley. Waarheid is waarheid.”

Ek loop kamer toe. My rok se zip sukkel soos als deesdae sukkel. Hy mompel goed daar binne. ’n Glas breek. Voor die af tv, kyk ek rond om die hele vertrek asof dit my gaan antwoord gee oor wat om volgende te doen.

“Ek gaan slaap liewer. Jy’t nou krag vir perform,” sê ek toe Kevin in die kamer kom.

Hy sit sy glas kliphard op die tafel neer. Die glas breek. Loop eers kombuis toe om nog een te loop skink en kom t’rug.

“O, ek perform nou na jy die een was wat oor ’n R20 gehuil het. Ek perform?”

Ons twee is twee mure en twee mure staan geledere gesluit solank hulle kan. Twee mure rond nie tot nes nie. Ek weet nie op watter koerskry ons nou moet wag nie. Se moer. Waar is my rugsak? Hy lê onder in my hangkas onder skoene. Ek begin pak klere vir môre se werk in. My tandeborsel. Benzac AC gel.

Hy kom sit by die voetenent van die bed. Niemand praat nie en ek verkies dit so. Hy sug en drink sy whiskey. Ek pak verder, maar kyk hom heeltyd uit die hoek van my oog. Hy kyk nie op nie. Steek ’n Marlboro Beyond Blue aan en vryf sy hand deur sy hare.

“Jy kan nie nou iewers ry nie, Bee. Dis ou nag.”

Ek maak asof ek hom nie hoor nie en trek my gown en slippers aan. Kyk hom lank en gaan sit later langs hom.

“Bee, jy kan nie die tyd van die nag wil ry nie.” Hy kyk my stip aan. Sit sy kop op my skouer. Soen my hand.

En vir die oomblik raak als wat breek was reg. Als wat breek was mooi.

Blue de Chanel. La Vie Est Belle. Asems. Die wêreld raak sagter. Verder. Sy wêreld word nader.

Hy seën my. Uitverkore hande op ’n sondaar. Als word nader. Sy hoof smeer ek vet met olie. *Le travail de coup*. Ek is sy bruin bloeisel. Hy lê my op ons bed neer met teerheid as offerande. Daar’s nie parentese vir missionary nie. Hy raak ’n onewige getal. Ek word ’n getal ewig. *69*. ’n Apokalips. ’n Heilige sondvloed. Hy offer my vir Aidin. Vir Innana. Vir Qandisha. Reënwoud terwyl hy ryp word in my. Hy seël my met Shunga. Reverse. Reverse cowgirl. Pos my na ’n derde hemel. My bene bewe. Dorster reënwoud. ’n Tipe epistemologie van water. Knakke.



“Vra Bee.”

Als wat was, is nie. Als wat kom, gaan nie.

“Kevin.”

Sy stok en sy staf maak die mens in my wakker. Ek sleur weg. Bars oop. Breek uit. Nie eenmaal nie, maar drie. In drie verskillende leeftye in ’n bou op bou van rondtes. Hy stort lewende waters. Maak gravitasiekolke in my kurwes. Gryp my aan met sy bestaan voor ’n drie-eenheid.

“O, my god, Bee.” My naam word sy mantra. Sy vorm van aanbidding. Skoot op skoot. Bewe knakke. Sy are bruis teen my droë mond. Die lakens word uitgeput van ’n nuut gestorte gees. Die kussings, rondgestrooi, getuig van ’n lewende water. Die nag raak ryp in goue begeertes. Sy bestaan herder tot ’n nooit meegewend styf. Hy lei na G-spot waar daar rus is. Gravitasiekolk op kolk. Die maan maak weg in ons kamer. Vrug in ons donker. Stryk my plat met ’n yster. Kom maan en vrug in donker. Kom naam.

“Kevin.”

Altaar en aanbidding. Blue de Chanel. La Vie Est Belle. Asems. Die wêreld raak sagter. Verder. Sy wêreld kom nader. Gebore. Geseën. Gekom. Gehou. Hy lê geneukreuk van my. Geherberg in ons boaardse stilte ná terwyl hy my met ontsag lê kyk.

“Bee?” Hy vleg my bene in syne. Ek wil hom nie kyk nie. Om te praat gaan verwoesting bring. Die teerheid verdien dit nie.

“Ek sien jy wil loop, maar jy kan nie hier wegstap nie. Nie nou na al die jare nie. Ek kies jou, Bee. Ek kies jou elke dag. Jy kan my nie los nie. As jy hier wegstap eindig my wêreld.”

“Dit gaan nie oor of ek bly of nie bly nie, Kevin. Ek wil myself nie hê nie. My wêreld eindig elke godse dag.”

Ek vat die glas whiskey uit sy hand. Sluk diep. Kou aan die ys. So asof die ys my gaan woorde gee om volgende te sê. Hy vat my hand en soen dit. Hou my hand in syne. Maak soos hy wintertye maak as my hande koud is.

“Miskien skeur ek 23 op 23 chromosome uitmekaar tot daar niks meer as ’n verteer en ’n niks oor is nie.”

“Is nie, Bev. Is voor een god nie so nie.” Sy oë soebat. Ek kan nie huil nie. Nie nou nie.

“Ek het die elfde gebod oortree, Kevin. Toe die elfde gebod sê jy mag jou eie hart nie breek nie toe breek ek nog steeds myne. My wêreld eindig elke dag. Ek wil myself nie hê nie.”

Hy hou my hand stywer vas. Klou daaraan soos ’n gebreekte belofte. “Jy kan nie net loop nie, Beverley. Na als? Als wat ons so hard gebou het? Als wat ons saam deur is? Gooi jy als netso weg?” Hy sit regop en kyk my terwyl ek my klere soek. Hy lyk soos een wat van ’n slagveld kom.





Ons sal aanhou in Kimberley bly en die small town mentality sal my ry. Twee keer 'n maand seks het. Kinders kry. Ek sal pram gee. Winde uitvryf. Koerant op die kinders se voorkoppe plak. Sondae langs hom in die kerk sit en nog steeds nie glo nie. Die kinders sal groot word en skool toe gaan. Ek sal bestaan tussen skoolskoene polish, klere stryk en linte in hulle hare sit. My eensaamheid sal haai bly. Hy sal trots wees oor hy met die mooiste vrou instap by hulle end of the year functions. Die kinders sal groot raak. My verwyt oor ek koud is. Oor ek hulle nie kan troos nie. My smile sal nie touspring met my oë nie. Kevin sou aanhou offerandes vir my bring. Ons sal later soos uitgespoelde walvisse met dooie hoop langs mekaar lê. Die nagte lê om kyk. Ek sal tot niet in hom word. Ons sal oplos in die niksheid wat die dae bring. Ek en Kevin sal 'n brandende vertrek word. Daar sal iewers tussenin danksegging wees vir die hitte. Kevin sal van die as, 'n trofee try maak.

Hy kyk my lank. Sy oë breek die troon wat hy vir my met die draad om sy hart gebou het, stukkie vir stukkie af. Ek raak arseen in hulle.

## Die voor- en nadele van ryloop – Natie Botes

Reën sous teen die voorruit. Doors se oë soek na aankomende verkeer, maar iets belemmer sy konsentrasie. Die Bakwena-snelweg is bekend vir taxi-ongelukke en ook vir swaar vragmotors wat in die nag resies jaag. Hy moet kophou, sy ry ken, sy gedagtes orden. Die sleepwaentjie stuur die laat negentigs Polo soos 'n mas wat wind kry. Eers links en dan regs oor die pad. Sy kneukels is wit om die stuur geklem.

Toe die band bars, kan hy amper niks meer voor hom sien nie.

Hy stoei met die stuur en bring uiteindelik die motor tot stilstand onder 'n brug iewers tussen Bela-Bela en Pretoria.

Hy wonder soms oor brûe. Sy pa was 'n padbouer. Wanneer 'n nuwe brug onthul is, dít was die trots van die beroep, het pa vir 'n week op die provinsie se rekening op Warmbad gaan feesvier. In die dag het die manne in die oord se warmwaterbron gaan lê en in die nag by Die Bosvark gaan drink en met kaarte gedobbel. Die dobbelary, het pa later verduidelik, was eintlik vir Doors sodat hy ook die see kon sien.

Toe, 9 April 1960; Sharpville, het alles vir almal vir altyd verander – ook vir padbouers. Geen skandvlek is in die nuwe Republiek geduld nie, en 'n slaggat was in daardie tyd ondenkbaar. Dit het sommer gou die einde van 'n opkomende padbouer se loopbaan beteken.

Die werk was hard en die kroeë vol; Sondae is om vergifnis gesmeek, maar dit het nie altyd betyds gekom nie.

Nie soos die migrerende swaeltjies wat in die somer arriveer nie.

"Pes," het pa van die swaeltjies gesê wat onder die pas voltooide, die mooi en glad afgewerkte betonbrûe komvormige klei-neste messel.

En dit moes af, en die duiweneste moes uit.

Die duiweneste wat geute blokkeer.

Dit was Doors se werk; om die geute skoon te hou van herfsblare en duiweneste. Hy het nie daarvan gehou om die neste, veral dié wat eiers in gehad het, in die streepsak te gooi nie. Hy het dit maar gedoen, want as Pa onverwags inspeksie hou en die geute nie skoon was nie, selfs al was daar net ’n enkele nes, is die wippe uitgebring en dan die gif.

Dit was erger as die streepsak.

Doors staan verslae en kyk na die mank sleepwa; hy bekyk die gebarste band, sy hande bewe in sy kortbroek se sakke. Sy regterhand kom uit sy sak. Met sy duim en wysvinger vryf Doors die doppie wat om sy nek hang soos iets wat hy ten diepste bemin.

Hy merk hoe Ragel uit die motor klim en probeer om die druppels te systap. Sy weet van die patroondoppie wat hy opgetel het. Sy pleit al jare by hom om die ding weg te smyt.

Sy kom tot langs hom.

“Ek kan nie onthou nie,” sê hy asof hy iets moet onthou.

“Wat?”

Sy staan nader. Steek haar hand uit na syne, die een wat met die doppie vroetel. “Wat kan jy nie onthou nie, Doors?”

“Ek kan nie onthou nie.” Sy lippe beweeg skaars. Hy rol die doppie asof dit ’n dobbelsteen is.

“Doors, praat en los daai verdomde ding uit.”

Met ’n wuif van die hand, tande wat van mekaar ontsluit, minder verdiep. Hy laat los die doppie soos ’n warm patat.

“Hoe om ’n wiel om te ruil nie.” Hy is verleë en nou weer ten volle bewus van die gebeure hier voor hom.

“Ja, Doors. Dit is die bed wat ek gemaak het, ek sal daarop slaap,” sê sy.

Die waarheid is dat hy enkele oomblikke gelede nog toegespits was op Roger Waters en verskeurde huishoudings.

Toe bars die band en mis hy rakelings ’n aankomende taxi.

Wanneer presies het hy uitgevind van die ouer man en Linzi, die jong minnares waarvan Roger Waters sing? Dertien, die ouderdom waarop seuns hulle hande ontdek? Dit was toe hy die lirieke van sy plate soos

Bybelverse begin memoriseer het. Hy ken die meeste steeds, maar nie meer die Bybelverse so goed nie. Behalwe vir daai een Psalm, die een wat dominee met ’n stem bid asof hy die woorde self geskryf het: “Selfs ’n mossie het ’n nes en ’n swaeltjie ’n plek vir haar kleintjies daar by U altare, Here, Almagtige, my Koning en my God!”

*The pros and cons of hitchicking* was die verhaal van sy pa en die ander Linzi. Die gedagte daaraan het ’n wit-en-swart toneel by hom laat opkom; ’n swerm voëls, hy vermoed duiwe, wat vroegoggend oor Johannesburg opstyg, hulle vlerke wat hard in sy ore klap.

As die voëls eers nes maak.

As Ragel nie geskreeu het nie sou hy nie dadelik besef het die band het gebars nie.

“Doors, wat praat jy?”

Hy voel hoe die skuldgevoelens hom beetpak, dit is nie ’n taak wat hy alleen voor kans sien nie.

“Jy moet help uitpak, alles sal uitgepak moet word.”

*

`n Duiwewip het die vorm van ’n groot hok. Jy kan een koop maar maklik self een bou. Met ’n wip kan jy baie duiwe met ’n enkele val betrap. Gebreekte sade, veral mielies lok hulle. Dit is belangrik dat die duiwe om die hok veilig voel. Vang net eers een. Kry ’n gevoel vir die ding. Laat hom dan los, dit is opwindend, jy is nou ’n duiwejagter. Die boodskap wat die ander duiwe kry, is dat alles in hul vestingsgebied veilig is. Plaas ’n lokval. Sorg dat daar genoeg duiwe versamel. Jy wil soveel as moontlik op een slag vang. Maak seker die aas bly vars.

*

Ragel lyk soos ’n sonneblom wat te lank in die reën gestaan het. Haar kop is skeef gedraai. Haar goed gegrimeerde gesig verlep. Haar hande hang soos oorvol blare en sy wieg, dit lyk of sy gaan knak.

Die spaarwiel lê onder pakke pakkies plastiek en ’n afgeslaande gazebo.

Toe.

“Doors, hier kom iemand,” fluister sy, haar kop buig vorentoe, haar botoks-voorkop probeer frons, sy beduie na die oorkant van die pad.

“Sê vir hom ons is fine.”

Dan pleitend. “Doors, hoor jy my? Moenie met hom praat nie.”

“Ons is fine, sjoe, sjoe,” sy maak gebare met haar hand, haar stem kraak. Doors dink hy sien ’n traan rol oor

haar wang maar dit kan moontlik ook net reën wees.

Nog net die buitelyne van die man wat van die oorkantste snelweg aangeloop kom, kan uitgemaak word. Daar is ’n geluid wat klink soos ’n ratelslang met elke tree wat hy gee. Toe hy oor die tweede snelweg drafstap, word die figuur wat nou lyk of hy eerder hoort in ’n Roger Ballen-foto, duidelik.

In die aand wanneer hy met slaap worstel, wanneer hulle uitstal by ’n kunstefees of by ’n landbouskou, na lang dae onder die gazebo, kyk Doors YouTube-video’s. Hy het Yolande Visser een aand só opgesoek en dit is toe dat hy op Roger Ballen afkom. Hy kyk sedertdien gereeld na *Ballen’s Asylum of the Birds*.

’n Leer-oorstuk, iets soos ’n voorskoot, span styf om die lyf van die persoon wat aangedraf kom. Verskeie objekte wat nie uitgemaak kan word nie knop uit kompartemente van die voorskoot. ’n Kopband en armband gesny uit ’n reptiel kleef aan die man se vel. Die knop van sy kierie lê vol in sy linkerhand. Die skedel van ’n baie jong duikerbokkie hang in die middel van sy borskas aan ’’n stukkie tou. Daar is bruin hare aan die skedel sodat dit lyk asof die bokkie ’’n kuif gehad het. Om beide sy broekspype is skulpe geryg, dit is wat die ratelgeluid maak as hy drafstap.

Sy naderkoms voel verbysterend stadig.

Sy vel het geen pigment nie.

“Oelfie Blom, Meneer, Mevrou,” sê die man uitasem toe hy binne hoorafstand is.” Hy steek sy hand na bo.

“Doors,” sê Doors maar hy kyk nie vir Oelfie in die oë nie. Hy dink wel aan die toneel waar die *Asylum* se inwoners die voëls se koppe afkap. Die bloed wat spuit en hoe die voëls, veer en al teen die einde gebraai en verslind word.

“Ek het alles van daar oorkant gesien, ek het gedink julle gaan vanaand op in vlamme, die Jirre se hand was oor die meneer en oor die mevrou.”

Oelfie knik na Doors toe hy “meneer” en na Ragel toe hy “mevrou” sê.

Doors sien vlamme in Oelfie se mond terwyl hy praat, die rollende kar, die hel wat hulle Tupperware in ’n see van kleur laat smelt en uiteindelik soos lawa oor Makwena laat rol.

Hy roep homself tot verhaal, kyk na die stukkende band en die brug waaronder hulle staan. Hy voel sy pa se nabyheid. Het hy ook hier gewerk?

Die stukke van die wiel lê versprei op die donker nat teerpad en is versteek in die reën. Hy sal dit moet gaan optel, en Ragel het seker toe tog nie gehuil nie, want sy het haar openbare houding terug.-

“So kan ’n mens ook nie net vir mekaar staan en kyk nie.” Ragel se stem is beslis.

“Dít is die waarheid en versoening,” sê Oelfie kordaat en sit sy knopkierie neer. Hy lyk gereed vir werk.





Doors kyk na die band en is verlig dat hierdie ellende nie op hom alleen neerkom nie. Hy sluit die waentjie oop en staar na die aansienlike hoeveelheid onverkoopte Tupperware.

“Ek sien die Jirre het ook goed geweet,” Oelfie is opmerklik geskok, “dit sou darem ’n groot geneuk afgegee het as die trailor gerol het.”

Ragel antwoord hom. “Ons is werklik geseënd.” Sy behou haar beveltoon.

Geseënd. Doors ken die woord se ware betekenis, Ragel gebruik dit graag, Tupperware is haar behoud, haar seën. Dít en, “ek het my bed gemaak, ek moet maar daarop slaap”. Dit beteken hy is vir haar ’n las.

“Ons is nie hierdie tipe mense nie,” sê Ragel, “ek skaam my dood, alles is net ingegooi, geen wonder ...”

Doors kyk haar onder sy wenkbroue aan. “Geen wonder, wat?”

“Ek het my bed gemaak, ek moet maar daarop slaap,” maak sy hom bitsig stil. “Jy weet presies wat jy gedoen het, Doors.”

Hy aarsel, wat bedoel sy? Hy begin die bakkies moedeloos daar langs die pad onder die brug uitpak.

Een stel na die ander.

Oelfie boots hom na.

“Jy ook maar van hier en daar?” Doors praat in Oelfie se rigting maar sy oë volg Ragel.

Hy is teleurgesteld in homself, hy weet om haar nie teë te gaan of te bevraagteken nie.

“Ek vrees die einde is in sig,” sê Oelfie terwyl hy die pakkies met bakkies bly uitpak.

“Sê ek ook, al die plastiek!” antwoord Doors.

Doors wonder hoe oud is Oelfie, hy kan hom glad nie peil nie.

In die linkerkantse hoek van die sleepwa lê die uitstalbakkies, die een wit, een swart en een bruin bakkie. Dit is die Tupperware wat teen die kartonkombuis onder die gazebo uitgestal word. Dit is ook dieselfde drie bakkies waarmee hulle die besigheid na hulle eerste vakansie in Gordonsbaai begin het. Doors het seker gemaak hulle word altyd apart gepak.

Ragel praat agter sy rug: “Ek sien ons bubblewrap ook nie meer nie?”

“Hulle was veilig, Ragel.”

“Veilig, niks is veilig nie.”

Oelfie haal ’n botteltjie met deurskynende vloeistof uit een van die kompartemente om sy lyf, trek die

kurkprop met sy tande uit en gooi druppels in sy hand, wat hy dan oor die wit, swart en bruin bakkies sprinkel. Dan vat hy ’n sluk uit die bottel. Sy gesig frommel en hy sluk soos Linzi pa gesluk het. Die middag nadat Doors die geute skoongemaak het. Dit was net voor Doors die see vir die eerste keer gesien het. Teësinnig keer Doors na sy pa se kamer. Daar is roggelgeluide op die dubbelbed. Hy sien iets soos ’n swaeltjienes. Linzi se kaal boude is in die lug en na hom gekeer. Hy staan in die houtdeurkosyn.

“Elandsweet,” hyg Oelfie. “Die Tupperware is nou gebless, julle kan die bubblewrap nou maar laat gaan.”

*

Maak seker die duiwewip is veilig. Maak seker die aas is vars. Laat ’n paar duiwe binne-in die val. Sodra jy hulle gevang het, sal hulle gekoer ander duiwe na die gebied lok. Nou kan jy meer duiwe op een slag probeer vang. Moenie vergeet om vars aas te plant nie. Die duiwewip sal net werk as die duiwe op jou eiendom eers gevestig is. Wees versigtig wanneer jy met lewendige voëls werk. Dood die duiwe met ’n nekomdraai. Anders gebruik ’n geweer of spesiale gif vir voëls. Dit moet ’n laaste uitweg wees aangesien voëlgif onmenslik is.

*

Nadat die band omgeruil is en hulle die Tupperware teruggepak het, aarsel Doors, vroetel in sy sak. Hy voel ’n noot en kug terwyl hy daaroor streel. Hy wonder of hy moet.

Doors het mans wat soos sangomas lyk in *Ballen’s Asylum of the birds* gesien, maar self nog nooit een in lewende lywe ontmoet nie. Kan Oelfie die een wees en sy lot verander? Hy kan hom verseker nie nou met geld beledig nie.

Ragel het haarself intussen soos ’n grafsteenengel tussen Doors en Oelfie kom plaas. Haar blad is stokstyf, haar rug oop, twee vlerkies styf in die lug. Haar gesig asof sy ook van Oelfie se heilige Elandsweet gesluk het. Doors herken die beweging want dit is hoe sy haarself laat geld. Dit is die vrou van Tupperware wat nou gaan praat.

“Oelfie is  seker nie jou regte naam nie?”

“Seker nie,” sê hy in dieselfde toon terug.

“Meneer Doors het sy gedagtes weggeskrik en as dit nie vir jou was nie het ons vanaand hier onder die brug geslaap. Ons dra graag by tot die saak.”

“Die meneer gaan nie dalk Pretoria se kant toe nie?” vra Oelfie direk aan Doors.

Doors sien die strepie op Oelfie se duim, ’n teken dat hy onlangs gestem het. Hy wou ook stem, maar Ragel sê hy kan gerus eerder die sleepwaentjie diens as om tyd met stemmery te mors. Almal weet tog wat die uitkoms gaan wees. Hy het ook nie regtig geweet vir wie om te stem nie. Doors het nog net daai een keer gestem. JA: dit is wat hy destyds gestem het.





Vir wie sou Oelfie stem?

Ragel vryf nou haar vingers teen mekaar soos wanneer jy geld bedel, haar oë op Doors, haar gesig beduie na haar hand, hy weet wat sy bedoel. Doors moet homself uit die penarie kry en beduie en mompel aspris sodat daar nie ’n besliste antwoord op Oelfie se vraag is nie.

Hy begin dan soos Oelfie vroeër drafstap na die stukke band op die hoofweg.

Terug by die motor, sit Oelfie reeds op die agterste sitplek.

Die reën het ook intussen opgeklaar.

*

Die spanning was daar lank voor die regteragterband van die Polo gebars het. Doors en Ragel se aansien as top Tupperwareverkopers was in Bela-Bela reeds in flarde. Hulle was kort na die teleurstellende Desember op Bela-Bela, tradisioneel die Mekka van Tupperware, op pad huis toe in Fairie Glen.

Daar het hulle met ’n stalletjie besigheid gedoen, Doors het vir vier weke in die ondraaglike Bosveldhitte hul sleepwaentjie propvol bakkies, deksels, tafels en allerlei ander items elke dag uit en elke aand weer ingepak. Hy het elke oggend die swart gazebo opgeslaan, dan die twee tafels, daarna die twee groot teardrops met die Tupperware-logo. Daar was nog ’n banier wat sê: *Eenkeer-in-’n-leeftyd uitverkoping!/ Once in a lifetime sale!/Kanye kwintengiso yobomi bonke!* Dié het hy voor die ingang na die gazebo gespan. Hul advertensiemateriaal was nie nuut nie maar volgens Doors, nog heeltemal funksioneel.

Hy het elke oggend ’n lewensgetroue foto op karton van ’n kombuis wat die hele agterste- en kantruimtes van die gazebo beslaan, soos ’n legkaart aanmekaargesit. Hy moes twee skerp kolligte in die hoeke van die gazebo koppel. Die ligte het heeldag en tot na agt in die aand gebrand tot hy alles weer moes oppak. Dit was streng volgens Tupperware-spesifikasie sodat die kleure van die produkte helder en kleurvol kon vertoon.

Hy het ’n spuitkannetjie vol water naby gehou. Hiermee het hy die Tupperware gereeld natgespuit sodat hulle aantreklik onder die ligte kan blink. Volgens die verkoopgids moet die Tupperware op twee vlakke uitgestal word. Spesifieke kleure moet altyd langs mekaar staan.

Na al die jare het Doors nie eens nodig om na die notas te kyk nie; van links was die gewilde Akwa, gevolg deur Bondiblou, Indiëgroen, Bittersoet, Hemelblou, Laventel, Jagtersgroen en Koraal, op die onderste vlak, Avokado, Charteusegroen, Elektrieseblou, Fuchia, Gommagutta, Mandaryn en Pampoen dit alles op ’n swart gedrapeerde tafel. Die minder gewilde wit, swart en bruin bakkies het Doors teen die kartonkombuis, op ’n aparte tafel uitgestal. Ragel het gewaarsku dat dit glad nie mag inmeng met die maatskappy se loklyn *Lifetime & money back, guarantee!* nie. Vir Doors het dié drie bakkies groot waarde gehad.

In die goeie jare, wanneer al die voorraad uitverkoop was en iemand nog ’n bakkie of twee benodig het, het hy die spesifieke drie bakkies weggesteek, dit was immers hulle fondasie.



In Gordonsbaai by Hendon se karavaanpark, tydens hulle eerste chalet-vakansie het Doors en Ragel by die Tupperware-familie aangesluit. Daar het hulle die wit, swart en bruin bakkies gekoop. In 1994 het hulle besigheid vlerke gekry. Hulle kon na slegs drie jaar kwalifiseer vir 'n Polo en 'n Venterjie. Doors kon finaal breek met sy verlede.

Dit was 'n warm winter in Europa, want die swaeltjies het ook nie daardie jaar migreer nie.

Die taak om die stalletjie gereed te kry, het Doors sonder om te kla elke oggend daar op Bela-Bela in sy frokkie en kortbroek gedoen. Hy is 'n forse harige man. Die donker dak van die gazebo, die warm ligte, die skroeiende hitte en die min ventilasie het veroorsaak dat Doors permanent nat gesweet was.

Maar dié ongemak, so het Doors dit gerasionaliseer, is die prys vir sy plek langs 'n topagent soos Ragel. Soms, in die aand wanneer die meeste vakansiegangers lankal vuur aangesteek het en Ragel reeds chalet toe is, wanneer Doors die gazebo weer afbreek, en al die bakkies in 'n spesifieke sisteem in die sleepwaentjie pak, met net een of twee note se verkope in sy sak, het hy aan die patroondoppie om sy nek gevat en tog gewonder oor so 'n lewe.

Die voëls het dan nes gemaak en Linzi het aangemeld.

Ragel het soggens na tien by Doors aangesluit.

Hy het haar aangemoedig om genoeg slaap in te kry, en moeite te doen met haar grimering en hare.

En sy het.

Soggens wanneer hy die stalletjie gereed het, het Ragel getransformeer. Egalige onderlaag, elke ooghaar in plek, enige nuwe groeisel beslis uitgepluk. Haar bleek wange blos bepoeier. Daagliks beproef sy 'n ander lipstiffie, iets wat sê: kleur ís Tupperware.

"Enige belangstelling?"

Doors sou dadelik regop kom wanneer hy Ragel se stem hoor aankom.

Haar mond tuit en sy sou 'n piksoen mik in die rigting van sy wang terwyl haar oë na sy frokkie draai. Haar aankoms sou 'n ander verligting bring, want hy het nie geweet hoe om 'n kliënt te diens nie.

Ragel is nie die soenerige soort nie. Hy het nie gesê dat dit hom hinder nie, want as hy eers in sy uniform was – sy geruite knopieshemp, die een met die geborduurde maatskappylogo op – was hy en sy een, al was hulle so verskillend.

Ragel was die gesig van die besigheid – sy het 'n slag met veral manskliënte gehad. Oor die jare het hy gehoor hoe sy verduidelik waarom elke huis 'n kruis het en nié sonder 'n stel Tupperware kan gaan nie.

Sy was gesout in haar aanslag. Hoofkantoor het die verkoop van individuele Tupperware-bakkies

aangemoedig, maar Ragel het voornemende kopers oortuig om eerder ’n volledige stel te oorweeg.

Ragel se strategie het die wins ingekort, maar sy het omset nagejaag en dít was die kroontrofee, want die hoogste omset bring dubbele kommissie.

Voordat hulle van Bela-Bela weg is, het hulle gehoor dat die Jeffreysbaaispan vanjaar die algehele wenners is. Dit beteken die dubbelkommissie is daarmee heen.

Ragel was verpletter.

*

Probeer al die voorkomende en menslike metodes voordat jy duiwe vergiftig. Wees versigtig wanneer jy naby die plekke is waar duiwe broei. Hulle is diere wat siektes dra. Wees veral versigtig wanneer jy hulle uitskot skoonmaak. Daar broei gevaarlike bakterieë. Dit sal altyd ’n goeie idee wees om ’n masker en handskoene te gebruik wanneer jy duiwe of hulle druppels benader.

*

Ragel kyk vir haarself in die truspieëltjie. Sy kan so onophoudelik praat en Doors het geweet dit is hoe sy verlies verwerk. “Ek het vir jou gesê ons moes ’n nuwe stalletjie koop, die klante vertrou ons nie meer nie. Once-in-a-lifetime klink cheap.”

Die eerste groot druppels reën spat teen die voorruit. Tupperware vra duur pryse vir ’n nuwe stalletjie. Doors is moedeloos, Ragel het voorspel dat hulle verouderde advertensie-materiaal tot nadeel van verkope kan wees.

“Ek kon die flyers en posters vir helfte van die prys laat maak. Die hemel weet, as dit net nie vir die naam was nie.”

Daar was nog ’n rede vir die spanning in die motor.

“’n Mens móét in jou besigheid belê,” sê Ragel. “Ek hoor hulle het twee nuwe stalletjies die jaar in Jeffreys opgeslaan. Twéé Doors!” Sy wag seker dat hy iets moet sê, dan stoom sy voort.

“Die kredietkaart is ook nog nie betaal nie.”

Dit is eintlik waaroor Ragel wil praat, vermoed Doors; sy twyfel hoe hy hulle lewe bymekaar hou. Sy vra nie gereeld uit oor hulle geldsake nie. Sy sê sy ken haar plek. Maar sy weet nie hoeveel bestellings gekanselleer word nie en hoe gereeld veral mans die vorige dag se verkope terugbring nie.

Wat kan jy ook verwag met Tupperware se money-back-guarantee?

Hy sê niks hiervan vir haar nie. As hy so iets genoem het, sou Ragel nie haar glans kon toon nie. Dan was die



verkope dalk nóg swakker en toenadering was op die spel.

“Die banke is deesdae meer af- as aanlyn,” paai hy.

“Dis nie asof ons níks verkoop het nie,” mompel sy.

Die besigheid was swaar op haar grimering, sy het reeds weer nuwe voorraad probeer bestel voor hulle gery het. Die transaksie is afgekeur. “Jy spáár weer, nè Doors?”

Hy hoop die hipnotiese musiek sal intree, hom wegneem uit die oomblik, weg van Tupperware en make-up en ’n geruite blokkieshemp. Uit net vir once-in-a-lifetime wil hy net teruggaan.

Op oor-begin se knoppie druk.

“Kan ons nie eerder in stilte ry nie?” Ragel is geïrriteerd.

Hy kan skaars voor hom sien soos die reën stort – die ruitveër maak geen verskil nie. Die reën val swaar en hy moet konsentreer. Spaar, spaar, spaar. Het hy reg gehoor?

Doors moet sy gedagtes inkatrol. As alles tog maar net tot ’n vinnige einde kon kom, het Doors gewens die oomblik nét voor die band gebars het.

*

Duiwe is so algemeen soos asfalt. Dwarsdeur die wêreld het duiwe ontwikkel en aangepas in stedelike omgewings. Duiwe, soos rotte, is kundige aasdiere, altyd op soek na vullis en oorblyfsels om in die strate op te tel. Duiwe is baie ongewenste diere omdat hulle siektes soos salmonella oordra. Hul neste vestig ook plae soos bedbugs of ander siektes wat insekte behels. Die druppels van duiwe is, behalwe dat dit gevaarlik is, baie irriterend om skoon te maak.

*

Die musiek speel steeds toe Doors die Polo na die snelweg terugstuur. Ragel skuif op die passasierskant rond op soek na gemak. Oelfie sit in die middel. Ragel haal haar selfoon uit.

Facebook.

Doors sien sy begin blou duime-op links en regs stuur.

Niemand praat nie.

“Sexual Revolution”, sy gunstelingsnit speel: “As I’ve always said, I prefer your lips red. Not what the good Lord made, but what he intended.”

“Ons is darem almal nou gelukkig, die bakkies is veilig en die Here Jesus Christus het ook nie verniet gesterf

nie," sê Oelfie van agter.

"Wat sê jy?" Ragel draai intimiderend om, sy is gereed om die lasterende Oelfie net daar op sy plek te sit. "Ons gebruik nie Sy naam ydellik nie."

"Nooit, Mevrou. Sommer my ouma wat gesê het dat vrouens wat water uit Tupperware bottels drink, dink die Jirre het alleen vir hulle op die kruis gesterf."

Doors hoor hoe Ragel haar tong klap en haar oë weerkaats van haar selfoon, 'n sad emojigesig word gestuur. Hy vermoed Jeffreys se wen versprei soos ''n veldbrand deur Tupperware se whatsapp-groep.

Doors voel oor sy bors, vryf verleë oor sy fopdoppie, soos Ragel dit noem. Hy ken hierdie stemtoon van haar. Hy ken dit goed.

"En jou ouma weet duidelik nie waarvan sy praat nie."

Nog gesiggies, hartjies en duime gaan die heelal in.

Stilte is haar oorlog.

Woorde is haar sweep.

"Tog hét Hy net vir party gesterf, jy kan nie daarmee stry nie." Doors byt op sy onderlip nadat hy dit gesê het.

Hy sou nooit waag om Ragel op so wyse teë te gaan nie en dit vir 'n tweede keer in een aand. Waar kom hierdie moed vandaan?

Ragel seil rond, haar woorde wil pik, sy sit haar selfoon in haar handsak.

Doors se aandag is ook op Oelfie, die swerwende brugbewoner. Vir wie sou hy gestem het? Hy draai die vraag met sy doppie in die rondte.

Maar Ragel draai die radio sagter. Sy is nou reg om te baklei en hy weet sy gaan nie bes gee nie.

"Ek weet wat jy wil sê, Doors," haar stem kil, "ek weet, sê dit!"

Sy hou haar blik op hom. "Doors, jy is nie Rogers Waters nie en Tupperware is nie Pink Floyd nie. Jy dink jy het nie Tupperware nodig nie. Hulle ondersteuning, die maatskappy, dat dit alles 'n gimmick is." Sy ken hom goed: "Boipatong is weer los in jou kop."

Doors weet hy het die grens oorgesteek. "Kom ons luister eerder musiek. Ons was amper weg vanaand."

"Weg van die brug," sê Oelfie.

Sy draai die musiek nou heeltemal af.



“Jou gedagtes is nie by jou werk nie,” snou sy hom toe. “Jy skrik die kliënte af met jou stories oor konkelry en plastiek, ’n mens moet belê, en lipstiffie ís vir ons ’n  belegging!”

“Dit is eintlik net ’n demonstrasie Ragel.” Hy mik weer na die patroondoppie.

Ragel klap sy hand weg. “Praat sin, Doors!”

Oelfie klap ritmies met sy stemduim op sy voorskoot.

Ragel draai die ruit ’n entjie af. Sy asem deur haar mond in en blaas deur haar neus uit.

“Hierdie speletjie kan ek ook speel,” sê sy.

“Ek sal by Weight Watchers aansluit. Ek sal Tupperware los. Ek het ’n plan B, dan het jy níks.”

“Dit moet moeilik wees met so baie bakkies en pakkies,” sê Oelfie.

“Wat weet jy?” skreeu sy. “Ek het so hard gewerk dat die Bela-Bela-setel aan my toevertrou word. Ek weet van ou hande wat enigiets sou doen vir so ’n ontplooiing, selfs hul lyf op die spel sit! En jy Doors? Jy vryf net daai ding, jy weet nie eers hoe dit voel nie.”

Doors maak al jare op Roger Waters staat om die gekwetter te verdryf. Hy staar stip na die wit middellyn. “Dit was so helder die prismas, driehoeke en sirkels.” Hy wil die gesprek stuur.

“Ek waarsku jou, los my lipstiffie uit!”

“Ek onthou dit goed, dit was die goeie ou dae, nè, Meneer. Ons het darem ons plek geken.”

“Almal het geweet waar hulle hoort.” Sy is snedig.

“Ek sê, spoil daai vote!” Oelfie steek sy regtervuis in die lug.

“Wat?” Ragel gryp haar kop dramaties vas.

“Ek gaan ’n brug bou.” Oelfie se stem is nou ewe dramaties. Doors kry hoendervleis, want hy klink kompleet soos Pa.

“Jy bou! Niemand gaan vir jou werk gee as jy met bokkoppe en slangvelle rondloop nie, mens moet respektabel voorkom.” Ragel grinnik terwyl sy praat. “Toe Doors vertel hom, dit vat ’n man om ’n brug te bou, een soos jou pa.” Sy moes ook iets gehoor het.

“Los hom uit,” sê Doors.

“Hoe oud was jy? Dertien, toe moes sy pa nog lakens ruil, vertel hoe hy dit uit jou moes wurg. As hy ook net vroeër begin het, was my lewe ’n seën, maar ek het my bed gemaak, ek moet daarop slaap.”





Maar sy is nie klaar met hom nie.

"Meneer Doors praat nie eintlik oor Linzi, die kroegtert nie," Ragel daag hom uit.

"Is dit die sondes van die vaders?" Oelfie klink nuuskierig.

Doors sien nie verder hiervoor kans nie. Hy moet iets doen vir stilte. Die volgende brug kruis die hoofweg. Hy trap rem en trek die Polo van die pad af.

Hy klim en maak Oelfie se deur oop.

"Uit." Hy beduie, soek die regte woorde.

"O, nou is iemand grootmeneer. Jy moes hom nooit in die kar toegelaat het nie, te papbroek om nee te sê." Ragel warm nou op.

Oelfie klim uit.

"Trek uit," sê Doors.

"Genade en vrede wat alle verstand te bowe gaan." Oelfie lyk angstig.

Doors praat in lettergrepe: "Trek jou klere uit."

Doors begin sy skoene, dan sy geruite knopieshemp, die een met die geborduurde maatskappylogo op, sy frokkie, sy kortbroek, sy onderbroek alles uit te trek. Hy staan heeltemal kaal langs die hoofweg.

"Trek aan en word respektabel – it is what the Lord intended." Hy rol sy fopdoppie soos 'n tepel tussen duim en wysvinger.

Oelfie trek ook al sy klere uit. Hy kom staan nader en hang die Duikerbokkie se skedel om Doors se nek. Dit is al wat Doors aan het en hy is bewus van Oelfie se letsellose gladde vel, sy lengte en skaamtelose blik.

Terug in die motor speel *The pros and cons of hitchicking*. Oelfie vryf oor die geborduurde maatskappylogo, Doors soek taxi's op die snelweg en Ragel prewel iets oor die bed wat sy opgemaak het.

*

As jy harige duiwe op jou eiendom het, sal dit makliker wees om hulle te dood met 'n laekalibergeweer iets soos 'n .22. Aangesien duiwe mettertyd verdraagsaam raak teenoor mense en selde bang is in hulle teenwoordigheid, sal dit nie baie moeilik wees om die skoot te slaan nie. Om duiwe te elimineer met wippe is die mees geskikte uitweg, vergiftiging is 'n laaste uitweg. Hoe om ontslae te raak van 'n groot aantal dooie duiwe, is 'n groot oorlas. Vergiftiging is net 'n laaste uitweg.

*



Tydens oorloë is skrapnel niks werd nie. Waar was Oelfie Blom destyds toe hy diensplig in Boipatong gedoen het? Toe hy met ’n sambok swart kinders gejaag het en vir Ragel briewe geskryf het. Hy het alles probeer om haar guns te wen met sy heldedade. Hy het haar vertel dat hy nie net in diens van die Republiek is nie, maar ook van haar.

Hy was dankbaar dat hy nie in Angola sit nie – maar dit het hy nie gesê nie en Ragel het ook nie geantwoord nie.

Die dae het weke geword, sy briewe langer en haar stiltes erger.

Doors het met mening gepatrolleer. As hy enigiemand na agt op straat gekry het; man of vrou, jonk of oud is hulle gevang. Deur die ogiesdraad van die vangwaens het hy vreemde tale gehoor.

“God give us mercy, the busses were late, asseblief, baas, net ’n bietjie genade.”

Soms was daar genade.

Die kere wanneer hy net om die hoek gery het, uit die sig van die oë wat deur vensters loer. In ’n donker stegie met streepsakke sodat niemand vir mekaar kyk nie. Dan het hy geslaan soos hy die sak met duiwe wat hy in die vanghok bymekaar gemaak het, slaan. Hy sou slaan tot niemand meer beweeg nie en niemand deur die streepsak praat nie.

Dit was genade, want die selle was erger.

Hy het op só ’n aand vir Ragel geskryf. Hy was moeg om ’n held te wees. Hy wil net ’n huis hê, ’n vrou soos Ragel, ’n vakansie by die see. Tóé antwoord sy. ’n Vakansie by die see sal lekker wees.

Doors het nie geld gehad nie, maar van dobbel met kaarte het hy by pa geleer.

Sun City was net drie uur wes van Boipatong en sy naweekpas het aangebreek. Charlie was Engels en van Durban. Hy het na elektroniese musiek geluister. Charlie het moeilik in Boipatong vriende gemaak. Daar was niks fout met Charlie se 1981 bottelgroen Alfa Romeo Velocé 1.5 nie. As hy Doors vertrou het met die Alfa en ophou met die elektroniese musiek sou sake vir Charlie kon draai. Almal het ’n vriend nodig en Doors is ’n vriend in nood.

Ragel wou see toe.

Die Alfa was die maklike deel. Die dobbelgeld was die eintlike probleem. Doors kon niks van sy soldy spaar nie. Landbouweekblad wou nie meer so gereeld Pa se berigte oor duiwewippe plaas nie.

Op patrollie, kort na Ragel se brief, het hy en Charlie ’n bende gevang; jong seuns wat onder die township se spreiligte sokker in ’n oop stukkie veld speel.

Charlie het iets gepraat van die striker wat nogal goed is. Doors het gedink aan curfew.





Op pad daarvandaan, moeg geslaan, het Doors vir Charlie van Linzi vertel.

Doors het in 1984 Roger Waters vir die eerste keer hoor sing: *The pros and cons of hitchhiking*. Op die plaat se omslag was die lug gemaak uit spikkels Koringblomblou, 'n reeks berge in die agtergrond was in skakerings magenta en dit het ineengevloei in 'n vlakte op die voorgrond. Daar was 'n lagie wit bo-op die bergtop wat die idee van sneeu geskep het en daar was 'n pad wat in dieselfde kleur as die lug tussen die berge en die vlaktes geloop het.

Roger Waters se naam en die plaat se titel was in kadmiumrooi geskryf.

Maar Doors se fokus was nie op die landskap of die woorde nie. Al sy aandag was op die kaal vrou op die voorgrond.

Linzi, dit was die model se naam, sy het op die omslag dieselfde rooi hakke en rugsakkie gedra as waarmee die teks geskryf was. Haar ontblote boude was deur sensuur met 'n strepie bedek.

Doors kon regdeur sien. Soos hy deur al hulle sterretjies en strepies uiteindelik kon sien.

Dit was ses jaar voordat hy in Boipatong aangemeld het.

Sy het gevoel hoe hy na haar kyk.

Daardie middag nadat hy die geute skoongemaak het en later in die huis stap om vir pa te groet. Hy wou roep: "Pa," toe hoor hy geluide soos 'n paar vasgekeerde duiwe in 'n hok uit die slaapkamer kom. Hy bly toe eerder stil en gaan staan in die houtdeurkosyn van die hoofslaapkamer.

Dit het gevoel soos 'n poort na 'n wip.

Pa het geslaap.

Linzi se kaal bene was gekruis toe sy later op die gras sit en met hom praat.

Net 'n necklace-moord, het Doors toe uitgevind, ruik erger as pa op Linzi se tong.

Daarom het hy teruggekeer na Boipatong. Vir dae lank geloop en soek na 'n stukkie skrapnel. Hy het gehoop om net iets te kry. Patrone het hom in Boipatong getroos en hy het gehoop dit sal hom nou weer 'n gevoel van beskerming bied.

Dít is hoe hy die doppie wat nou om sy nek hang gekry het.

Hy wil vir Oelfie dankie sê vir die hulp met die gebarste band, en hy wil ook iets sê oor die brûe wat moontlik nie gebou gaan word nie.

Maar hy sê liewer niks.



Oelfie vra dat Doors hom by die Stormvoël-oprit aflaai.

“Dankie vir die gesels, Meneer, en ek is dankbaar dat die meneer en Mevrou veilig is en dat almal nie vanaand net hitchiker geword het nie. Dít het ek nou wragtag nie verwag nie.”

“Is daar dalk `n aalmoesie?” Hy vryf sy vingers soos Ragel vroeër gedoen het.

Doors onthou die noot in sy kortbroek se sak. Hy voel tevrede om Oelfie in ’n lifetime guarentee te sien. Ragel haal die pakkie met die een wit, een swart en een bruin Tupperware uit onder haar voete.

“Gee vir hom, Doors.”

“Maar dís die display.”

“Já, jou laaste display.” Haar blik deurboor Doors.

’n Bos hare bedek sy verlamde geslag. Sy maag is ’n toonbeeld van oorgawe, sy skouers is skeef. Die skedel en patroondoppie hang langs mekaar oor sy harige borskas.

Linzi bestaan lankal nie meer nie. Pa het alles van haar gevat en die ander Linzi, die een op die omslag met die strepie oor haar boude, sy is Doors met die JA-stemmery kwyt.

Hy het toe nog nie geweet van ’n spoiled vote nie.

Hy streel die doppie en stuur die wit Polo terug na die hoofweg.

## J(hoo-hoo)lia – Zelda Brits

Sy lag byna hardop; kry net betyds haar hand voor haar mond. Hoor hy ooit wat die ou oor die radio sing? “Jy was beautiful in Beaufort-Wes ...” Sy kyk na regs en wonder of John asem kry met sy kakebeen wat so styf gespan is. Dis van al die kners dat hy hoofpyne kry.

“Die film was wreed,” sê sy deur koue lippe. Die verwarmer is af, want dit maak vir John moeg. Glo te vaak om verder te bestuur en te moeg omdat haar gewoontes hom irriteer.

Nog ’n afwagtende kyk na regs. Was dit ’n kopknik? Met al die slaggate is dit moeilik om te sê. Haar tong speel oudergewoonte met die gaatjie in haar boonste regter-kiestand. Dat sy nou na vyf jaar weer voel asof sy op ’n blind date is. En dit saam met haar man.

‘“Ek was so verskriklik en verskriklik lief vir jou ...” donder die bekende Afrikaanse liedjie voort.

“Hoe was die fliek vir jou, John?” probeer sy die vraag-aanslag.





Stilte.

Julia kug. “Ek vra hoe dit vir jou was.”

John kyk gesteurd af na haar. Sy kop altyd effens geboë omdat hy te lank is vir die motor.

“Wreed.” Net dit.

“My goeie bliksem.” Sy sê dit so hard dat sy amper vir haarself skrik.

Hierdie keer ruk John se kop skerp. “Ekskuus?”

Sy blaas haar asem stadig uit. Sy gaan dit nie herhaal nie. Hy hét mos buitendien selektiewe gehoor. Hy skakel die ruitveërs aan. Dit is vreemd om hierdie tyd van die jaar reën te kry. Winterreën nogal. Julia is nie daaraan gewoond nie.

“Die einde was goed,” sê sy. Die onvoorspelbaarheid daarvan het haar regtig beïndruk. Die hoofrol het haar laat dink aan ’n uil. Daardie uile wat rotte en slange vang.

“Jy was dan vir die helfte van die film nie eers daar nie.” John se stem klink nou nogal krapperig.

“Ag ou John, jy weet ek het ’n swak blaas.”

“Niemand spandeer ’n halfuur in die badkamer nie, Julia.” Sy mondhoeke trek opwaarts.

Sy moet nou liewer net haar mond hou. Sy probeer ongemerk die sjokoladevlek van haar jean afvee. Sy moes iewers daarin gaan sit het. John se sakdoek, wat altyd in die deur se rakkie is, kom handig te pas.

“Wat is dit?” Sy stem is dik van iets soos wantroue wat seker in hom broei.

“Ek het dalk in sjokolade of iets gaan sit.” Julia verpes die kraak in haar stem.

“Het jy nie dalk toe jy so lank in die badkamer was jouself aan die kiosk se lekkergoed vergryp nie, hmm?”

“Ek het gaan piepie!”

Sy vou haar hande beskermend om haar middel. Die knope van haar baadjie kom skaars toe! Die nate begin al lostrek en die kleur is uitgewas. Maar dit gee hom steeds nie die reg om aanmerkings daaroor te maak nie. Sy sal vir Maria moet sê om ander waspoeier te gebruik. Op hulle troudag het die vrou in die spieël al klaar gelyk of sy uit haar nate uit wil bars. Sy het vir haarself soos ouma Lien se vetkoeke gelyk. Daardie wat so egalig is. Daar het sy al opgepof gelyk soos ’n uil wat sy gebied probeer beskerm.

Dalk moet sy weer op Herbalife gaan. Nee, dit was juis Herbalife wat haar in die moeilikheid laat beland het. Herbalife en John. Of eerder haar eertydse vervoering oor John en haar begeerte om hom te beïndruk. Wie



het die meeste daaronder gely? Anna. Liefste, hulpvaardige Anna, wat al op tienjarige ouderdom vir hulle "best friends forever"-bandjies gemaak het.

Dit is al ses jaar vandat sy enigsins met Anna gepraat het. Ses jaar sedert dáárdie aand. Net om daaraan te dink, laat die sweet op haar voorkop uitslaan. Die paar kilometer na Anna se woonstel wat soos ʼn marathon voor haar gelê het. Een waarvoor sy glad nie geoefen het nie. Die verdomde vriendskapsbandjie wat soos ʼn aanklag aan die tru-spieëltjie van haar wit City Golf hang. Die bokse onverkoopte Herbalife-produkte wat die Golfie swaar laat trek. Na elke stopstraat moet sy al hoe meer vet gee.

Sy is sommer lus en laai die bokse langs die pad af. Sy kan tog nie die bokse in plaas van die geld vir Anna teruggee nie. Anna kort die géld terug wat sy vir haar geleen het vir die vakansie saam met John. Anders gaan sy uit haar woonstel gesit word.

Sy móét haar gedagtes orden, Anna laat verstaan. Anna weet tog dat sy altyd suksesvol met haar Herbalife-verkope was. Sy was dan die een wat van tyd tot tyd vir Anna geld kon leen!

Dalk sal dit vir Anna verligting bring as sy hoor dat die vakansie ʼn moerse ramp was. Sy het mos juis nie ooghare vir John nie. "Hy gaan net jou hart breek," het sy altyd gesê. Bygesê, Anna het nie geweet dat John saam met haar op die vakansie sou gaan nie. Sy het die Herbalife-werkswinkel as rede gegee.

Die vervlakste vyfduisend rand het vir haar en John wel tot by die mooie Kaapstad gevat, maar kon nie ʼn romantiese vakansie verseker nie. Die weer was guur en het haar natuurlik aan die eet gesit. Pannekoek op pannekoek. Sy het hulle die een na die ander ingeprop. Dit is waarop ten minste ʼn duisend rand van die geleende geld spandeer is. Anna sal tog die pannekoek-rede goed verstaan. Sy vrek ook oor pannekoeke.

Die sexy sy-onderklere het ook tot die ondergang van die vakansie bygedra. John kon nie verstaan waarom sy so lank in die badkamer gebly het nie. Dit was alles die onderklere se skuld. Of eerder die pannekoek. Die onderklere het nie meer gepas nie. Anna sal dít verstaan. Die fyn stukkies materiaal het net-net oor haar bene en borste gegaan. Met haar eerste asemhaling het die skeurtjies begin, totdat daar amper niks meer van die sy-onderklere aan haar lyf oor was nie.

Dalk kan sy vir Anna van haar Spur-geskenkbewyse gee wat sy by die werk gekry het. Sy hou tog ook van Spur. Spur sal seker niks beteken as sy nie meer ʼn huis het nie.

Die marathon-pad het uiteindelik tot by Anna se voordeur gelei. Sy kon altyd een van haar niere op die swartmark verkoop. Dit sou meer as genoeg geld inbring. Sy sal vir Anna kon terugbetaal en nie hulle vriendskap verloor nie. Sy sou kon.

Skielik swaai die motor en sy gryp na die paneelbord. Wat de ... John ry soos sy gat in die nag.

"Wat is jou planne vir die res van die naweek?" probeer Julia weer. Piet Brille, haar kopdokter, het die vraag-



voorstel gemaak. “Betrek hom. Laat hom belangrik voel. Vra uit.”

Stilte.

“Mooi, mooi, mooi was jou woorde ook,” lewer Gert Vlok Nel oor die radio kommentaar. Ten minste dra die sanger tot die gesprek by.

John sit die motor se linkerflikker aan. Hy wil sowaar die lang pad huis toe ry. Is hy nie ook so ongemaklik soos sy met die stram atmosfeer tussen hulle nie? Dalk is hy nie lus vir die huis se bedrukking nie. Heel moontlik. Die man is soos ’n toe boek.

“Nee, kom ons vat die korter pad. Veral dié tyd van die nag,” keer Julia.

John gehoorsaam. Werklikwaar! Teensinnig, kom sy vinnig agter met die houding waarmee die flikker afgeskakel word. Dit is te opmerklik om nie gesien te word nie.

In die verlede het sy haarself altyd verbeel dat die stadsliggies in die verte dié van New York of Los Angeles is. Dat hulle ver verwyderd van Johannesburg is. Dalk is dit hoe sneeu-uile voel as hulle gedwing word om agter kos aan te migreer, heeltemal uit hulle gemaksone uit. Vanaand glans die liggies nie. Dit is net ’n dowwigheid in die verte en smelt saam met die horison. Af en toe vertoon hulle wasig as gevolg van die trane wat agter haar oë huiwer.

“Pasop!” Ongelukkig is sy oorbewus van hoe sy klink. ’n Paranoïese backseat driver – dis wat John haar noem – wat aan ’n vasgehaakte plaat grens.

Die motor kom tot stilstand. Nie al weer nie! Julia maak met groot moeite haar sitplekgordel los. Hoeveel keer het dit nie al gebeur nie! John stop in die middel van die pad en beveel haar kortaf om verder te bestuur aangesien hy dan kamma so swak bestuur. Vanaand is egter ’n ander storie.

“Los,” blaf hy en klim uit.

Julia se oë volg hom terwyl hy om die motor loop, onseker of die blaf kwaai of net besorg bedoel is.

John klop aan haar venster. “Jy sal moet uitklim. Ons band het seergekry.”

Die uilbewegings van haar oë, maak vir Julia duiselig. “Kon ons nie maar ’n veiliger plek gesoek het om die band om te ruil nie?” En kyk hoe reën dit!

Geen reaksie van John nie. Op sy hurke betrag hy die pap band voor hom.

“Ek haal solank die spaarwiel vir ons af,” bied Julia aan. Dalk los dit die situasie vinniger op al weet sy nie of sy die spaarwiel se gewig sal kan hanteer nie. Dat sy steeds vir John wil beïndruk.  Anna sou weer vir haar ’n preek oor strong independent women gegee het.



Hoe meer sy die klein sleuteltjie in die spaarwiel se slot wikkel, hoe erger reën dit. Asof dit gesinchroniseer is. Na ’n hewige geruk en pluk breek die sleutel uiteindelik in die slot af.

“John!” Haar stem raak agter die gedreun van die donderweer weg.

“John!” gil sy weer.

John kom hande in die hare na die agterkant van die Fortuner. “As jou stem so benoud klink, weet ek sommer jy het kak aangejaag.” Sy neus kreukel soos ’n Pugg s’n.

“Ek het jou hulp nodig hier agter,” antwoord sy koel en kalm soos wat dokter Piet Brille haar geleer het. Die vars aandlug vul haar longe tot dit opgeblaas is soos ’n ballon. Voordat die ballon kan bars, blaas sy haar asem stadig uit.

Die kromming in John se rug terwyl hy sy pad na die spaarwiel vind, laat Julia geïrriteerd wegkyk. Die kromming is so eie aan hom dat sy sy buitelyne op enige plek sal uitken. Dit is een van die vele goed wat haar op hom verlief gemaak het.

“Ai, Vroumens, wat het ek gesê van as jy probeer help?” toe hy voor haar tot stilstand kom.

Simpel mansmens. Hy verwag seker ’n antwoord van haar, net soos wat jy ’n antwoord van ’n blerrie graad 2-kind sal verwag. “Ek moenie probeer help nie,” kom haar graad 2-stem doodonskuldig uit. Sy hou die vuur, wat sy saam met die woorde wil uitspoeg, terug. Haar ma het haar mooi geleer. Mans hou nie van viswywe nie. Anna aan die ander kant sou wou hê dat sy terug vuur spoeg.

“Nou maar presies.” Hy kyk nie eers vir haar nie, klaar doenig met die slot van die spaarwiel. Sy aura skiet behoorlik vonke uit.

Julia asem diep en stadig uit, die reëndruppels skoon vergete. Met genoeg lug in haar longe, staan sy nader en loer oor sy skouer. “Kom jy reg?”

John se oë is yskoud toe hy na haar kyk. Julia se voete beweeg vanself agteruit en kom eers tot stilstand toe ’n motor agter haar toet. Sy spring verskrik uit die pad uit.

“Staan eenkant toe!” beveel John.

Die motor ry nie verby nie, maar hy trek agter hulle Fortuner in.

Julia stap versigtig nader. Die reëndruppels verhoed dat sy die prentjie voor haar helder kan inneem. Al wat duidelik sigbaar is, is ’n vrou wat uit die wit bakkie struikel en iets wat soos bagasie lyk wat oral om haar val. Daarna trek die wit bakkie met skreeuende bande weg. Die lewe begin terugkom in Julia se bene en sy stap tot by die vrou.





John is soos blits aan haar sy. Ongelowig staar sy na die twee mense voor haar. Die einste John se blaf het verdwyn. In die plek van die suurpruim is daar nou ’n gul glimlaggende God’s gift to women. Sy kan dit nie glo nie!

“Kan ons dalk help?” vra hy.

Julia stap nader en sukkel om te sluk, vas oortuig dat haar man van sy sinne beroof is. “Jy laai nooit in jou lewe ’n ryloper op nie,” weerklink sy stem in haar gedagtes. Nee, hy is ver heen. Hulle verhouding is ver heen.

Die vrou probeer deur haar snikke praat. “Ek is jammer julle moes dit nou beleef. My man is ’n vark,”

Julia begin die deurmekaar hope bagasie bymekaar maak en help die fyn vroutjie op. Sy lyk skadeloos genoeg. Dit help nie sy haal haar frustrasies op haar uit nie.

“Kom klim in,” neem John oor nadat hy die band in ’n japtrap omgeruil het.

Nadat Julia in die motor geklim het, besef sy dat John nie met haar gepraat het nie, maar met die vrou om wie se skouers sy hande beskermend vou. Haar mond wil net oopgaan, toe die sterk parfuumreuk haar tref. “Moet veral nie vrouens oplaai nie. Hulle lyk verniet so onskuldig. Dit is gewoonlik net ’n lokval.” Dat sy nou John se prekies so woordeliks onthou!

“Ag, baie dankie. Julle red my nou,” kom dit dramaties vanaf die agtersitplek. Die vrou is wraggies in!

Wanneer laas het John aan haar gevat? Gmf. Julia som die vrou vinnig op; sy besef dat haar mond oophang. Lyk seker soos daardie opgeblaasde visse van haar skoonma. Een kyk is genoeg. Verleidelike skraal bene sit die agterspasie vol. Kry die vrou dan nie koud in hierdie weer nie? Haar hare is in ’n elegante vlegsel vasgemaak, sien Julia toe sy haar kop skeef draai. Haar hare vertoon blonderig in die dowwe lig van die motor se binneliggie. Waarom sal hierdie vrou summier langs die pad afgelaai word? Is haar man ook so judgy? Sy is dan maer, haar man behoort haar te aanvaar.

“Geen probleem nie,” antwoord die skielik vreemde man langs Julia. Is dit regtig John, haar eggenoot? En kyk wat doen hy nou? Hy dink dat sy nie sien hoe hy ’n handvol pynstillers sluk voordat hy stadig wegtrek nie.

“Hoeveel het jy al gedrink?” Ja, sy is nou skerp, maar sy het rede.

Al wat sy egter kry, is ’n skewe kyk.

“Dit is sterk pille,” herhaal sy háár rympie.

Geen reaksie.

“As jou kop pyn, moet jy net jou ontspanningsoefeninge doen. Jy weet wat het hierdie einste pille laas aan



jou gedoen.”

Stilte.

En toe praat die passasier weer! “Julle kan my sommer by die naaste vulstasie aflaai. As ek reg onthou, is dit net hier voor.”

Die lag borrel in Julia se keel. Skaars ’n paar minute in die motor en die vrou wil klaar uit. “Welcome to my world,” wil sy hardop sê.

“Ons kan jou busstop toe ook vat. Dit lyk of jy bagasie het,” bied John aan. Hierdie keer is dit sy stem wat van die heuning drup.

Mevrou ... of mejuffrou die passasier sit vorentoe. Julia sien nie ’n ring nie. Haar kop tussen die voorste twee sitplekke. “Ek wil nie vir julle moeite maak nie.”

Voordat John kans kan kry om terug te antwoord, praat Julia. “Dit is op die pad huis toe. Ons doen dit graag.” Veral as dit die pad korter gaan maak.

“Ek doen dit met liefde,” herhaal John.

Julia en die vrou kyk opsommend na mekaar. Iets aan die passasier se gelaatstrekke laat haar aan Anna dink. Anna wou nooit saam met hulle ry nie. Sy en John was gedurig in mekaar se hare. Dit was juis Anna wat haar oortuig het dat John nie vir altyd met haar vetrolletjies – soos wat sy dit genoem het – opgeskeep gaan sit nie.

“Julie,” verbreek die jong vrou die stilte.

Julia ruk haar kop om. Wat bedoel die vrou? Eers na ’n telling of drie besef Julia die vrou het haar eie naam gesê. Julie. Wat ’n toeval. Sy het net laas week die film *Julie and Julia* weer gekyk. Is dit die heelal se manier om vir haar ’n boodskap te stuur? “Julia,” sê Julia en glimlag onwillig.

Julia skakel die verwarmer aan. Aangesien John ’n gedaanteverwisseling ondergaan het, sal hy sekerlik nie ’n probleem hê as die motor warmer is vir sy pragtige passasier nie.

“Ek gaan aan die slaap raak,” blaf hy, harder as die vorige keer, vir haar. Hy skakel die verwarmer af.

Voordat Julia kan reageer, verander sy stem weer na ’n menslike wese s’n. “As jy koud kry daar agter, loer net langs jou. Daar behoort iewers ’n kombersie te wees.”

Julia se oog val eers op haar vreemde man en dan op Julie op die agtersitplek. Die bewerige trek om die vrou se mond bevestig dat sy ongemaklik is. Sy wat Julia is, gaan nou niks meer doen om die situasie minder ongemaklik te maak nie.





“Hoe lank is julle twee al getroud?” probeer die vrou minute later ’n geselsie aanknoop.

Selfs die kyk wat Julia in haar rigting stuur, sit haar nie af nie. Sy kyk afwagtend vir ’n antwoord, met ietwat van ’n desperaatheid in haar oë.

John sit stilswyend agter die stuurwiel, sy kop buig nog meer ongemaklik as vroeër teen die lae dak van die motor.

“Vyf jaar,” gee Julia in.

’n Kopknik kom van agter.

“Liefde is ’n wonderlike ding,” lag Julie gemaak-optimisties en vat-vat aan haar linker-pêreloorbel.

Dit is vandag presies vyf jaar, dink Julia. Haar troudag. Die aantrekkamer by die gastehuis se dekor is alles in pastelkleure. Haar ma met tasbare senuwees, staan kiertsregop agter haar.

“Ek kan dit nie doen nie, Ma,” bely Julia saggies.

“Jy kan nie nou kop uittrek nie, Julia. Alles is klaar betaal,” probeer haar ma haar kalm tot bedaring bring.

Julia hou aan om die pêrel-oorbelle in haar ore te draai. Dit is nog ouma Lien s’n. “Hy is nie lief vir my nie, Ma,” sê sy weer saggies en kyk haar ma reg in die oë. Amper smekend.

Haar ma laat haar skanse net vir ’n oomblik sak. Dan verander haar ysblou kykers weer in die koeligheid vanself. “’n Mens trou nie vir liefde nie, my kind. Jy werk daarvoor. Jy sal ook moet werk om jou lyfie terug te kry.”

Voordat Julia iets kan sê, draai haar ma om en loop met ’n reguit rug deurwaarts. Kort voor die deur draai sy egter om. “En, Julia, hou op om daai oorbelle so te draai. Dit gaan uitval.” Met daardie woorde los sy die bruid alleen in die kamer agter.

In plaas van om te huil en haar grimering op te mors, gryp Julia ’n sjokoladestafie wat Anna in haar grimeerkassie vir haar weggesteek het.

Helder ligte skyn in haar oë en dit reën harder. Terwyl John vinniger ry, maak hy keelskoon. “Die dag toe ek my groot liefde ontmoet het, het alles verander,” begin hy vertel sonder om vir iemand te kyk.

Julia draai ook met ’n kloppende hart na haar man. Dít wil sy hoor. Hy het haar die liefde van sy lewe genoem. Die passasier agter sit sommer meer vorentoe, so asof sy nou na ’n soetsappige storie gaan luister.

“Skaars twintig, maar ons het dadelik geweet ... Jy ontmoet net een so ’n persoon in jou hele lewe,” vertel



hy met ’n sagtheid in sy stem wat sy nog nooit gehoor het nie. Haar hart klop vinniger.

Selfs die radio se klank word sagter gesit, asof niks die heilige vertelling moet versteur nie.

“Haar lewenslus was onblusbaar en haar oë die ene vuur. Ons het hordes briewe aan mekaar geskryf,” vertel John teer.

“Was julle dan nie by mekaar nie?” vra Julie vir hulle albei.

John skud sy kop vinnig heen en weer. “Nee, sy het in die Kaap by ’n boekhouer gewerk en deeltyds studeer. Ek was hier in Johannesburg besig met my eie studies.” Julie sit so ver vorentoe dat sy maar net sowel voor tussen hulle kon sit, haar gesig die ene vraagtekens, maar vol meelewing. “Maar hoe het julle ontmoet?”

Met Julia wat fronsend toekyk, praat hy verder. “Vakansieromanse.”

Julia oorweeg dit om hom te korrigeer, maar dit lyk asof hy in ’n beswyming is. Hulle was g’n vakansieromanse nie. Hy het dinge nou agterstevoor.

“Die eerste aand het ons niks geslaap nie.” Hy glimlag wrang. “Ons het deurnag en oor alles onder die son gepraat.”

Julie sug gelate. “Dit is stories soos hierdie wat my sommer weer in die liefde laat glo.”

Die koue pla nie meer nie. Die hitte wat in Julia broei, skroei haar vel. Haar man se liefdevolle stem skroei haar ore. Vir so lank is sy gewoond aan die geblaf dat haar kop nie die vreemdeling langs haar se optrede kan registreer of verwerk nie. Wie de hel is die vrou van wie hy vertel? Haar kneukels word wit soos wat sy haar hande in vuiste saamklem.

“Ons albei het van voëlkyk gehou. Weet jy hoe moeilik is dit om iemand te kry wat dit ook waardeer?” borduur hy op sy vertelling voort.

Julia se gedagtes dwaal. John se stem word al hoe sagter. Sy dink terug aan die vorige Desembervakansie. Sy het uit haar pad uitgegaan om hulle huwelik te probeer red, al die pad see toe. En terug.

Die strandhuis was so te sê op die strand gewees. Soggens wanneer sy kaalvoet op die strand gaan stap het, het John nog geslaap. Hy het altyd die verskoning van ’n hoofpyn gehad. Met haar terugkoms by die huis was hy egter weg, weg na die naaste koffiewinkel of voëluitkykpunt waar hy na sy geliefde wilde voëls kon kyk.

Na daardie vakansie het sy by die sielkundige gaan aanklop. Dit was haar laaste uitweg. Mooi onderklere het nie gewerk nie. Dit het haar net vet laat voel.

Saam met vele mislukte reddingsboeie het haar laatnagvergrype aan kos begin. Sy het deur die resepte in die fliek *Julie & Julia* begin werk. Needless to say het die ekstra kilogramme aan haar heupe begin sit.



John het nooit maar nooit iets oor haar voorkoms gesê nie, maar een van sy kyke was genoeg om haar hart loodswaar te maak. Die kyke was onleesbaar.

Daardie vakansie was die maak of breek van hulle jong huwelik. Dit glo sy vas. Met die terugrit het die ongemaklike stiltes begin en meer uitgerek geraak. Hulle het eenmaal van die Kaap af op Johannesburg toe gery sonder om ’n enkele woord met mekaar te praat. As sy wou weet of daar fout is, het hy net beleef sy kop in ontkenning geskud. Uiters beleefd.

Die aparte slaapkamers het eers so twee maande gelede begin. Aan die begin het hy sy spierpyne as verskoning gebruik. Haar gerondrollery op die bed het dit glo vererger. Later het hy – op haar aandrang – sy klere ook na die ander kamer toe oorgeskuif. As hy in die ander kamer wou slaap, moes hy dit sommer ordentlik doen. Tot Maria, praat al van “meneer se kamer” en “madam se kamer”. Uile bly ook mos eintlik alleen. Net as dit broeiseisoen is, kan hulle twee-twee opgemerk word. Broeiseisoen sal nie eers vir haar oorreed om vir John terug in hulle slaapkamer te verwelkom nie.

Skoonma is juis hard aan die werk om vir John te oortuig dat hy vir haar ’n kleinkind moet gee. “Hoog tyd,” was die spesifieke woorde wat sy gebruik het.

Vreemd genoeg het al die foto’s wat nog ooit van Julia en John as paartjie geneem is, insluitend hulle troufoto’s, verdwyn. Ja, die huis is uitgeverf. John meen dat hy nog net nie tyd gehad het om al die foto’s terug te sit nie. Sy vermoed hy jok. Aan die einde van die vyf jaar huwelik is sy ’n boom wat al sy blare verloor het. Die helderkleuriges, die vreugdes. Die dowwes. Ja, selfs die somber emosies is weg. Al wat oor is, is sy. Nakend voor die aanslag van die noodlot.

“Wat is jou gunstelingvoël?” ruk Julie se stem vir Julia terug na die motor.

John en die ryloper se oë is op haar.

“’n Uil,” antwoord sy amper onhoorbaar met ’n stem wat rou is van emosie.

Julie se oë rek. “Myne ook!”

Stilte.

Julia besef dat net John saam glimlag.

Geïrriteerd hoor sy hoe Julie poog om haar by die gesprek te betrek. “Ek ken baie mense van die Kaap, dalk ken jy hulle ook.”

Julia skud haar kop. “Dit was jare terug.”

Julie frons goedig. “Ekskuus, maar ek het gehoor dat jou man sê dat hy altyd daar vir jou gaan kuier het.”



John swyg. Waarom help hy nie die blerrie vrou reg nie? Sy is nie die vrou van wie hy die heeltyd praat nie!

Die stilte rek in so ’n mate uit dat Julie blykbaar verplig voel om dit te verbreek. “Ek luister seker net nie.”

John se gesig het weer in ’n donderwolk verander. Weg is die sjarmante man wat van sy ware liefde vertel het.

Net Julie se oë beweeg van links na regs. Haar oë rus eers op Julia en dan op John.

Julia voel hoe haar stem deur haar bors skuur. “Ek haat voëlkyk. Nie net haat nie. Eintlik verpes ek dit.”

John se kake span styf. Steeds swyg hy soos die graf.

“John praat nie van my nie.” Julia se stem is nou net ’n fluistering.

Stilte, ’n baie lang stilte.

“Julia.” Iets soos smeking brand in sy oë.

“Moenie,” antwoord sy vinnig terug.

Julie sit vir die eerste keer tydens die rit agtertoe. “Nou is ek deurmekaar!”

Julia hoor niemand nie. “Ware liefde is skaars.”

John kyk vir die eerste keer tydens die rit na haar, al is dit net vlugtig. “Ware liefde is vrygewig.”

’n Kranksinnige lag ontsnap oor Julia se lippe. “Jy ken nie die woord vrygewig nie!”

Die man waarop sy jare terug verlief geword het, kyk weer na haar. Hy lyk nie ’n dag ouer as die aand wat sy hom in die kerk ontmoet het nie.

“Ons huwelik en vrygewigheid gaan nie hand aan hand nie,” antwoord hy koud.

John is reg. Na hulle troue het al twee suiniger geword. Sy met haar liefde en hy met sy tyd.

“Julle kan my sommer hier voor aflaai, asseblief,” herinner die ryloper, skielik haastig om uit die motor te kom.

“Nee nee, ons laai jou af waar ons gesê het ons gaan,” sê John plegtig. Hy draai na Julia. “Is jy nou stil? Het jy vir die eerste keer niks vir jouself te sê nie?”

Julia reageer nie op sy woorde nie, sy trek net haar baadjie stywer om haar lyf. Sy skakel die verwarmer weer aan.





Amper dadelik ruk John se hand op om dit weer af te skakel.

Julia laat haar nie afskrik nie. Sy skakel dit weer aan.

Iets aan haar houding waarsku vir John om dit nie weer af te skakel nie. Terwyl hy strak voor hom uitstaar, verminder hy spoed.

“Baie dankie dat ek saam kon ry,” sê Julie en begin haar hope sakke bymekaar maak toe die vulstasie binne sig kom.

“Ek het dit met liefde gedoen,” sê John en glimlag.

Nadat die motor tot stilstand gekom het, kan Julie nie vinnig genoeg uitklim nie. Sy huiwer egter by John se oop venster.

“Julle het nie dalk ’n paar los sente nie?” vra sy skamerig. “My beursie is nog in die motor.”

John gryp sy beursie tussen die sitplekke. Julia sien hoe hy sy laaste twintigrandnoot uithaal en in die vrou se hand stop. Julie loop weg.

Het hy nie dan vroeër by die parkeerarea van die winkelsentrum waar hulle die fliek gekyk het vir die motorwag gesê dat hy nie geld het nie? Dwing hy dan nie vir haar wat Julia is om elke dag al haar los kleingeld in ’n spaarbussie te sit nie?

“Wag!” Julia spring uit en hardloop vir Julie agterna.

Julie draai fronsend om. Haar gesig is die ene onbegrip terwyl Julia naderkom.

Die twee vrouens staan teenoor mekaar. Vir eers sê nie een ’n woord nie.

Eers toe Julia die swart maskara op haar hande opmerk, besef sy dat sy haar oë gevryf het. Sy hou egter aan vryf. Is dit haarself wat sy sien? Net as haar oë in fokus kom, sien sy vir Julie vir wie sy regtig is. ’n Aantreklike jong medereisiger wat langs die pad afgelaai is.

“Is alles reg?” vra Julie.

Die trane loop oor Julia se wange. “Alles is reg.” Sy tree nader en omhels vir Julie.

Die hitte van Julie se hande slaan deur op Julia se rug. Sy vryf en vryf asof Julia ’n baba is wat getroos moet word.

Nadat die ergste snikke bedaar het, staan Julia terug. ’n Paar oomblikke later omhels sy egter weer vir Julie en plant spontaan soene op haar voorkop.



“Het jy geweet dat uilwyfies makliker as die mannetjies koue kan weerstaan?” vra Julia tussen die trane deur. Mannetjies trek vinniger na ander dele. Die wyfies bly. Sal sy by John bly en wag dat hy wegtrek?

Voordat Julie kan reageer, vervolg Julia. “Jy sal deur jou stryd kom ... Ek ook.”

Julie se verbasing is nog duidelik terwyl Julia doodluiters met die reëndruppels wat al hoe harder begin val na die motor toe terugloop.

“Wat het ek so pas gesien? Kan jy dit asseblief vir my verduidelik?” vra John die oomblik toe sy terug in die motor klim, sy oë die ene vraagtekens.

Sy ignoreer hom bot. Sy is definitief nie aan hom ’n antwoord verskuldig nie. Die man kon mos sien wat gebeur het. Hy is nie blind nie. Haar koppie is besig om haar te los. Finaal te los.

Binne die motor hou sy haar veiligheidsgordel los. Vir te lank het sy binne die reëls gehou, tussen die lyne ingekleur. John moet dit nou net waag om iets oor haar los veiligheidsgordel te sê.

Volgende op die lys is haar jean se boonste knoop. Die hele verdomde aand moes sy haar maag ingetrek hou. Veral na die groot boks springmielies en Coke. Haar hele huwelik deur moes sy haar maag en asem ingetrek hou. Nie meer nie. Die eerste asem wat sy intrek met die oop knoop voel soos dié wat bandiete op hul vrylatingsdag inasem.

Laaste op haar lys is haar stewels. John het altyd ’n ding teen kaal voete en die manier hoe sy in ’n motor sit gehad. “Jy trek nie jou skoene voor mense uit nie,” was sy woorde. Selfs nie voor jou familie nie. “Sit tog net ordentlik,” sou hy haar toesnou wanneer sy haar bene teen haar lyf optrek op die passasiersitplek. Dit was haar gunsteling-sitposisie toe sy nog nie soveel vetjies gehad het nie. Ja, hy het al vir haar vertel dat sy haar bene kan breek indien hulle in ’n ongeluk sou kom. Anna het altyd gesê dat John net van beheer hou. Dit moet die beheervraat in hom wees.

Haar linkerstewel is eerste uit. Kort daarna haar regterkantste een. Met effense moeite trek Julia haar bene teen die sitplek op. Na nóg moeite kruis sy dit. Sy kry nie meer koud nie. Die rillings en hartkloppings is iets van die verlede. Sy voel soos ’n uil wat met sy opgepofte vere die koue uiteindelik kan trotseer.

Die laaste ent huis toe verloop in stilte. John se mond beweeg, maar sy hoor nie ’n enkele woord nie. Voor hulle motorhuis klim Julia uit en weet dat dit moontlik hulle laaste motorrit saam was. Sy maak die motordeur toe en loop met ’n regop rug, soos wat haar ma haar geleer het, die huis binne.

Heelwat later stuur sy vir dokter Piet Brille ’n SMS. “Die asemhalingsoefeninge help fokkol.”

*

John maak die hoofslaapkamerdeur versigtig oop. Dit is eintlik verbode terrein. Hy loer om die deurkosyn.





Julia slaap al. Haar rug is na die deur gedraai. Hoe de hel kan sy slaap na dít wat vanaand gebeur het? Hyself loop al vir die afgelope uur of twee heen en weer in die sitkamer. Alles van hom bewe. Net Julia, en haar totale minagting vir wat hy dink, kon dit nog altyd regkry.

Hy maak die deur saggies agter hom toe. Spekkies, die worshond, moet nie dit wat hy nou wil doen, kom opmors of onderbreek nie. By die kant van die bed, trek hy die deken stadig van Julia se skouer af weg. Haar vinnige asemhaling verraai dat sy nie regtig slaap nie. Sal sy toegee?

Hy plant ’n ligte soen in haar nek. Sy beweeg.

“John,” keer sy en stoot hom bruusk weg.

Hy het te ver gekom om nou te stop. Deurdruk. Voordat sy nog iets kan sê, klim hy agter haar in die bed in. Dan voel hy oomblikke later die koue harde vloer onder sy boude. Die vroumens het hom uit die bed gegooi! Met die opstaan skakel hy die bedlampie aan, net om enige ander moontlike houe ten minste te kan sien kom.

Julia se oë trek skrefies teen die skerp lig. Haar hande klem die deken krampagtig teen haar bors vas. Sy vermoede word bevestig. Sy slaap steeds kaal soos altyd. Selfs al is dit winter.

“Wat maak jy? Jy kan nie net hier inkom en ...”

John lag. Die lag borrel letterlik by sy keel uit.

Julia kyk verstar na hom. Toe haar mond ’n sweempie van ’n glimlag vorm, wil John amper begin huil.

“Vanaand was jy die Julia van ouds. Die vrou wat nie omgee wat enige iemand van haar dink nie.”

Julia kyk weg. “Wie was die vrou van wie jy gepraat het?” Haar glimlag is weg.

John skuif nader en vat aan haar kaal wit bobeen wat vol hoendervleis uitgeslaan is. “Ek het van jou gepraat. Die persoon wie jy was voordat jou selfbeeld in sy moer in gegaan het.”

Julia frons. “So ek is die liefde van jou lewe?”

John knik.

“Hoekom is jy altyd so lelik met my? My ma het my gewaarsku dat jy so gaan raak. Is dit my lyf?”

“Jy is so vasgevang in jou eet-en-gewig-wêreld. Dit raak frustrerend.”

Julia snork-lag. “Weet jy hoe dit voel om die afkeer in jou oë te sien wanneer jy na hierdie lyf kyk?”

John se gedagtes werk oortyd. Dink Julia hy verpes haar vetrolletjies? “Nee!”



Julia trek die deken tot onder haar ken.

“Ek het ’n moerse afkeer in die feit dat jy skelm eet en hoe jy jouself sien!”

Julia se mond val oop. “Maar ...”

John maak haar stil met ’n soen op die mond. Hy kan die sjokolade proe wat sy seker moes geëet het net voordat sy in die bed geklim het. Hy soen haar dringender. Dit werk, besef hy toe sy die deken laat sak. Haar kaal borste wat teen hom druk, is soos olie op die reeds brandende vuur binne hom. Hy laat sak sy mond tot by die kuiltjies in haar nek.

“Wag,” keer sy en skakel die bedlampie af.

“Nee, vanaand bly hy aan.” John sit weer die bedlampie aan.

Hy laat sy oë skaamteloos oor haar lyf beweeg. Vanaf die twee groot punte op haar borste wat regop staan tot by haar naeltjie wat gedeeltelik agter ’n klein vetrolletjie verdwyn. Toe sy oë nog verder af beweeg, versprei daar ’n intense warmte deur hom.

Heelwat later, na vele uitroepe, hoor hy die uil wat in hulle agtertuin bly, ook roep. Die uil en sy voorbodes kan nou maar ’n ander huis gaan soek.





# DOLOS

www.ufs.ac.za